University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

DIE HEILIGE GEES AS KOSMIES-ESKATOLOGIESE GAWE - 'n EKSEGETIES-DOGMATIESE STUDIE

deur

CASPARUS JOHANNES ADAM VOS

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad Doctor Divinitatis in die Fakulteit Teologie, Afdeling B (Nederduitse Gereformeerde Kerk)

Universiteit van Pretoria

PRETORIA

MEI 1984.

PROMOTOR: PROF. J.A. HEYNS

MEDE-PROMOTOR: PROF. W.S. PRINSLOO

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

'N KLEIN WOORD VAN GROOT DANK.

Aan die einde van my formele weg van teologiese studie, wil ek soos die son wat in die skemer in die stof kniel, my lof dankbaar aan God drie-enig laat glinster. Hý het my na dié pad geroep en op die pad uit genade geseën.

Ek wil my opregte dank betuig aan my ouers wat my God se weg geleer en gewys het.

Daar is verskeie akademiese leermeesters wat my op my teologiese pad help vorm het. Ek dink met opregte waardering aan hulle invloed. Daarom wil ek die volgende professore dankbaar in herinnering roep: professore E.P. Groenewald, A.H. van Zyl, C.W.H. Boshoff, B.J. Marais asook wyle professore A.B. du Preez en H.D.A. du Toit. Onder hulle leiding het ek die blink horisonne van die teologie leer bewonder.

Dit was veral onder prof. J.A. Heyns se meester-skap dat ek die ryk teologiese wêreld kon leer verken. As ruim-hartige mens en hooggeagte dogmatikus het hy vir my onge-kende teologiese beweegruimte geskep. Op 'n nou-keur-ige wyse het hy my in die gestaltegewing van my proefskrif begelei. Geagte Promotor, ek sou dié pad nie sonder u wou loop nie!

Dit was 'n heerlike voorreg om prof. W.S. Prinsloo as mede-promotor te kon hê. Sy hartlikheid en akademiese vernuftigheid was vir my be-teken-is-vol Ek beskou dit as 'n eer en voorreg dat twee sulke voortreflike dogmatici soos proff. W.D. Jonker en C.J. Wethmar as beoordelaars by die eind-punt van my proefskrif kan staan.

Die kerkraad van die Ned. Geref. gemeente Krokodilrivier het by wyse van verlofvoorsiening, my in staat gestel om my doktorale eksamens te kon aflê. Daarom wil ek my opregte dank bevestig. Die ruimte van verlof, vriendskap en meelewing wat die kerkraad van die Ned. Geref. gemeente Suidoos-Pretoria met die oog op die voltooiing van my proefskrif geskep het, het by my 'n blywende deernis en waardering gevestig.

Mej. A.D. Heckroodt het my pad in die Merensky-biblioteek van die Universiteit van Pretoria tussen die boeke deur veilig en begaanbaar gemaak.

Mnr. Andries de Beer het onderneem om die opsomming van die proefskrif in Engels te vertaal. Hy het uitmuntend daarin geslaag om dogmatiek Engels te laat praat.

Mev. Harriet Goedhart se vriendelikheid en bedagsaamheid, het my altyd verbly. Haar tikvaardigheid is merkwaardig. Die proefskrif is hiervan 'n monumentale bewys.

Ek wil met waardering melding maak van vriende en familie se belangstelling in my akademiese vordering.

Van Eck en Susan Olivier, my swaer en suster, se daadwerklike hulpverlening en meelewing word hoog op prys gestel.

My vrou, my hulp, my gelyke! Die leef- en liefdesruimte wat my vrou, Lida, vir my geskep het tydens my studie (en dit is al van ons troue af!), het die pad louter vreugde gemaak. Ek is ook saam met ons seuns, Stefan en Johan, bly oor die voltooiing van 'n weg.

Aan God drie-enig al die eer. "Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge . Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid! Amen"(Rom. 11:36).

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

Die swart turf ruik na wit sterre
wat in die lente liggies reën.
Gees van God, seën die baar aarde
as die saad in haar skoot bewe.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

INHOUD

HOOFSTUK 1

METODOLOGIESE VERANTWOORDING

1.1 PNEUMATOLOGIESE AKTUALITEIT 1
1.2 PNEUMATOLOGIESE ONTKLEMMING 10
1.3 PNEUMATOLOGIESE ONTDEKKING 34
1.4 KOSMIES-ESKATOLOGIESE PNEUMATOLOGIE 35

VOETNOTE - HOOFSTUK 1 39

HOOFSTUK 2

DIE RÛAH VAN GOD AS GAWE MET DIE OOG OP DIE KOSMIESE HERSKEPPINGSGEBEURE

2.1 DIE RÛAH EN DIE SKEPPING VAN DIE KOSMOS 76
2.2 DIE RÛAH EN DIE MESSIAS/^{C}AEBAED 83
2.3 DIE RÛAH EN DIE HERSKEPPING VAN GOD SE VOLK 95
2.4 DIE RÛAH EN DIE HERSKEPPING VAN DIE SKEPPING 101
2.5 'n UITSIG OP DIE PNEUMATOLOGIE VANUIT DIE OU TESTAMENT? 105

VOETNOTE - HOOFSTUK 2 109

HOOFSTUK 3

DIE HEILIGE GEES AS GAWE AAN CHRISTUS

3.1 DIE PNEUMATOLOGIE EN DIE CHRISTOLOGIE 140
3.2 DIE SEUN AS SKEPPING VAN DIE HEILIGE GEES 142
3.3 JESUS SE DOOP EN GEES-TELIKE TOERUSTING 147
3.4 DIE REALISERING VAN GOD SE KONINGSHEERSKAPPY 153
3.5 DIE KRUISGEBEURE 164
3.6 DIE OPSTANDINGSGEBEURE 166

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

VOETNOTE - HOOFSTUK 3 176

HOOFSTUK 4

DIE HEILIGE GEES AS GAWE VAN GOD MET DIE OOG OP DIE KOSMIESE VOLTOOIING

4.1 DIE CHRISTOLOGIE EN DIE PNEUMATOLOGIE 220
4.2 DIE HEILIGE GEES AS TEKEN VAN DIE TOEKOMS 247
4.3 DIE HEILIGE GEES AS TEKEN VAN DIE SKEPSEL SE TOEKOMS 262

4.3.1 Die wedergeboorte as gawe van die Heilige Gees 262
4.3.2 Die tekens van 'n voorlopige hede 282
4.3.3 Die inwoning van die Gees as 'n Teken met die oog op die toekoms 286

4.4 DIE HEILIGE GEES AS TEKEN VAN DIE SKEPPING SE TOEKOMS 291
4.5 DIE HEILIGE GEES AS KOSMIES-ESKATOLOGIESE GAWE MET DIE OOG OP JESUS CHRISTUS SE TOEKOMS 293

VOETNOTE - HOOFSTUK 4 297

OPSOMMING 378

SUMMARY 381

LITERATUURLYS 384

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

HOOFSTUK 1

METODOLOGIESE VERANTWOORDING

1.1 PNEUMATOLOGIESE AKTUALITEIT

Daar kan sonder vrees vir 'n oorwoë teëspraak van 'n Pneumatologiese hoogbloei in veral die tweede helfte van die 20ste eeu gepraat word.[1] Met reg wys Blaser daarop dat hierdie feitlike posisie nie as 'n nuwe ontdekking nie, maar as 'n herontdekking aangemerk moet word.[2] Die term herontdekking slaan 'n brug in twee rigtings. Die woord *her*ontdekking is 'n brug na die verlede. Die feit en die winste van die Pneumatologiese worsteling in die geskiedenis van die teologie, moet in die hede erken en benut word.[3] Die woordomskrywing her*ontdekking* is ook 'n brug vir die hede met die oog op die toekoms. In die hede, met gebruikmaking van die eksegetiese fondse, moet die dogmatiek die Pneumatologie steeds ont-dek.[4]

Die vraag is egter watter redes 'n bydrae tot die Pneumatologiese opbloei gelewer het. By wyse van toeligting kan 'n paar redes aangestip word:

1.1.1 Die term "Geist(es)vergessenheit" het 'n sambreelbegrip geword om die Pneumatologiese verlede te beskryf. Op voetspoor van Martin Heidegger se spreke van die "Seinsvergessenheit" in die filosofie, is dié term op die teologiese spreektaal oorgedra.[5] Die tipering van die Pneumatologiese verlede as "Geist(es)vergessenheit" kan egter nie ongekwalifiseerd onderskryf word nie.[6] Die Pneumatologiese worsteling het in die loop van die geskiedenis van die teologie sy wortels diep in 'n groot aantal dogmatiese leerstukke ingeslaan.[7] Met goeie reg sou daar van 'n verwaarlosing van sekere aspekte van die Pneumato-

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

logie sprake kon wees.[8] Wanneer daar van verwaarlosing sprake is, mag die inbedding van die Pneumatologie in die teologiese en kerklike strukture nie uit die oog verloor word nie.[9] In die eietydse teologiese bedryf kan daar van 'n verbreding van die Pneumatologiese aanpak gepraat word wat as uitbouing van die verskraalde Pneumatologie dien.[10]

1.1.2 Die Pneumatologiese boom wat in ons dag hoog in die bot staan, het sy historiese wortels diep in verskeie geestesinstellings ingeslaan. Die Pneumatologiese vrug kan nie sonder sy historiese verworteling verstaan (en gesmaak) word nie. Verskeie geestesinstellings het die Pneumatologiese wortels gevoed, maar die voeding het nie altyd 'n blywende vrug meegebring nie. In baie gevalle is daar by die kerk 'n weerstand teen dié oeste opgemerk. Sekere geestesstrominge het 'n Pneumatologiese stroomversnelling meegebring, maar die stroom was soms so onbeheersd dat die kerk die bewegings as oorstromings ervaar en as kettery gekanoniseer het.

By wyse van toeligting word daar net na enkele opvallende en deurslaggewende geestesstrominge verwys wat in die kerk Pneumatologiese rimpelinge veroorsaak het. In ongeveer 175 het Montanus die kerk geskok met die uitspraak: "Ek is die Vader, die Woord en die Parakleet".[11] Hiermee het, volgens hom, drie bedelings saamgehang wat met die drie Persone van die Triniteit ooreengestem het. Die laaste bedeling het met sy koms gekom. Die Parakleet was hier! Volgens die evangelis Johannes was dit die taak van die Parakleet om die Christusvolgelinge in die hele waarheid te lei (Joh. 16:13). Die beweging het as die "Nuwe profesie" bekend gestaan.[12] In dié beweging was daar dan ook 'n teruggryp na die Geesteservaringe van die Vroeë Kerk.[13] Hierdeur is daar 'n ruimte geskep vir die aanspraak dat die gawes van profesie, ekstase en die spreek in tale in sy eie kring ervaar is.[14] Die beweging

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

wou nie net die Geesteservaringe van die Vroeë Kerk aktualiseer nie, maar die Geesteswerking in die hede moes die geopenbaarde waarheid wat die apostels verwoord het, verder deurlig en vervolmaak.[15] Hiertoe was Montanus die gesagvolle Parakleet. Sonder vrees vir enige teenstem kan gestel word dat die waarheid op die wyse van Montanus kwalitatief en kwantitatief moes groei.[16] 'n Nuwe ongehoorde openbaring van die waarheid was uit die aard van die saak nie uitgesluit nie, maar noodwendig ingesluit in sy leer.

Die gevaar was wesenlik dat die "ou" openbaring in die skadu van die "nuwe" te staan sou kom en in die gange van die geskiedenis sou verouder. Dit was ook nie denkbeeldig dat die evaring van die nuwe waarheid nie in die Skrifgeworde openbaring ingebed is nie. Sodoende word die werksaamheid van die Heilige Gees geheel en al losgemaak van die Skrifwoord.[17] Die Gees is ook nie meer die Gees van Christus nie, maar die Gees sonder Christus.[18] In die leer van Montanus skuil daar ook die gevaar dat sekere Geestesgawes tot voorwaarde en norm van Christenwees verhef word.[19]

Joachim van Floris is in 1133 gebore. Hy is vereer om sy vroomheid en sy visionêre profesieë.[20] Hy het 'n diepgaande invloed op sy tyd uitgeoefen.[21] Sy invloed leef ook nog sterk in ons tyd na.[22] 'n Eskatologiese spanning laat sy werk tot by die wande tril.[23] Die geskiedenis is deur hom volgens 'n trinitariese grondpatroon ingedeel. Hy praat daarom van die tydperk van die ryk van die Vader, die tydperk van die ryk van die Seun en die tydperk van die ryk van die Heilige Gees.[24] Volgens Moltmann het dit vir Joachim nie om drie geïsoleerde ryke gegaan nie. "Natürlich sind der Geist und der Sohn vom Reich des Vaters sowenig ausgeschlossen wie der Vater vom Reich des Sohnes und des Geistes".[25] Moltmann verduidelik die gestaltegewing van die drie ryke soos volg: die

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

eerste vorm van die ryk is die ryk van die Vader. Dit is die skepping en onderhouding van die wêreld. In hierdie gestalte van die ryk heers God deur sy mag en voorsiening oor alle dinge en mense. Die tweede vorm van die ryk is die ryk van die Seun. Dit is die verlossing van die sonde waardeur God deur die verkondiging van die evangelie en die verlening van die sakramente aan die kerk, heers. Die derde vorm van die ryk is die ryk van die Gees. Dit is die wedergeboorte van die mense deur die krag van die Gees. Dit bring die intelligentia spiritualis mee. In hierdie ryk heers God deur die onmiddellike openbaring en kennis. Die lewensvorm van die ryk van die Gees is die charismatiese wyse. Die ryk van vryheid kom slegs deur die ryk van die Gees tot stand.[26] Moltmann is van oordeel dat dit in Joachim se Triniteitsleer om "die Darstellung der qualitativen *Übergänge*" gaan.[27] Dit beteken dat dit "so wie das *Reich* des Vaters und das Reich des Sohnes zum Reich des Geistes drängen, um in ihm zu vollenden, so drängt die *Freiheit* des Menschen in der Geschichte vorwärts zu ihrem eigenen Reich: aus *Gottesknechtschaft* will *Gotteskindschaft* und aus Gotteskindschaft soll *Gottesfreundschaft* werden. Dies sind Stufen der Freiheit im Gottesverhältnis".[28] Ten spyte van die konstatering van "die kwalitatiewe oorgange", deel Moltmann nie Joachim se "modalistischen Versuch, die Geschichte des Reiches chronologisch in drei aufeinander folgende Zeitalter einzuteilen" nie.[29]

Joachim ontkom dus nie aan die feit dat hy die drie ryke chronologies orden nie. Schweizer wys daarop dat Joachim die Ou-Testamentiese tydvak as dié van die Vader, die Nuwe Testament as dié van die Seun en die tydperk van die monnike as dié van die Gees aanmerk.[30] Dit gaan steeds om die een ryk van God drie-enig wat heilshistories ontvou word. Die Vader, die Seun en die Heilige Gees bou voortdurend aan die één ryk. In die lig hiervan is daar altyd 'n Paterologiese, Christologiese en Pneumatologiese

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

inspeling op die een ryk van God. Die grondstelling van Joachim dat die Gees in die ryk van die Gees deur onmiddellike openbaring heers, skep ruimte vir openbaring deur die Gees sonder die Woord. Die Woord word tot 'n geslote openbaring in die verlede, terwyl die Gees die openbaring vir die hede en die toekoms open.[31] Grenslose subjektiwisme kom aan die orde. Daar word ook op voetspoor van Joachim aan die Geestesgawes 'n *heils*betekenis toegeken. Die uitreiking na die ryk van heerlikheid het ook aan die Pneumatologie sosiaal-rewolusionêre impulse gegee.[32]

Uit die voorafgaande voorbeelde kan besluit word dat die gevaar van 'n Pneumatologiese verduistering by die sogenaamde "geestesdrywers" helder oordag aan die orde was. Daarom is dit ook nie vreemd nie dat die geestesinstellings van die "geestesdrywers" telkens op gespanne voet met die kerklike teologie te staan gekom en op 'n radikale skeiding van weë uitgeloop het.[33]

1.1.3 Die Pneumatologiese opbloei kan ook aan kontemporêre faktore toegeskryf word. Elke tydsgewrig is nie maar net 'n logiese voortvloeiing van 'n vorige tydvak nie. Daar is 'n invloeiing van eietydse strominge op elke tydstroom. Pneumatologies gesien is die Pneumatologiese stroomversnelling óók toe te skryf aan 'n reaksie teen die mag van die ratio. Sedert die Aufklärung oor Kant en die Liberale Teologie van die 19de eeu tot in die 20ste eeu, het die ratio 'n besondere aanslag op die teologie gemaak.[34] Wanneer die dogmatiek hom toespits op die verkenning, interpretasie en ordening van die Skrifboodskap, is sy rasionele inslag onloënbaar. Die dogmatiek staan weliswaar nie in diens van 'n sacrificium intellectus nie, maar die Skrifopenbaring kom nogtans deur die tregter van die ratio om aanspraak op die ratio én al die ander fasette van menswees te maak. Die ratio is daarom nie 'n sif wat die Skrifboodskap soos koring uitwan nie. In die dogmatiek mag die ratio derhalwe nie as

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

normatiewe prinsiep funksioneer nie, maar slegs as reseptiewe, ordenings- en interpretasieprinsiep. Wanneer die ratio die stuurman van die teologiese skip word, beland die teologie in die vaarwaters van die rasionalisme en hou dit op om teologie te wees.

Dit is egter van die allergrootste belang om helderheid oor die begrip *ervaring* te verkry. Moltmann laat homself soos volg oor die begrip *ervaring* uit: "Unter *Erfahrung* versteht der neuzeitliche Mensch Wahrnehmungen, die er *selbst* wiederholen und nachprüfen kann, die ferner ihn *selbst* betreffen, weil sie sich in einer Veränderung seiner *selbst* niederschlagen, die also auf seine Subjektivität bezogen sind."[35] Onder ervaring kan ook die *belewing van* en die *inlewing op* die werklikheid verstaan word. Teologies verstaan, is die Godservaring die menslike belewing van die werklikheid van God en die inlewing op sy werklikheid. Die werklikheid van God word beleef wanneer die heil van God deur die geloof toegeëien word.[36] Die inlewing op die werklikheid van God vind plaas wanneer die gelowige uit die heil van God begin leef. Wanneer God heil aan die mens uitdeel, word die mens in sý bedeling opgeneem en meegeneem. Met reg onderskei Dilschneider tussen die dinamiese en die Christologies-personale Geestesaspek.[37] Die twee strukture staan in 'n komplementêre verhouding tot mekaar.[38] Die dinamiese aspek van die Gees se werk fokus op die kragwerking van die Gees. Dit wys op sy inbraak en deurbraak in mense se lewens én in die geskiedenis.[39] Die personale aspek van sy werk dui daarop dat die Geestesontmoeting ook 'n Godsontmoeting is. Die Geesteservaring word nie deur die menslike subjek begrond of bepaal nie, maar deur die Godsontmoeting. Die Gees skep die Godsontmoeting deurdat Hy die mens herskep.[40]

G.P. Hartvelt wys met reg daarop dat die Westerse kultuur as reaksie teen die eensydige rasionalisme sedert die

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

Aufkläring deur 'n ervaringsdrif beheers word wat ook in die religieuse lewe sy neerslag vind.[41] Die teologie dring kragtens sy aard daarop aan om nie net verstaan te word nie, maar om ook ervaar te word. Hiertoe skep die Pneumatologie opwindende moontlikhede. Met die skeiding van die ratio en die affectus wat sedert die skolastiek in die teologiese teksboeke afgedruk is, moet daarom in die ban gedoen word.[42]

En tog kan die betekenis van die ervaring oorspan word met die gevolg dat dit 'n Pneumatologiese spanning meebring. Sekere ervaringsmatige aksente waarop 'n bepaalde aanslag van die Charismatiese Beweging klem lê, is hiervan verteenwoordigend. Die neo-Pentekostalisme of Charismatiese Beweging het sedert die sestigerjare 'n nuwe klem op die "era van die Gees" kom lê.[43] "Hierdie beweging word gevorm deur lidmate wat die pentekostalistiese ervarings gehad het, maar uit oortuiging binne die bestaande kerke bly en die Pinksterbeweging sien en propageer as 'n middel vir 'n betekenisvolle verlewendiging en reformasie van die bestaande kerke."[44] Die beweging het nie net kerke met 'n Gereformeerde belydenis betrek nie,[45] maar ook die Rooms-Katolieke kerk.[46]

Met reg kan beweer word dat die Charismatiese Beweging 'n reaksie teen die intellektualisme en die daaruit voortvloeiende formalisme in die teologie en die kerk representeer.[47] In dié Beweging word daar ook 'n reaksie beluister teen die lokalisering van die Heilige Gees in kerklike institute en dogmas.[48] Dit is dus te begrype waarom die Charismatiewe Beweging die Geeste*servaring* so hoog aanslaan.[49] Die Beweging lê klem op die feit "dat de relatie met God in Christus dieper indringt, radicaler naar binnen slaat, dan dat in het tradionele christelijke leven het geval is. En dat wij daarbij dan niet bang zijn, dat het ook onze emoties in beslag neemt. Daarbij wordt dan de glossolalie gezien als een dankbaar aanvaard

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

teken, dat het doordringt tot in de onbewuste lagen van ons bestaan."[50]

Die relasie met God in Christus word innig ervaar in die glossolalie. Die glossolalie word egter nie tot die innerlike lewe begrens nie, daarom slaan dit ook uit na buite.[51] Die relasie met God word veral ook na buite beleef deur die profesie.[52] Die genesing deur gebed word ook beleef as 'n manifestasie van die verhouding met God.[53] Die Geestesdoop funksioneer soms as 'n tweede Geestelike ervaring. Die bekering bring slegs die redding terwyl die doop met of in die Heilige Gees "das Erfülltsein mit dem Geiste verliehen; wir würden damit Glieder am Leib Christi".[54]

Die feit van die godsdienstige ervaring as religieuse fenomeen val buite diskussie.[55] Waarom dit gaan is die vraag na die betekenis en beoordeling van die religieuse ervaring.[56] Die ervaring mag nooit die geloof vervang, daarmee vermeng word of selfs 'n beslissingskarakter kry nie.[57] Wanneer die ervaring tot norm vir die heil verhef word, staan ons voor die deur van 'n individualistiese subjektiwiteit.[58] Die ervaring mag nooit 'n kreatiewe funksie verkry nie. Die ervaring is reseptief van aard omdat die heil teen en in die menslike ervaring ingaan en die mens tot *heilsbelewing* meevoer. As die ervaring die heil konstitueer, kan dit gebeur dat sekere Geestesgawes ervaringsvoorwaardes vir die ontvang van die heil word. Dit bring dan verder mee dat Christus en die Heilige Gees op só 'n wyse van mekaar losgemaak word dat die Christus-gebeure gehistoriseer word en die "era van die Gees", die era van die Seun vervang.[59]

1.1.4 Descartes se tweedeling van die syn in res cogitans en res extensa het die ontologiese synsordening met sy monargie van die hoogste substansie sinloos gemaak.[60] "Nicht eine höchste Substanz, sondern das menschliche

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

Subjek ist Bezugs- und Mittelpunkt dieser Welt."[61] Daar is geen hoëre werklikheid wat die mens se ervarings- en bewussynsruimte omsluit nie. "*Er selbst* ist es, der sich die Wirklichkeit erschliesst".[62] Die tegnokrasie het geen beskeie bydrae gelewer om die kosmos te ontmitologiseer, te ontsakraliseer en te ontgoddelik nie. Die wêreld is as terrein van die outonome mens verklaar. In die geskiedenis van die teologie het hierdie geestesstrominge óók ingespoel. Daarom verklaar Mühlen met reg: "Die klassiche protestantische Spiritualität ist und war in Gefahr, die Welt als Welt nicht ernst zu nehmen, und die klassische katholische Spiritualität hat dem gegenüber alles Welthafte Herrlichkeit zu einem inneren Moment der Kirche Christi gemacht. Das zweite vatikanische Konzil hat diese Haltung ausdrücklich und eigentlich erstmalig als falscher Triumphalismus erkannt ..."[63] Daar kan saam met Mühlen besluit word: "Der protestantische Versuch einer Negation oder dialektischen Abwertung der Welt als Welt und der traditionelle katholische Versuch einer ebenso undialektischen und unreflektierten Hineinnahme der Welt als Welt in der Kirche sind heute epochal an ihr Ende gekommen."[64] Daar kan met stelligheid beweer word dat die mens en die wêreld in die teologiese besinning 'n sentrale plek inneem.[65] Die mens en die wêreld is tog die heerskapsgebied van God.[66] Daarom is mens en wêreld op mekaar en op God aangewys. Die Godsbetrokkenheid van mens en wêreld het sy grond in God se skeppingsdaad. Die skeppingsdaad bring mee dat die mens 'n geskiedenismakende wese geword het. Die werklikheid het daardeur "zur geschichtlichen Welt des Menschen geworden."[67] God het die mens ook tot heerskap oor die wêreld geroep (Gen. 1:27 e.v.). Daar kan daarom van 'n wedersydse antropologiese en kosmologiese inspeling gepraat word. Want die skepping is die mens se leef- en speelruimte.

En tog lyk die skepping aan ernstige *uitputting*.[68] Daarom word daar gevra na en besin oor die toekoms van die

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

skepping. Dit is teologies gesproke, 'n vraagstuk wat in die Pneumatologie aan die bot moet kom.

1.1.5 Die teologie kan slegs 'n lewenskragtige aanspraak hê indien dit 'n volledige Pneumatologiese inspraak het. Aangesien die Pneumatologie in die ganse teologie ingebed is, is dit die lewensasem van die teologie. Dit is die band wat die teologiese baal saamgerf. Daarom beweer Heitmann met reg: "Ohne den Heiligen Geist, keine zutreffende Erkenntnis Gottes ..."[69] Die Heilige Gees is, om dit met Dilschneider te sê, die conditio sine qua non waarin die hele trinitariese teologie ter sprake kom.[70] Met die verhouding tussen die Christologie en die Pneumatologie is die heil van God aan die skepsel op die spel. Sonder 'n gesonde Pneumatologie bly die heil van God extra nos terwyl die verwaarlosing van die Christologie tot gevolg het dat die heil 'n prestasie van die vrome mens word.[71] En dit is lewensgevaarlik! In die politieke teologie weer word die heil vertaal in (ont-)blote aardse heil wat in rewolusies ontaard om die maatskaplike geaardheid radikaal te verander.[72] Die vraag na die betekenis van die Pneumatologie in dié prosesse is teologies boeiend en onontwykbaar.

In die lig van die voorafgaande uiteensetting kan daar nie aan die aktualiteit en relevansie van die Pneumatologie getwyfel word nie.

1.2 PNEUMATOLOGIESE ONTKLEMMING

Die Pneumatologie moet onverkort vanuit 'n trinitariese perspektief ontwerp en bely word. Die wesenlike gevaar dat die Pneumatologie in die Christologie ingesnoer word, word op dié wyse uit die weg geruim. Dit is slegs die trinitariese spreiding in die teologie wat enige vorm van ghetto-teologie verhinder. Daarom kan die trinitariese klem wat op die teologie gelê word, geesdriftig begroet word.[73]

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

Wanneer die trinitariese aard van die teologie bely word, kan daar nie aan die betekenis van dié belydenis verbygegaan word nie.

In sy strydskrif teen Praxeas (ongeveer 215), het *Tertullianus* die Triniteitsleer op die werf gebring op 'n stadium toe die Godsleer deur die subordinasionisme en modalisme vasgeklem is.[74] Die eenheid is volgens Tertullianus van ewigheid af. Die eenheidsbegrip verteenwoordig egter geen numeriese of monadiese eenheidsopvatting nie, maar dui op 'n gedifferensieerde eenheid. Die una substantia wat as 'n algemene versamelbegrip van die Godheid geld, word dus onderskei in tres personae. Tertullianus kon hierdie trinitariese onderskeid in God slegs ontwikkel omdat hy die *Theos estin heis* deur die *Theos estin hen* vervang het.[75] Hoe vestaan Tertullianus hierdie onderskeid in die een God? Die Logos, sê hy, tree deur die akte van ewige generatio uit God en word daardeur tot die Seun. Tertullianus verstaan hierdie gebeurtenis as prolatio om sodoende te kan verklaar dat die Seun en die Vader distincti, maar nie divisi; discreti maar nie separati is nie. Die Vader en die Seun is in hulle Goddelike eenheid onderskeie en daarom is hulle in hulle onderskeidenheid een. Die Heilige Gees is die derde Persoon wat die Vader en die Seun stuur en wat met die Vader en die Seun deur die eenheid van die Goddelike substansie verbonde is. Ten einde die gedifferensieerde eenheid aanskoulik voor te stel, maak Tertullianus van gnostiese en neo-platoniese beelde gebruik.[76] Daarmee sou die onderskeibare individualiteite van dieselfde materie omskryf kon word. Die monargie van God word deur hierdie trinitariese differensiëring nie opgehef nie, aangesien die Seun aan die Vader ondergeskik is. Die Vader is die ganse Goddelike substansie. As portiones totius het die Seun en die Gees hulle syn van die Vader en voer sy wil uit. Sodra die werk van verlossing en voleinding van die wêreld vervul is, sal hulle heerskap aan die Vader teruggegee word.[77]

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

Enkele kritiese opmerkinge ten opsigte van Tertullianus se Triniteitsleer kan nie agterweë gelaat word nie. Dit is meteens duidelik dat hy die Wesens- en Openbaringstriniteit[78] op 'n gespanne voet te staan laat kom. Die tres personae funksioneer by Tertullianus slegs in die historiese drama van skepping, verlossing en voleinding. By die voleinding keer die Seun en die Gees na die Vader terug - dan sal daar net één Goddelike substansie bestaan. Daar is by Tertullianus opvallend te min begrip vir die heilshistoriese skopus van die Christologie en die Pneumatologie. Daarom trap hy sonder meer in die slagysters van die subordinasionisme en die modalisme. Tertullianus sit nog té vasgevang in die begrippenetwerk van die gnostiek en neo-platonisme. Nogtans het Tertullianus die Triniteitsleer op 'n beslissende wyse op die teologiese kaart gebring en het sy formuleringe 'n geweldige invloed op die latere Triniteitsdenke uitgeoefen.

Die vraag na die betekenis van die Drie-eenheid het in die geskiedenis van die dogmavorming aktueel gebly. Die Niceanum het met die kernwoord homoousios die wesenlike eenheid van die Vader en die Seun beskerm teen die aanslae van die triteïsme.[79] Teenoor Arius wat beweer het dat die Seun geskape is, het die kerk verklaar dat die ewige Seun eenswesens[80] met die Vader is. Hiermee is dan bely dat Christus *ewig* een met die Vader is. Die plek van die Heilige Gees sou eers op die Konsilie van Efese (A.D. 431) bepaal word. Die Gees was net soos Christus, homoousion met die Vader. Athanasius het die belydenis egter reeds vroeër verwoord.[81]

Dit sou 'n trinitariese verskeurdheid meebring indien die eenheid, die ewigheid en die uniekheid van God sonder sy Personale gerigtheid bely is. Die drieheid is die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Daarom stamel die Symbolum Nicaeno-Constantinopolitanum in sy Forma Recepta Ecclesiae Occidentalis aanbiddend dat die Heilige Gees "cum Patre et Filio simul adoratur et conglorificatur."[82]

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

Die Griekse woord ousia, wat die eenheid bewaar, is diep gewortel in die Griekse filosofiese wêreld.[83] Die Latynse vertalings van die Griekse begrip, is essentia, natura en substantia. Die term substantia het die diepste inslag in die Triniteitsleer gevind. God is una substantia.[84] Die Aristoteliese substansiedenke is egter 'n substansiële teologiese bedreiging vir die Triniteitsdenke.[85]

In die Symbolum Quincunque word die una substantia deur die volgende hoedanighede gekwalifiseer: "una ... divinitas; aequalis gloria; coaerterna majestas; increatus; immensus; aeternus; omnipotens; deus; dominus; non factus, nec creatus; nihil prius, aut posterius: nihil majus aut minus." Hieraan moet dan toegevoeg word: "Et tamen non tres aeterni: sed unus aeternus" (art. 11). "Sicut non tres increati: nec tres immensi: sed unus increatus: et unus immensus" (art. 12). "Et tamen non tres omnipotentes: sed unus omnipotens" (art. 14). "Et tamen non tres dii: sed unus est Deus" (art. 16). "Et tamen non tres domini: sed unus (est) Dominus" (art. 18).[86]

Wanneer die eenheid van God op dié wyse bely is, word daarmee die belydenis van die drie Persone geopen.[87] Die tres personae word soos volg toegelig: "Alia est enim persona Patris: alia Filii: alia Spiritus Sancti" (art. 5). In die lig hiervan kan verder bely word: "Pater a nullo est factus: nec creatus, nec genitus" (art. 21). "Filius a Patre solo est: non factus, nec creatus: sed genitus" (art. 22) "Spiritus Sanctus a Patre et Filio: non factus, nec creatus, nec genitus: sed procedens" (art. 23).[88]

As daar 'n sagte sprong na Augustinus se Triniteitsleer gemaak word, word gevind dat hy handhaaf dat die Vader, die Seun en die Heilige Gees geen individuae substantiae is nie. Die eenheid van God is geen saamgestelde, numeriese eenheid nie.[89]

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

Die vraag is egter hoe om die drieheid teologies onder woorde te bring. Die persoonsbegrip bring nie sonder meer klaarheid nie. Die gevaar dreig naamlik dat die Vader, Seun en Heilige Gees "uit hun ondoorgrondelijke eenheid als op zichtzelf staande, menselijk voorstelbare grootheden worden ... losgemaakt."[90] Persona is vir Augustinus repetitio aeternitatis in aeternitate. Die naas, na en met mekaar van die Goddelike personae is vir hom van 'n gans ander aard as die saambestaan en -leef van menslike persoonlikhede.[91]

Augustinus se verdienste vir die Triniteitsleer is veral geleë in die feit dat hy aangetoon het dat die personae as relationes subsistentes bestaan.[92] Die lewende God is nie net die Relasiestigter nie, maar sy Goddelike lewe is relasies. Die drie Goddelike persone besit dieselfde individuele ondeelbare en een Goddelike natuur, maar dan op verskillende wyses: Die Vader uit Homself; die Seun en die Gees uit die Vader. Daar bestaan dus drie relasies in die Triniteit: paternitas, filiatio en spiratio. Die relasies in die Triniteit bring mee dat die een Goddelike wese op 'n geheel eie wyse in driemalige selfstandighede kan bestaan.[93] Die driemalige selfstandighede is egter geen bykomstige accidentia wat nie met God se wese saamval nie, maar die essentia divina self.[94] Dit is juis die Persoonsverbondenheid wat die grondslag van Augustinus se beroemde uitspraak vorm, naamlik opera ad intra sunt divisa; opera ad extra sunt indivisa.[95]

Die drieheid van paternitas, filiatio en spiratio stel Augustinus in staat om die innerlike syn van die drie Persone deur die genoemde relasionele betrekkinge te omvat.[96] Moltmann is egter van mening dat: "Dieses relationale Verständnis der Personen setzt jedoch das substantielle Verständnis ihrer Individualität voraus und ersetzt es nicht."[97]

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

Die Persoonstoeligting mag egter nie deur die relasionele afgrensing verdig word nie.[98] Die Vader word weliswaar deur sy paternitas tot die Seun bepaal, maar die paternitas konstitueer nie sy eksistensie nie. Die paternitas veronderstel sy eksistensie.[99] Die Vader het dus nie eers deur sy relasie tot die Seun en die Heilige Gees Vader geword nie, maar Hy is van ewigheid af Vader. En omdat Hy Vader is, kan Hy as Vader eksisteer. Dit geld ipso facto ook van die Seun en die Heilige Gees. Persoon en relasie moet dus in wisselverhouding verstaan word. "Es gibt hier keine Personen ohne Relationen, aber auch keine Relationen ohne Personen."[100] Die Persoons- en relasiebegrip moet op sowel die wesens- as die ekonomiese Triniteit van toepassing wees.[101] Daarom kan Moltmann met reg sê: "Die trinitarischen Personen *subsistieren* in der gemeinsamen göttlichen Natur, sie *existieren* in ihren Relationen zueinander".[102]

In die lig daarvan dat die Persoonsbegrip relasioneel toegelig moet word, is dit van belang om die relasie nader te omskryf. Die begrip perichōrēsis dien om die relasie te verduidelik.[103] Met dié term word die ewige Goddelike lewe omvat.[104] In die drie-enige God vind 'n ewige lewensproses deur energiedeurstraling plaas. Die Vader eksisteer in die Seun, en die Seun in die Vader en beide die Vader en die Seun in die Gees, net soos die Gees in die Vader en die Seun eksisteer. "Gerade durch die persönlichen Eigenschaften, die sie voneinander unterscheiden, wohnen der Vater, der Sohn und der Geist einander ein und teilen sich das ewige Leben mit."[105]

Die leer van die perichōrēsis lê klem op die gemeenskap en die eenheid van die drie Persone in die ewige liefde.

Die wins van dié leer is dat dit daarin slaag om die drieheid en die eenheid te verbind,[106] sonder om die drieheid tot die eenheid te reduseer of die eenheid in die

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

drieheid te laat opgaan. In die ewige perichorese van die trinitariese Persone lê "*die Einigkeit der Dreieinigkeit*". 107)

Die leer van die perichorese lê nadruk op die eenheid van die uniekheid en die uniekheid van die eenheid van die drie-enige God. Die bedoeling van die perichorese is om die Liefdestriniteit te ontvou. Sedert Augustinus en Richard St. Victor is die leer van die Liefdestriniteit tot in die idealistiese teologie van die 19de eeu ontwikkel.[108] Augustinus het die Liefdestriniteit só verwoord:

"Immo uero uides trinitatem si caritatem uides.[109]

.....

Ecce tria sunt, amans et quod amatur et amor."[110]

Die Goddelike persone bestaan in relasies en die aard van die relasies is dat dit 'n liefdesrelasie is. Hieruit mag nie afgelei word dat die Persone eers in die geskiedenis Persone word nie. Aangesien hulle Persone is (onties), word hulle as Persone in die loop van die geskiedenis geken (noëties).[111]

Johannes Calvyn het ook verhelderend oor die Triniteitsleer besin. Volgens hom gee die Triniteitsleer uitdrukking aan die Skrifwaarheid dat die Vader, die Seun en die Heilige Gees die een, enige ware God is en tog op so 'n wyse dat die Seun nie die Vader is nie en die Heilige Gees nie die Seun of die Vader is nie.[112] God is op so 'n wyse enig dat Hy Hom in drie Persone onderskeidend openbaar.[113] God se openbaring in drie Persone hef egter nie sy eenheid op nie.[114] Wanneer Calvyn die woord persoon met betrekking tot die Triniteit gebruik, het dit nie die betekenis soos in die alledaagse spraakgebruik óf soos 'n skilder wat drie mannetjies skilder en dan sê: dit is die Triniteit nie. Die woord persone dui primêr

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

"les propriétez, lesquelles sont en l'essence de Dieu", aan.[115] Vir die begrip persoon is talle terme gebruik, soos persona, prosōpon, hupostasis, subsistentia, maar almal, of hulle nou Grieke of Latyners is, is eenstemmig oor die saak waarom dit gaan.[116] Calvyn gee samevattend die volgende omskrywing van die term persoon: "Personam igitur voco subsistentiam in Dei essentia, quae ad alios relata, proprietate incommunicabili distinguitur."[117] 'n Nadere toeligting van sy persoonsbegrip, vind ons in sy eksegese van Hebreërs 1:3.[118] As die Seun die "charaktêr tēs hupostáseōs autou" (d.w.s. tou patros) genoem word, dan skryf Hebreërs 'n sekere subsistentia aan die Vader toe waarin Hy van die Seun verskil. Dit kan nie van die Seun gesê word dat Hy die afdruksel van die wese van die Vader is nie, want die wese van die Vader is enkelvoudig, ondeelbaar en geheel in homself bevat. Die Vader wat van die Seun onderskei is deur sy eiendomlike besonderheid, het sy Persoon (hupostasis) in die Seun uitgedruk. Dieselfde geld ook van die Heilige Gees. Hy het 'n subsistentia wat afsonderlik van die Vader en die Seun is. Die onderskeiding raak nie die wese nie, want dan is ons op die spoor van triteïsme. Die onderskeiding gaan om die Persoon. In sy eksegese van Hebreërs 1:3 wyk Calvyn van 'n bepaalde eksegetiese- en vertaaltradisie af. Hy was deeglik daarvan bewus dat die Vulgaat "charaktêr tēs hupostáseōs autou" met "*figura substantiae eius*" vertaal. En tog noem Calvyn die uitleg as sou hupostasis hier wese kon beteken, "non durum modo, sed absurdum ... improprie imo inepte."[119] Dit lyk asof Calvyn van die betekenis wat hupostasis in die kader van die Christologiese stryd verkry het, uitgegaan het, en dié betekenisla-ding op Hebreërs 1:3 oorgedra het. 'n Eksegetiese ondersoek bring egter aan die lig dat die Seun juis "die ewebeeld van die wese van God" genoem word.[120]

Hoewel Calvyn die Augustynse stelreël: opera ad extra

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

indivisa sunt, onderskryf, handhaaf hy dat die drie Persone 'n eiendomlike werking het.[121]

Die werkinge van die Triniteit is die van aldrie Persone saam en tog het elke Persoon 'n "aliquid proprium."[122] Daarom kan Calvyn beweer: "... Patri principium agendi, rerumque omnium fons et scaturigo attribuitur : Filio sapientia, consilium, ipsaque in rebus agendis dispensatio : at Spiritui virtus et efficacia assignatur actionis."[123] Calvyn gee nou-keur-rig aandag aan die werkinge van die Heilige Gees. Die skoonheid van die wêreld, wat ons nou waarneem, bly behoue deur die krag van die Gees: "sed antequam accederet hic ornatus, iam tunc in fovenda illa confusa mole Spiritum fuisse operatum." Die Gees word saam met die profeet uitgestuur (Jes. 48:16) en "ex quo relucet divina eius maiestas". Die Gees onderhou alles en skenk die onbewuste en bewuste lewe in die hemel en op die aarde. Hy bewerk ook deur sy krag nie slegs die wedergeboorte nie, maar ook die toekomstige onsterflikheid. Die "Divinitatis officia" word aan Hom net soos aan die Seun toegeskryf. Hy ondersoek verder die dieptes van God. Die Gees deel wysheid uit asook die vaardigheid om te praat. Calvyn omskryf sy werke voorts soos volg: "Iustificatio nostra eius opus est : ab ipso est potentia, sanctificatio, veritas, gratia et quicquid boni cogitari potest : quoniam unus est Spiritus, a quo profluit omne donorum genus."[124] Die Heilige Gees volvoer in sy onderskeidende werking die werkinge van die Vader en die Seun.[125]

Calvyn maak van die term *essentia* gebruik om die eenheid van die Triniteit te beveilig.[126] Hoewel hy Tertullianus se definisie dat daar 'n reëling of ekonomie in God is, onderskryf, word die eenheid van die essensie nie hierdeur opgehef nie.[127] Daarom lê Calvyn klem op die Goddelike orde: die Vader eerste daarna die Seun uit Hom,

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

en die Gees uit Albei.[128] Hiermee het hy ewige oorsprongsverhoudinge in die oog wat nie in kwalitatiewe of temporele kategorieë funksioneer nie. Die Vader is wel die Bron van die Godheid, maar wat die wese betref, is die Godheid nie net eie aan die Vader nie.[129] Daarom is die Seun en die Gees wat die Godheid betref een met die Vader.[130] Wanneer die Naam van God enkelvoudig of onbepaald genoem word, behoort dit dus nie minder tot die Seun en die Gees as tot die Vader nie.[131] Met die verklaring dat God een is, beoog Calvyn om onder die Naam God, die een enkelvoudige essentia wat drie eiendomlike hupostaseis insluit, te bely.[132]

Wanneer die teologiese worsteling om die Triniteitsleer nagevors word, kan daar nie by die fors gestalte van Karl Barth se Triniteitsontwerp verbygestap word nie.

Die Triniteitsleer wortel volgens Barth in die Selfopenbaring van God. Daarom kan hy verklaar: "Gottes Wort ist Gott in seiner Offenbarung. Gott offenbart sich als der Herr. Er allein ist der Offenbarer. Er ist ganz Offenbarung. Er selber ist das Offenbarte".[133] Met hierdie antwoord op die vraag na die Subjek, Predikaat en Objek van die sin "Gott redet, Deus dixit", betree Barth die Triniteitsleer.[134] In die lig hiervan kan Barth in sy "Kirchliche Dogmatik" beweer: "es besteht von der Offenbarung her ein echter und notwendiger Zusammenhang mit der Trinitätslehre".[135] Die Selfopenbaring onthul die Triniteit. God se openbaring is die "Offenbarung seiner Herrschaft ...: dem Menschen *gegenüber*, *an* den Menschen, *über* den Menschen, *für* den Menschen".[136]

Die vraag of die Selfopenbaring van God as die Here[137] nie sy eenheid op die spel plaas nie, moet ontkennend beantwoord word. Want die Triniteitsleer is vir Barth veel eerder "die Behauptung und Unterstreichung des Gedankens der strikten und absoluten *Einheit* Gottes".[138]

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

Wanneer God Hom as Here openbaar, beteken dit "*dass Gott selbst in unzerstörter Einheit, aber auch in unzerstörter Verschiedenheit der Offenbarer, die Offenbarung und das Offenbarsein ist*".[139] Die Triniteit van die openbaring het dus nie die eenheid van God op nie, maar die drieheid van "Persone" bestaan in die eenheid.[140] Die eenheid van God mag daarom volgens Barth nie met "Einzelkeit oder Einsamkeit" verwissel word nie.[141] Daarom kan hy met nadruk beweer: "... eben mit der Trinitätslehre, betreten wir den Boden des christlichen Monotheismus".[142] In sy "Die christliche Dogmatik im Entwurf", omskryf hy die eenheid van God soos volg: "das *eine* göttliche Ich oder Subjekt, das in der Offenbarung der Dreieinigkeit seiner Gottheit, seiner Herrschaft, seiner göttlichen Ichheit oder Subjektivität offenbart".[143] In sy Selfopenbaring openbaar God Hom as Here. En in sy heerskapsopenbaring openbaar God sy Goddelike Subjektiwiteit of Ekheid, d.i. die "Persönlichkeit". Barth stel dit soos volg: "Der Deus unus trinus, der eine persönliche, aber nun der *dreifaltig persönliche* Gott, ist der Gott, der dem auf ihn sich richtenden Denken nie zum Objekt werden kann".[144]

Die "eine persönliche" is die "dreifaltig persönliche Gott". Hierdie gedagtegang ontwikkel Barth deurdat hy by die konkrete gestalte van die Bybelse openbaring, by God die Seun begin.[145] In sy openbaring betoon God Hom as Een wat gestalte het.[146] "Es ist ihm nicht unmöglich und es ist ihm nicht zu gering, in seiner Offenbarung sein eigener Doppelgänger zu sein ..."[147] Op dié wyse onderskei God Hom van Homself, maar Hy bly tegelyk dieselfde Eén God. Die heerskap wat in die openbaring gestalte aanneem, is gegrond in die vryheid van God "sich von selbst sich zu unterscheiden..."[148] In sy onthulling gee God nie sy geheimenis prys nie.[149] Hy bly ook in sy "ander" gestalte God. God is immers méér as sy openbaring.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

God se openbaring is egter nie 'n gebeure wat "für einen neutralen Beobachter wahrnehmbar" is nie,[150] maar dit is 'n "Faktum, oberhalb dessen es keine Instanz gibt, von der her es als Faktum und als dieses Faktum einzusehen wäre".[151] Die merkwaardige is dat hierdie eenmalige Goddelike openbaring in die eksistensie van die mens ingaan.[152] Dit bring mee dat God Hom as Gees openbaar, "als der Geist des Vaters und des Sohnes, also als derselbe eine Gott ..."[153] Ons tref by Barth 'n opvallende volgorde van "der Enthüllung, der Verhüllung und der Mitteilung ..." in die Bybelse openbaringsgetuienis aan. Anders gesê: die gestalte van die Seun, die Vader en die Gees.[154]

Wat verstaan Barth onder die heerskap van God?[155] Die begrip het vir Barth dieselfde betekenislading as die wese en die *Godheid van God*.[156] Aangesien Barth die begrippe heerskap, wese, Godheid van God en persoonlikheid op die sowereine Subjek van die Goddelike heerskap en openbaring aanwend,[157] vind hy dit moeilik om van *drie Persone* te praat aan wie Subjektiwiteit en Ekheid met die oog op die ander Persone toegeskryf moet word.[158] Barth verkies daarom om eerder van die drie "Seinsweisen" van God te praat.[159] Die begrip "Seinsweisen" is egter geen nuwigheid nie. Calvyn het reeds van die term subsistentia gebruik gemaak om die drieheid toe te lig.[160] Barth beoog nie om aan te toon dat God drie verskillende eienskappe het nie; ook nie dat Hy op verskillende wyses "ist" nie. Maar "Gott ist Einer in drei Seinsweisen", wat beteken God is "der eine persönliche Gott" op die wyse van die Vader, op die wyse van die Seun en op die wyse van die Heilige Gees.[161]

Wanneer Barth die drieheid op hierdie wyse toelig, is die verwysing na die Drie-eenheid vanselfsprekend. Die spreke van "die Einheit in der Dreiheit" en "die Dreiheit in der Einheit" is opsigself "einseitig" en "ungenügend".[162] Daar kan nie van die drie synswyses opsigself

1254380
1254379

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

gepraat word nie, maar hulle bepaal en deurdring mekaar wedersyds.[163] Die selfstandige en eiestandige werk van elkeen van die drie synswyses moet egter ook onverkort gehandhaaf word.[164] Hierdie twee momente sluit saam.

Barth het die intertrinitariese Liefdestriniteit in die oog as hy beweer: "Dass der Vater und der Sohn der eine Gott sind, das ist der Grund, dass sie nicht nur verbunden, sondern im Geist, in der Liebe verbunden sind, dass also Gott die Liebe und dass die Liebe Gott ist."[165] Moltmann is egter van oordeel dat die beskrywing van die Heilige Gees as liefdesband tussen die Vader en die Seun die selfstandige Persoonwees van die Heilige Gees loën.[166] Volgens Moltmann bring die wyse van Barth se teologisering ook die Persoonwees van Christus in gevaar.[167] Moltmann betoog verder dat Barth se spreke "von den drei Personen oder Seinsweisen *in* Gott" na Sabellianisme neig.[168]

Wanneer Barth die Heilige Gees as liefdesband tussen die Vader en die Seun aandui, staan hy duidelik in die tradisie van Augustinus en Calvyn.[169] Hiermee word die intertrinitariese eintlikheid van die Heilige Gees aangedui. Die aanklag dat Barth op die voetspoor van Sabellius beweeg, moet op grond van sy teologiese ontwerp, verwerp word. In sy openbaring laat God Hom ken deur die synswyse van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Barth konsentreer in sy Triniteitsleer op die openbaringsbegrip waarin God Hom bekend maak soos Hy ewig in Homself is. Die hele plek wat Barth aan die Heilige Gees in sy teologiese ontwerp toeken, bevestig die feit dat die Heilige Gees vir hom oneindig méér as net 'n band tussen die Vader en die Seun is. Hy is God op die wyse van die Gees.[170]

Barth se Christologiese konsentrasie bied 'n afdoende antwoord op Moltmann se bewering dat Christus se Persoonsyn

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

deur Barth in gevaar gebring word.[171] Christus is die tweede synswyse van God wat onderskei is van sy synswyses as Vader en Heilige Gees.[172]

Jürgen Moltmann is 'n eietydse teoloog wat hom met waagmoed aan die probleemstelling van die Triniteitsleer gewy het. Moltmann se teologiese ontwerp is Christologies gefundeer: die God van die toekoms is teenwoordig in die gekruisigde Christus.[173] Aangesien die Triniteit 'n daad van liefde in die lyding en dood van Christus is, volg dit vanselfsprekend dat die Triniteit nie vir Moltmann 'n geslote gebeure in die hemel is nie, maar "ein für die Menschen offener eschatologischer Prozess auf der Erde, der vom Kreuz Christi ausgeht".[174] Moltmann se Triniteitsleer tril in die kruisgebeure. Die kruisgebeure is vir Moltmann die hermeneutiese sleutel tot die ontsluiting van die Triniteit.[175] Om dit skerper te sê: die teologie van die kruis is Triniteitsleer en Triniteitsleer is teologie van die kruis.[176] Die kruisgebeure skep 'n intertrinitariese speelruimte[177] - 'n trinitariese smart![178] Hierdie geskiedenis van God[179] ontsluit die geskiedenis van die toekoms en die toekoms van die geskiedenis. Want uit hierdie gebeure kom daar 'n Pneumatologiese ontknoping: "Was aus diesem Geschehen zwischen Vater und Sohn hervorgeht, ist der Geist, der Gottlose rechtfertigt, Verlassene mit Liebe erfüllt und selbst die Toten lebendig machen wird ..."[180] Die Gees verteenwoordig 'n praesentia explosiva. Daarom reik die Triniteit na 'n eskatologiese voltooiing.[181] God is na sy wese nie voltooid en afgeslote nie. Hy staan "oop" vir die geskiedenis.[182] Daarom sal die Triniteit van verheerliking anders wees as die Triniteit van die oorsprong.[183] Moltmann maak selfs van die Theopoiesis of Theosis as die doel van God se trinitariese geskiedenis melding.[184] Hierdie wyse van teologisering bring mee dat Moltmann nie skroom om te beweer dat God nou reeds op panenteïstiese wyse alles in almal begin word nie.[185]

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

Dit is egter 'n vertekening van Moltmann se Triniteitsleer om dit net aan die kruis vas te nael. Hy begin met die drieheid van die Persone en vra dan na die eenheid.[186] Sy hele trinitariese inset is die ekonomiese Triniteit wat in die geskiedenis van Jesus Christus ontvou word.[187] Daarom begin hy sy Triniteitsleer met die geskiedenis van Jesus Christus, die Openbaarder van die Triniteit om dan van daaruit 'n geskiedenisleer van die Triniteit te ontwikkel.[188] Aangesien Jesus Christus die Openbaarder van die Triniteit is, is Hy ook die toegang tot die Triniteit.[189]

Vanuit die geskiedenis van die Triniteit sien Moltmann die opstandingsgebeure as 'n Messiaanse "Vor-Scheins des Zukünftigen und der apokalyptischen Antizipation des Kommenden".[190] En die toekoms is die heerlikheid van God.[191] Die opstanding moet daarom eskatologies en trinitaries verstaan word.[192] Want dit open Pneumatologiese perspektiewe. Die Vader wek die Seun deur die Gees en Hy stel die Seun tot Here van die ryk aan terwyl die Seun die Gees stuur.[193]

Aangesien Moltmann vanuit 'n oop Christologie dink, is daar in sy Triniteitsontwerp 'n speelruimte vir die skepping van die wêreld deur die Vader van Jesus Christus en die Heilige Gees.[194] Moltmann ontwikkel die skeppingsleer daarom ook vanuit 'n trinitariese inspeling.[195] Dit gaan vir Moltmann om 'n oop skeppingsleer[196] wat na die voleinding reik.[197] Die Vader en die Seun en die Heilige Gees bou aan die ryk van heerlikheid. Daarom kan Moltmann van 'n trinitariese ryksleer praat.[198] Die ryk van die Vader bestaan in die regering van die bestaande en in die toekoms van die aanstaande.[199]

Die ryk van die Seun omvat die bevrydende heerskap van die Gekruisigde en die gemeenskap met die Eersgeborene onder vele broers en susters.[200] Die Seun se ryk is op die

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

eskatologiese ryk van heerlikheid gerig.[201] Die aandeel van die Heilige Gees is dat Hy bevryde mense met sy gawes op pad na die voltooide ryk van verheerliking verryk.[202]

Ten spyte van Moltmann se trinitariese spreiding,[203] ontkom sy trinitariese ontwerp nie aan die ernstige verwyt dat dit die Triniteit eers vanuit die kruisgebeure (die Gekruisigde) ontsluit nie. Die kruisteologie funksioneer by hom as 'n Goddelike kenprinsipe. Die Ou-Testamentiese openbaringsbegrip word op dié wyse nie voldoende verdiskonteer nie. God is immers reeds in die Ou Testament eskatologies-heils-gerig werk-saam. Die verhouding tussen die Christologie en die Pneumatologie word ook nie deur Moltmann helder genoeg omlyn nie. Die kruis is darem nie net God se smartlap nie,[204] maar dit is ook die openbaring van God se toorn oor die sonde en sy liefde vir die sondaar.[205] Die op-weg-wees van God met sý skepping na die voleinding, is 'n wins in Moltmann se eskatologiese ontwerp. Die leer van die drie ryke, lyk egter verdag. Daar sal eerder van die één ryk van God gepraat moet word waaraan die Vader en die Seun en die Gees bou.

Wanneer daar na die vertolking van die trinitariese aard van die teologie gekyk is, is dit van belang om die *trinitariese reikwydte* onder die loep te neem. Die wentelvraag is: is die trinitariese belydenis net ontologies af te grens óf het dit óók 'n ekonomiese reikwydte?

Dit het sedert die afwysing van die modalisme deur Tertullianus gebruik geword om tussen die immanente en die ekonomiese Triniteit te onderskei.[206] Onder die Wesens-triniteit word verstaan: "God de Drieënige *in zichzelf*" en onder die ekonomiese Triniteit: God drie-enig "in Zijn zichzelf openbarend handelen in de geschiedenis".[207]

Calvyn toon nie slegs 'n ontologiese intertrinitariese

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

Persoonsonderskeid aan nie, maar ook 'n ekonomiese Persoonsonderskeid, naamlik dat die Vader die begin van die Goddelike handelinge, die Seun die wysheid en die Heilige Gees die uitvoerende krag is.[208] Die eenheid van die wese kom ook in die werke van die drie-enige God tot uitdrukking. Calvyn wys daarop dat die Wesenstriniteit slegs vanuit die Openbaringstriniteit belig kan word.[209]

Barth neem sy vertrekpunt ten opsigte van die Triniteitsleer in die ekonomiese Triniteit. Hy aanvaar egter die Wesenstriniteit onvoorwaardelik. God is ewig in Homself soos Hy Hom in die tyd openbaar.[210] God is van ewigheid af die drie-enige God. "Die Trinitätslehre sagt ..., dass und inwiefern der, der sich nach dem Zeugnis der Schrift Menschen offenbart, unser *Gott*, dass und inwiefern er *unser* Gott sein kann. Er kann unser *Gott* sein, weil er in allen seinen Seinsweisen sich selbst gleich, ein und derselbe Herr ist ... Und dieser Herr kann *unser* Gott sein, er kann uns begegnen und sich uns verbinden, weil er Gott ist in diesen drei Seinsweisen als Vater, Sohn und Geist, weil die Schöpfung, die Versöhnung, die Erlössung, das ganze Sein, Reden und Handeln, in dem er unser Gott sein will, begründet und vorgebildet ist in seinem eigenen Wesen, in seinem Gottsein selber."[211]

A.A. van Ruler is geboei deur die "spreiding" in die Triniteit.[212] Die Vader, die Seun en die Heilige Gees het elk 'n verskillende en eiesoortige werk. Van Ruler laat die klem eerder op die verskeidenheid van die Persone val as op hulle eenheid. Wanneer Van Ruler met erns op die ekonomiese Triniteit fokus, ontken hy egter nie daarmee die Wesenstriniteit nie.

O. Noordmans vra waarom die geloofsbelydenis - in onderskeiding van Calvyn - by die enige God en sy "eienskappe" begin.[213] Hy sien in hierdie benadering die gevaar van 'n abstrakte idee van God se eenheid en enigheid in onderskeiding met die rykdom van die trinitariese openbaring in

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

die Skrif.[214] "Wij kunnen niet van de éne God uitgaan om dan tot de drie personen te komen. De weg bestaat niet voor ons" omdat dit "geen zaak van rekenen maar van belijden" is.[215] Noordmans teologiseer vanuit die ekonomiese Triniteit *om* die *verskeidenheid* in die werke van God na buite eerder as die eenheid daarvan op die voorgrond te stel.[216]

Wanneer Karl Rahner sy beroemde uitspraak maak: "Die 'ökonomische' Trinität *ist* die immanente Trinität und umgekehrt,"[217] geskied dit in 'n konteks waarin die modalisme skerp en radikaal afgewys word.[218] Met sy uitspraak bedoel Rahner: "Gott verhält sich zu uns dreifaltig, und ebendieses dreifaltige (frei und ungeschuldete) Verhalten zu uns *ist* nicht nur ein Abbild oder eine Analogie zur inneren Trinität, sondern ist diese selbst, wenn auch als frei und gnadenhaft mitgeteilte."[219]

In Pannenberg se teologie geniet die ekonomiese Triniteitsleer 'n voorrang. Hy gaan uit van die stelling dat die waarheid eers "aan die einde" geken kan word. God sal eers by die opstanding uit die dode geken word soos Hy altyd is, maar dan sal dit blyk dat Hy ewiglik só is as wat Hy by die opstanding van die dode kenbaar word. Ons leer God wel in die geskiedenis deur Jesus Christus en die werking van die Heilige Gees as die drie-enige God ken,[220] maar wanneer die volle realiteit daarvan aan die einde sigbaar sal wees, sal dit ook duidelik wees dat dit tog tot die ewigheid van God behoort om só te wees.[221]

Uit Moltmann se Triniteitsontwerp, blyk voldoende dat hy vanuit die ekonomiese Triniteit oor die immanente Triniteit dink. Hy lê klem op die *wisselwerking* tussen die wese en die openbaring van God,[222] anders gesê: tussen die immanente en ekonomiese Triniteit. Die wisselgang beteken dat die ekonomiese Triniteit die Wesenstriniteit

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

uitlê.[223] Dié uitleg geskied *kruis*gewys omdat die kruis Moltmann se ganse teologie deurkruis. Die ontvouing van die kennis van die immanente Triniteit kom dus uit die heilservaring van die kruis voort.[224] Hieruit volg vanselfsprekend dat Moltmann die gebruiklike onderskeiding van die immanente en ekonomiese Triniteit van die hand wys, waarvolgens die kruis slegs in die heilsekonomie maar nie in die immanente Triniteit sou staan nie.[225] Daarom kan hy verklaar dat die ekonomiese Triniteit nie slegs die immanente Triniteit *openbaar nie, maar ook daarop ingrypend inwerk.*[226] Dié inwerking geskied ook *kruis*gewys. "Am Kreuz *schafft* Gott Heil nach aussen für seine ganze Schöpfung und ***erleidet*** zugleich das Unheil der ganzen Welt nach innen an sich selbst".[227] En dit bring mee dat: "Der *Schmerz des Kreuzes* bestimmt das innere Leben des dreieinigen Gottes von Ewigkeit zu Ewigkeit".[228] Moltmann benadruk ook die Pneumatologiese moment in die ekonomiese Triniteit omdat die *geskiedenis van die Gees* deur die vreugde van die bevryde en met God verenigde kreatuur die intertrinitariese lewe van God bepaal.[229] Die ekonomiese Triniteit word voltooi in die immanente Triniteit wanneer die geskiedenis van die heilservaring voltooi is.[230] Dan sal daar net ruimte vir doksologie wees.[231]

Enkele kritiese opmerkinge ten opsigte van Moltmann se uiteensetting kan nie nagelaat word nie. Met reg benadruk Moltmann die feit dat die ekonomiese Triniteit in die bedding van die geskiedenis van die heilservaring vloei. In die ekonomiese Triniteit ontmoet ons ook nie 'n ander God nie. En tog sal daar aan die bewering toegevoeg moet word: God gaan nooit in sy openbaring op nie. Want Hy is altyd méér as sy openbaring. Wanneer Moltmann beweer dat die kennis van die immanente Triniteit uit die heilservaring van die kruis van Christus voortkom, maak hy die kruis tot kenprinsipe van die immanente Triniteit. Die kruis as soenplek en Christus as Soenoffer word nie

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

voldoende verdiskonteer nie. Moltmann laat die Pneumatologiese gestalte eers in die na-Christus era voorkom. Die gevolg is dat die Pneumatologie erg verskraal word.[232]

Dit is van belang om die *motief* van die onderskeiding tussen die immanente en die ekonomiese Triniteit na te speur.[233] Daar is in die onderskeiding nie daarvan sprake om agter die openbaring te wil deurdring nie, maar dit gaan om die erkenning van die *realiteit* van die openbaring omdat "Gott der ist, als er sich offenbart".[234]

In die geskiedenis van die kerk en die teologie het die onderskeiding 'n bepaalde tendens ondervang. Die onderskeiding het skerp ingegaan teen die *modalisme*. In die modalisme vorm die trinitariese "modi" slegs 'n openbaringswyse.[235] Die onderskeiding het ook as verweer teen die *tritеïsme*,[236] *deïsme*,[237] en die *panteïsme*[238] gedien. Die onderskeiding voer voorts stryd teen die gedagte van 'n abstrakte en onbewoë God.[239]

Wanneer Bavinck in sy dogmatiek en sy Godsleer die wese en eienskappe van God uitlê en later die Triniteit op die kaart bring, dan skep dit die indruk dat die Triniteit 'n latere toevoegsel en aanhangsel tot die algemene Godsleer is.[240] En dit terwyl Bavinck self met reg betoog dat die hart en wese van die religie met die Triniteitsbelydenis op die spel is![241] Die Triniteit word nie eers in die geskiedenis gekonstituteer nie, maar God *is* drie-enig en daarom openbaar Hy hom as die drie-enige God.

In die ekonomiese Triniteit word die Wesenstriniteit onthul. Só is God! Die heil van God word in die ekonomiese Triniteit uitgewerk,[242] *ingewerk*[243] en verwerk.[244] In die ekonomiese Triniteit word die dodelike erns van die sonde wat op die kruis uitloop, onthul. Die weergalose oorwinning oor die sonde deur die opstandings-

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

gebeure word deur die ekonomiese Triniteit bekendgestel. Die Heilige Gees betrek die mens by die eenmalige en volmaakte Christologiese gebeure. Dié invoeging sit 'n proses aan die gang wat na eskatologiese en doksologiese volmaaktheid haas.

'n Oorsig oor die voorafgaande pogings om die belydenis van die drie-enige God onder woorde te bring, bied die volgende uitsigte:

Die trinitariese belydenis word alleen deur God se openbarende en Selfmededelende teenwoordigheid en handelinge geken. Die teenwoordigheid en handelinge van God word in die Ou- en Nuwe Testament nageteken en opgeteken.

God is die drie-enige God en daarom stel Hy Hom as God drie-enig in die wêreld aan mense bekend. In die lig hiervan kan en mag daar nie 'n spanning tussen God se wese en sy openbaring voorgestel word nie. Die Wesenstriniteit moet egter vanuit die ekonomiese Triniteit belig word (Calvyn). Skerper gestel: die ekonomiese Triniteit is 'n uitleg van die Wesenstriniteit (Moltmann). God is van ewigheid af deur die tyd tot in ewigheid die drie-enige God (Barth).

Wanneer God as die drie-enige God bely en vereer word, dan bring dit mee dat daar met oorgawe aan die drie-*enige* God vasgeklem moet word. Die drie-enige God is een wese (Tertullianus). Dit beteken dat die Vader en die Seun (Nicea) en die Heilige Gees (Efese) wesenlik een is. Die eenheid is egter nie 'n saamgestelde numeriese eenheid nie (Augustinus), maar elke Persoon is die Goddelike wese. Onder wese word die eintlikheid of die Godheid van God bely (Calvyn).

Dié formuleringe kan soos volg in 'n Bybelse idioom geartikuleer word:

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

Daar is maar één God en Hy is die enige God (Deut. 6:4, 1 Kon. 8:60, 2 Kon. 19:15, 19).[245] Die Godsnaam 'El wys in die raam van Jes. 40-55 veral op die feit dat daar maar één God is, naamlik Jhwh (Jes. 40:18, 43:10, 12, 45:14, 22, 46:9).[246] Jes. 42:5 en 45:18 lê klem daarop dat Jhwh die *enige* God is.[247] Die enige God is daarom ook die *unieke* God.[248] Ons sou ook van die *echadiese* beklemtoning in die Ou Testament kon praat.[249]

Jesus Christus se getuienis sluit by die Ou Testament aan om God as die enige te bely (Mark. 12:29). Dit staan ook vir Paulus vas dat daar geen ander God is nie, behalwe Een (1 Kor. 8:4, 1 Tim. 1:5, Ef. 4:6).

In die belydenis van Christus en die Gees saam met die Vader, word die volstrekte enigheid van God verwoord. In 1 Kor. 8:6 word die belydenis van die een God en Vader verbind met die belydenis van die een Here: Jesus Christus[250] In Ef. 4 gaan die spreke oor die één Gees (vs. 4) en die één Here (vs. 5) vooraf aan dié oor die één God en Vader (vs. 6).[251] Die Gees, die Here en die een God is God drie-*enig*.

Ten opsigte van die belydenis van die *drie*-enige God, bied 'n voorraadopname van die teologiese beskouinge, die volgende insigte:

God is God op die wyse van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Die drie bestaanswyses bepaal en deurdring mekaar wedersyds (Barth). Die eenheid van die drie Persone bring 'n onderlinge deurdringing van mekaar mee (perichorese of communio personarum divinarum). Die Goddelike persone deel in die ewige Goddelike lewe. Daar is 'n Goddelike deurdringing sonder dat daar 'n verdringing van Persone plaasvind. Daarom bestaan die Goddelike persone in relasies (Augustinus). En in die relasies is die Heilige Gees die liefdesband tussen die Vader en die Seun (Augustinus, Calvyn en Barth).

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

God word as die drie-enige God aanbid en bely. Daarom moet daar onvoorwaardelik aan die *drie*-enige God vasgehou word. Dit beteken dat die belydenis van die drie Persone (Tertullianus) op grond van die openbaring gehandhaaf word. Die belydenis van die drieheid van die Vader en die Seun en die Heilige Gees word in die Nicaenum in 'n doksologiese raam geplaas. Die drieheid van God hef egter nie die eenheid van God op nie, maar in die drieheid van Persone bestaan die eenheid van God (Calvyn, Barth).

Wanneer die drieheid bely word, word die drieheid as drie Persone uitgelê. Die term Persoon mag nie in terme van 'n menslike persoon gedink word wat afsonderlike self-standige individue naas mekaar aandui nie (Augustinus, Calvyn). Die Heilige Gees is dus nie 'n afsonderlike Persoon naas die Vader en die Seun in die moderne sin van die woord "persoon" soos dit sedert die 18de eeu gebruik is nie, naamlik 'n afsonderlike individu met 'n eie selfbewussyn en outonome selfbepaling nie.[252] Persoon wil sê dat die Vader en die Seun en die Heilige Gees van mekaar onderskei word "as 'n eie subjek-sentrum binne die lewe en die handeling van die één God".[253] 'n Persoon is een van die drie onderskeie synswyses van die ewige Goddelike wese (Barth). God is dus God op die wyse van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.

Elke Persoon is 'n eie *selfstandigheid of bestaanswyse* wat in die wese van God bestaan en wat altyd in verband met die ander (Twee) staan en tog deur selfstandige eiendom-likhede van die ander (Twee) onderskei is. Dit lei daartoe dat die bestaan van die Vader en die Seun en die Heilige Gees bely kan word.

Die teologiese oorskouinge kan op die volgende wyse in 'n Skrifraam gevoeg word:

Die verskillende Godsbenaminge in die Ou Testament,[254]

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

het ten doel om God in sy *vrymagtigheid* te openbaar én om sy *enigheid* en *uniekheid* te bely. In die lig hiervan is dit 'n vraag of daar van 'n trinitariese spreiding in die Ou Testament sprake kan wees.

Daar is nogtans nie 'n skaarste aan pogings om die Trinitеit in Nuwe Testamentiese sin óók in die Ou Testament aan te wys nie. In die kerklike tradisie is die mal'āk Jhwh met die tweede Persoon van die Goddelike drie-eenheid in verband gebring.[255] Volgens dié tradisie kan ons onder mal'āk Jhwh 'n teofanie van die lógos ásarkos verstaan, soos Hy reeds in die Ou Testament werksaam was.[256] Saam met H.M. Kuitert kan ons egter eerder aan 'n identiteit tussen Jhwh en die Mal'āk Jhwh vashou op die plekke waar 'n Subjekwisseling hierdie konklusie bo alle twyfel stel, maar in die algemeen is die mal'āk Jhwh as lid van Jhwh se hemelse "huishouding" 'n "verlengstuk" van die teenwoordigheid van Jhwh Self in sy historiese handelinge as die God van die verbond.[257] Om uitdrukking te gee aan die konkrete distansie tussen Jhwh en Israel, het Jhwh Hom deur sy mal'āk laat verteenwoordig.[258]

'n Poging om die figuur van Jesus Christus as Middelaar in soteriologiese sin in die Ou Testament te laat figureer deur die begrip mal'āk Jhwh op Hom toe te pas, kan nie stand hou nie, aangesien begrippe soos die šem, die pānîm en die kābôd van Jhwh ook dan hiervoor sou moes kwalifiseer.[259]

Onder die term rûah word ook dikwels nog die *Heilige Gees* as derde Persoon van die Goddelike drie-eenheid verstaan. Dié poging ly egter om eksegetiese redes skipbreuk.[260]

Hieruit mag egter nie gekonkludeer word dat God eers op die Nuwe Testamentiese bodem die drie-enige God *geword* het nie. Want God openbaar Hom (in die Ou- en Nuwe Testament) soos Hy *is*. *Onties* is God van altyd af die drie-

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

enige God, maar *noëties* kom die trinitariese spreiding eers in die Nuwe Testament aan die lig.[261)]

Die trinitariese belydenis kan aleen maar in doksologiese verbande belydend gestamel en stamelend bely word: Lof aan God drie-enig!

1.3 PNEUMATOLOGIESE ONTDEKKING

Wanneer die Pneumatologie in trinitariese verband geheg word, het dit 'n Pneumatologiese ontklemming tot gevolg. Die ontklemming hou in dat die volle reikwydte van die Pneumatologie in die bedding van die Ou- en Nuwe Testament ontdek kan word.

Die uitgangspunt van dié studie is dat daar óók vanuit die Ou Testament oor die Pneumatologie besin en gesing moet word.[262)]

Daar moet voorts met teologiese erns daarteen gewaak word dat die Heilige Gees in sy verhouding tot Christus nie slegs as 'n *Gawe van Christus* verstaan word nie. Die Heilige Gees is óók 'n *Gawe aan Christus*. Méér nog: Hy is verder die *Teken van Christus se toekoms*.[263)]

Die Pneumatologie bly 'n opwindende ontdekking vir elkeen wat geboeid na die openbaringsritme van God se Woord luister.

Die formulering "die Heilige Gees as kosmies-eskatologiese Gawe", vereis dat daar helderheid oor die begrippe kosmies en eskatologies verkry moet word en dat die samehang tussen dié terme verduidelik moet word. Dít is die oogmerk van die volgende paragraaf.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

1.4 KOSMIES-ESKATOLOGIESE PNEUMATOLOGIE

Die begrip eskatologie vorm 'n integrale deel van die teologiese woordeskat.[264] En tog heers daar oor hierdie kernwoord 'n Babelse spraakverwarring.[265] Daar is weinig begrippe waaroor daar so maklik in die teologiese spraakgebruik gestruikel word as juis oor die woord eskatologie.

Enersyds is die term deur sommige teoloë mank geslaan.[266] Maar andersyds is dit 'n wins dat daar 'n indringende teologiese gesprek oor die sleutelwoord op dreef gekom het. Die oogmerk van die paragraaf is egter nie om aan 'n diepgaande teologiese gesprek oor die begrip eskatologie deel te neem nie, maar om die be-teken-is van die term vir die studie te motiveer.[267]

Daar kan met Preuss saamgestem word as hy sê dat die *Jahwegeloof* die wortelgrond van die eskatologiese uitsig in die Ou Testament is.[268] Wie in God glo, sien (beleef) sy sinvolle en doel-gerigte eskatologiese handelinge.[269] Wanneer eskatologie óók die *begin-sel van die af-koms van God se toekoms be-teken*, kan dit gehandhaaf word dat God se eskatologiese handelinge nie eers aan die einde van die geskiedenis opdam nie, maar deur die bedding van die geskiedenis stroom.[270] God se eskatologiese handelinge bring mee dat sy heil die geskiedenis deurkruis en ook met die onheil swaarde kruis. Daarom loop sy eskatologiese handelinge in die Nuwe Testament op 'n kruis uit en uit 'n graf uit die toekoms in. God se eskatologiese woorde en dade speel binne die skeppingsruimte af. Daarom het God se eskatologiese inspeling op sy skepping 'n *her-skeppende* resultaat wat na die *vol-tooi-ingsdag* reik.[271] God se her-skeppingswoorde en -werk, skep 'n rustelose kreatiewe spanning in die tyd van die eskatologiese voorbehoud. Want Hy is *nóú* reeds met die herskepping van die kosmos se toekoms besig en wie opgevang is in

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

God se heilryke handelinge is óók nou al met die toekoms besig - *onderweg* besig en *besig* onderweg.

Daar moet ook rekenskap gegee word van die koppeling van kosmos en eskatologie. Dié koppeling wil te kenne gee dat God se herskeppende woorde en handelinge op sy kosmos gerig is. Sy eskatologiese handelinge om-vat die kosmos en dra dit na die voltooiingsdag.

Aangesien dit die bedoeling van die studie is om die kosmies-eskatologiese werk van God Pneumaties te verduidelik, is dit nodig om die kosmiese omvang van die Gees se werk enigsins nader te bepaal. Daar kan met stelligheid van die kosmiese werk van die Gees gepraat word.[272] Die wentelvraag is egter watter vulling aan die *kosmiese* werksaamheid van die Heilige Gees gegee word. Jonker onderskei met reg in die gees van die Gereformeerde tradisie tussen die besondere en algemene werk van die Gees.[273] Onder die besondere werk van die Gees verstaan hy dan "... alles wat te make het met die totstandkoming van die ware kennis van God, die verlossing van sonde deur die geloof in Christus en die ontvangs van die ewige lewe (Dordtse Leerreëls III/IV, 6-17)".[274] Hoewel Jonker die kosmiese werk van die Gees as sy *algemene werk* aandui, hou hy tereg daaraan vas dat die algemene genade 'n uitvloeisel van Christus se heilswerk is.[275] Die trinitariese belydenis maak dit onmoontlik om die kosmiese heilseffektuering los van en sonder die Vader en die Seun te verstaan.

Wanneer die kosmiese werk van die Gees as sy algemene werk verstaan word, kan die volgende kosmiese veld ondersoek word:

Daar kan in die Ou Testament aandag gegee word aan die betekenis daarvan dat die rûah 'n mens toerus sodat hy met vaardigheid, insig en verstand enige werk kan verrig

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

(Besaleël in Eks. 35:31-33) en dat hy ander as vakmanne kan oplei (Oholiab in Eks. 35:34).[276]

Die werk wat die rûah onder die mensdom[277] en die volke[278] verrig, kan ook ondersoek word.

In die Nuwe Testament getuig Paulus dat Christus die eerste plek in die heelal inneem (Kol. 1:18)[279] Vanuit Pneumaties-kosmiese perspektief kan gevra word hoé die Heilige Gees Christus se eerste plek op alle plekke vestig. Anders gestel: hoé werk die Gees in die ongelowige kosmos?

Die kosmiese werk van die Gees is óók op die tempering van die sondige wêreld gerig. Dit is juis dié tempering wat ruimte skep sodat mense vir en naas mekaar kan leef.

Die vraag na die verhouding van die Gees en die kultuur, kan ook binne 'n Pneumaties-kosmiese perspektief nagegaan word.

Die verhouding van die Gees en die ekklesia as kosmies-eskatologiese teken, moet ook in 'n Pneumaties-kosmiese verkenning aan die orde kom.[280]

Die kosmiese werk van die Gees kan egter ook vanuit 'n ander perspektief gevul word. Dit gaan om dié ander perspektief in die studie. Die ander perspektief beteken egter nie dat die totale kosmiese veld van die Gees se werk oorskou word nie, maar dat daar slegs aan 'n bepaalde aspek van sy kosmiese werk aandag gegee word.

Aangesien die Ou Testament ook in berekening gebring moet word by die ontwerp van 'n Pneumatologie,[281] val die lig ter aanvang op God wat deur sy rûah *aansyn* aan die kosmos gee. Onder kosmos word in skeppingsverband die *totale*

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

syn verstaan. Die totale syn is egter aan die verwoestende uitwerking van die sondeverduistering onderwerp. Daarom sal God die messias stuur om sy kosmies omspannende koningsheerskap te realiseer. Anders gesê: om 'n *nuwe aansien* aan die syn te gee. Die rûah as God se eskatologiese daad sal die messias hiertoe in staat stel. Die kosmies-eskatologiese herskeppingshandelinge van God se rûah is in die Ou Testament op die volk (skepsel) en die skepping (natuur) gerig.

In die Nuwe Testament staan die Ou-Testamentiese grondlyne met betrekking tot die rûah se kosmies-eskatologiese werk binne vervullings- en verwysingskategorieë. Die Heilige Gees as eskatologiese Gawe werk vanuit en met die oog op Christus - die gekome Messias. Sy eskatologiese werk is op die kosmos gerig. Onder kosmos word verstaan: *die skepsel én die skepping (natuur).* Hy is vir die skepsel én die skepping 'n Teken van en na Jesus Christus se toekoms. Dié toekoms waar die Vader, die Seun en die Heilige Gees by die *vol-tooi-de kosmos* sal wees.

Indien die kosmiese werk van die Gees vanuit dié perspektief gesien word (en dit is die oogmerk van die studie), kan onder die besondere werk van die Gees die heilseffektuering ten opsigte van die skepsel verstaan word. Sy algemene kosmiese werk is dan op die skepping (natuur) gefokus.

Teen dié agtergrond, kan 'n verkenning van die werksaamhede van die rûah van God as Gawe met die oog op die kosmiese herskeppingsgebeure onderneem word.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

VOETNOTE - HOOFSTUK 1

1. Vir 'n oorsig oor die rykdom van Pneumaties-gerigte literatuur word na die literatuurlys verwys.

2. K. Blaser, *Vorstoss zur Pneumatologie*, pp. 5-6. "Es wird sich also nicht um Neuentdeckung, sondern um Wiederentdeckung handeln". Vgl. ook W.D. Jonker, *Die Gees van Christus*, p. 260 e.v.; H. Meyer, "Pneumatische Herausforderungen - Eine Einführung" in M. Lienhard en H. Meyer, *Wiederentdeckung des Heiligen Geist*, pp. 7-24; B. Engelbrecht, *God en die politiek*, p. 59; J. Veenhof, *De Parakleet*, p. 5.

3. Die brug na die verlede bly 'n onontbeerlike teologiese pad.

4. Vir 'n omskrywing van die teologie as eietydse teologie, vgl. J.A. Heyns, *Sterwende Christendom?*, p. 8 e.v. Die eietydse teologie speel ook beslissend in op die praktiese Christendom (Christenwees). Vgl. hiervoor Heyns, *Lewende Christendom*, p. 2 e.v. Die Heilige Skrif skep die lewensruimte vir die dogmatiek. Die Skrif is egter ook die grens vir die dogmatiese verkenning. Sodra die dogmatiek sy teologiese saak oor die grense van die Ou- en Nuwe Testament leer bedryf, beland dit in 'n stuk niemandsland sonder teologiese hoop op oorlewing. Oor die verhouding van dogmatiek en Heilige Skrif, vgl. Jonker, "Dogmatiek en Heilige Skrif" in *Septuagesimo Anno*, p. 86 e.v. Voorts Jonker, "Die Ou Testament in die dogmatiek" in D.H. Odendaal, B.A. Müller, H.J.B. Combrink, *Die Ou Testament Vandag*, p. 75 e.v. Die dogmatiek moet ook van die wetenskaplik-beproefde eksegetiese grepe gebruik maak in sy hantering van dogmatiese vraagstukke. Daarom moet daar voortdurend 'n eksegetiese inspeling op die dogmatiek plaasvind.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

5. Vgl. O. Dilschneider se artikel "Die Geistvergessenheit der Theologie", *Theologische Literaturzeitung*, Nr. 4 (1961) 259-261. Vgl. ook van dieselfde skrywer *Ich glaube an den Heiligen Geist*. Die eerste hoofstuk dra die (vanself-) sprekende titel: "Geistesvergessenheit". Dilschneider se bydrae "Geist und Kirche" in C. Heitmann en F. Schmelzer, *Im horizont des Geistes* en sy "Vorwort" in Dilschneider, *Theologie des Geistes*, p. 8, kan ook vermeld word. Blaser gebruik die term "Geistesvergessenheit" in sy *Vorstoss zur Pneumatologie*, p. 5, terwyl Veenhof van "Geistvergessenheit" in sy *De Parakleet*, p. 5 praat. Vgl. ook nog H. Mühlen, "Die Geisterfahrung als Erneuerung der Kirche" in O. Dilschneider, *Theologie des Geistes*, p. 71 e.v. en A.M. Aagard, "Die Erfahrung des Geistes" in O. Dilschneider, *Theologie des Geistes*, p. 21.

6. Volgens Dilschneider is die "Geistvergessenheit" in die post-metafisiese tydvak 'n onmiskenbare feit. Vgl. Dilschneider, *Ich glaube an den Heiligen Geist*, pp. 12, 15.

7. Vir 'n weloorwoë oorsig oor die Pneumatologiese inslag in die geskiedenis van die teologie, vgl. Jonker, *Die Gees van Christus*, pp. 9-100. Vgl. ook Dilschneider, *Ich Glaube an den Heiligen Geist*, pp. 9-10. Calvyn word nie ten onregte deur Warfield en Van der Linde as "teoloog van die Heilige Gees" beskryf nie. Die derde boek van sy Institusie, wat oor die Gees handel, is veel langer as die voorafgaande boeke wat oor die werk van die Vader (I) en van die Seun (II) handel. Vgl. Dilschneider, *Ich glaube an den Heiligen Geist*, p. 10; S. van der Linde, *De leer van den Heiligen Geest bij Calvijn*, p.1.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

8. Jonker, *Die Gees van Christus*, p. 9. In die Gereformeerde dogmatiek van Bavinck wat in die Gereformeerde tradisie wortel, word vergeefs na die dogmatiese ontvouing van "doop met die Heilige Gees" en "die vervulling met die Heilige Gees" gesoek.

9. *Idem.*

10. In die Lutherse Reformasie het die klem op die regverdigmaking deur die geloof geval. Vgl. Dilschneider, *Ich glaube an den Heiligen Geist*, pp. 9-10. Daarom ontkom die Lutherse teologie nie skotvry aan die gevaar om die Pneumatologie tot inlywing in die Christologie te beperk en om dit selfs uitsluitlik daarin te laat opgaan nie. Die sg. nadere Reformasie van die 17de en 18de eeu was volgens Berkhof die Skots-Nederlandse parallel van die Piëtisme. In dié beweging is daar na en naas die fase van die teokraties-politieke reformasie van die gemeenskap, gestreef na die reformasie van die individuele lewe. Vgl. H. Berkhof, "Die Pneumatologie an der niederländischer Theologie", in O. Dilschneider, *Theologie des Geistes*, p. 27. In die lig van die Piëtisme en nadere Reformasie se teologiese vertrekpunte, het die bewegings weerloos teen die lewensgevaarlike bedreiging van heilsegoïsme en heilsindividualisme gestaan.

11. A. Adam, *Dogmengeschichte 1*, p. 164. G.J. Hoenderdaal, *Geloven in de Heilige Geest*, pp. 49-50; E. Schweizer, *Heiliger Geist*, p. 12, stel dit so: "Mitte des 2. Jahrhunderts ist in Kleinasien *Montanus* aufgetreten und hat sich selbst als die Verkörperung des von Jesu verheissenen Heiligen Geistes verstanden". Vgl. ook Veenhof, "Der Paraklet" in O. Dilschneider, *Theologie des Geistes*, p. 127.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

12. Hoenderdaal, *a.w.*, p. 50.

13. Jonker, *Die Gees van Christus*, p. 42.

14. J.N.D. Kelly, *Early Christian Doctrines*, p. 59; Hoenderdaal, *a.w.*, p. 50; Jonker, *Die Gees van Christus*, p. 42; Schweizer, *a.w.* p. 12. Schweizer stel dit so: "Propheten und vor allem Prophetinnen folgten ihm, die in ekstatischer Rede das nahe Weltende und das Herabsteigen des himmlischen Jerusalems ankündigten".

15. Hoenderdaal, *a.w.*, p. 52.

16. Hoenderdaal, *a.w.*, p. 52 stel dit só: "Er is duidelijk een tendentie tot voortgaande openbaring. De heilige Geest die op de apostelen was, kan in nog groter mate op de mensen van later komen". Vgl. ook Berkhof, *De leer van de Heilige Geest*, p. 25.

17. Hoenderdaal, *a.w.*, pp. 52-3.

18. Jonker, *Die Gees van Christus*, p. 116, maak die volgende opmerking: "Dit is bekend dat die spiritualistiese groepe deur die eeue, vanaf Montanus tot by die moderne Pinksterbeweging, altyd weer probeer om die eie betekenis van die Gees náás Christus te aksentueer." Die náás Christus kan so maklik tot 'n sónder Christus verword. Net so min as wat die Christologie nie in die Pneumatologie mag opgaan nie, net so min mag die Pneumatologie in die Christologie opgaan.

19. Die strakke rigoristiese metodiek bring mee dat die heilshistoriese reliëf; die Bybelse spreiding van die gawes ontken, en die vryheid van die Heilige Gees nie voldoende onderken word nie.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

20. Hoenderdaal, *a.w.*, p. 58.

21. Jonker, *Die Gees van Christus*, p. 47, wys bv. op die Joachimiete in die 13de eeu. Hulle "was 'n groep van Franciskaners wat 'n streng navolging van die armoede-ideaal voorgestaan het en hulle verset teen die verwêreldliking van die kerk ingebou het in die opvattings van Joachim van Floris".

22. Vgl. in hierdie verband. H. Grundmann, "Ketzergeschichte des Mittelalters" in *Die Kirche und ihrer Geschichte*, pp. 42-43; N. Cohn, *The pursuit of the millenium*, p. 99 e.v.; J. Moltmann, *Trinität und Reich Gottes*, p. 221 e.v.

23. Hoenderdaal, *a.w.*, p. 59.

24. Adam, *Dogmengeschichte 2*, p. 66; Jonker, *Die Gees van Christus*, p. 47; Hoenderdaal, *a.w.*, p. 59; Schweizer, *a.w.*, p. 13; Moltmann, *a.w.*, p. 221. Moltmann wys daarop dat Joachim twee eskatologiese denkwyses van die Christelike tradisie in sy leer verbind het. Die eerste denkwyse gaan op Tyconius terug en is deur Augustinus ontwikkel: God het die wêreld in sewe dae geskape. Ooreenstemmend het die wêreldgeskiedenis sewe tydvakke. Na afloop van ses tydperke van moeite en arbeid volg die sewende tydvak van rus. Dit is dan die wêreldhistoriese sabbat voor die einde van die wêreld. Sodra die sewende dag van die wêreldgeskiedenis tot 'n einde kom, begin volgens Augustinus, die ewige dag van God, die ryk van die oneindige heerlikheid. Die tweede eskatologiese denkwyse het Joachim van die Kappadosiese teoloë oorgeneem. Hulle het reeds die ryk van die Vader, die ryk van die Seun en die ryk van die Gees onderskei en die geskiedenis van die Godsheerskappy in hierdie orde neergelê. Vgl. Moltmann, *a.w.*, p. 221.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

25. Moltmann, *a.w.*, p. 222. Vgl. ook Hoenderdaal, *a.w.*, p. 59. Moltmann stel dit verder só: "Weder die Kappadozier noch Joachim dachten aber an eine 'Auflösung' der Trinität in die Weltgeschichte, sie appropriierten vielmehr die Formen des Reiches in den weltgeschichtlichen Zeiten der Personen der Trinität". *A.w.*, p. 222.

26. Moltmann, *a.w.*, pp. 222-223.

27. *Ibid*, p. 223.

28. *Idem*.

29. *Ibid*, p. 226.

30. Schweizer, *a.w.*, p. 13. Volgens Jonker het Joachim geleer dat die derde ryk in 1260 sou aanbreek en in hierdie tydperk sou die kerk tot die vroeë Christelike toestande terugkeer. *Die Gees van Christus*. p. 47. Vgl. ook Moltmann, *a.w.*, p. 223.

31. Hoenderdaal, *a.w.*, p. 60.

32. Hoenderdaal, *a.w.*, p. 60. Vgl. ook Moltmann, *a.w.*, pp. 224-226.

33. Berkhof, *De leer van de Heilige Geest*, p. 11.

34. Met die Aufklärung het die mens se eie mondigheid deurslag gegee en het hy homself losgemaak van die outokratiese denkpatroon. Vgl. Jonker, "Die aktualiteit van die sosiale etiek" in P.A. Verhoef, D.W. de Villiers, J.L. de Villiers, *Sol Iustitiae*, p. 86. Die mens "kon die wêreld nie langer beskou as iets wat oor hom regeer met wette waaraan hy homself moes onderwerp nie, maar hy het homself verstaan as heer

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

van die wêreld, selfs as die skepper van sy eie wêreld". *Idem.* Vgl. ook H.W. Rossouw, *Die sin van die lewe*, p. 26.

35. Moltmann, *a.w.*, p. 18.

36. A. Kuen, *Der Heilige Geist*, p. 144; Blaser, *a.w.*, p. 10.

37. Dilschneider, *Ich glaube an den Heiligen Geist*, p.62.

38. *Idem.*

39. Vgl. Schweizer, *a.w.*, p. 17.

40. Aagaard, *a.w.*, p. 13.

41. G.P. Hartvelt, "Ijle Balans", *Gereformeerd theologisch tijdschrift*, I (1978) 31 e.v. Vgl. Veenhof, *De Parakleet*, p. 6.

42. Mühlen, "Die Geisterfahrung als Erneuerung der Kirche" in O. Dilschneider, *Theologie des Geistes*, p. 78.

43. Jonker, *Die Gees van Christus*, p. 220 e.v.

44. *Ibid.*, p. 220. Vgl. ook Schweizer, *a.w.*, p. 14.

45. Voorbeelde van gereformeerdes wat ruimte vir die Charismatiese Beweging skep, is die volgende: J. Rodman Williams, J.A. Schep, W.W. Verhoef, Thomas Smail, K.J. Kraan.

46. Kardinaal L.J. Suens, H. Mühlen.

47. Veenhof. *De Parakleet*, p. 6.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

48. Schweizer, *a.w.*, p. 14; Blaser, *a.w.*, p. 5.

49. "Ze waren zo gepakt door de emotionaliteit die hier vaak los kwam, dat de reflectie zelfs vaak in een verdachte hoek zat". Berkhof, "Enige aspekten in het denken over de Heilige Geest in de 20e eeuw", *Bulletin voor Charismatische Theologie* 1, 1 (1978) 15. Vgl. ook Berkhof, *De leer van de Heilige Geest*, p. 11.

50. Berkhof, "Enige aspekten in het denken over de Heilige Geest in de 20e eeuw", *Bulletin voor Charismatische Theologie* 1, 1 (1978), 16.

51. *Idem*.

52. *Idem*.

53. Schweizer, *a.w.*, p. 14.

54. Kuen, *a.w.*, p. 9.

55. "Die ware geloof sal altyd ervaringe meebring". Jonker, *Die Gees van Christus*, p. 238.

56. *Idem*.

57. *Idem*.

58. Berkhof, *De leer van de Heilige Geest*, p. 25.

59. Vgl. Jonker, *Die Gees van Christus*, p. 239. Uit hoofstuk 4 blyk dat die verhouding tussen die opgestane Christus en die Heilige Gees deurslaggewend vir 'n Bybelse Pneumatologie en teologie is.

60. Moltmann, *a.w.*, p. 28.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

61. *Idem.*

62. *Ibid,* pp. 28-29.

63. Mühlen, "Pneumatologie am Beginn einer neuen Epoche" in C. Heitmann en F. Schmelzer, *Im Horizont des Geistes,* p. 55. Die sentraalstelling van die mens en die wêreld gaan gepaard met 'n groeiende afkeer aan kerklike triomfalisme en narsisme. Vgl. Engelbrecht, *a.w.,* p. 63.

64. Mühlen, "Pneumatologie am Beginn einer neuen Epoche" in C. Heitmann en F. Schmelzer, *Im Horizont des Geistes,* p. 55.

65. Dit kan nie ontken word "dat in de laaste tijd het probleem van de - legitieme - aandacht van dit aardse leven steeds sterker en nadrukkelijker aan de orde wordt gesteld". G.C. Berkouwer, *Een halve eeuw theologie,* p. 269. Vgl. Engelbrecht, *a.w.,* p. 63.

66. Berkouwer, *a.w.,* p. 310.

67. Moltmann, *a.w.,* p. 21.

68. Vgl. E. Zenger, *Gottes Bogen in den Wolken,* pp. 179-183 met betrekking tot "Einige ökologisch-theologisch Folgerungen"; C.E. Johnson (red.), *Eco-Crisis;* W. Murdoch, *Environment Resources, pollution and society;* A.H. Esser, *Behaviour and environment. The Use of Space by Animals and Men;* Committee in Geological Sciences, *The Earth and Human Affairs;* O. Jackson, *Conservation and Pollution;* P.R. Ehrlich, A.H. Ehrlich, J.P. Holdren, *Human Ecology. Problems and Solutions;* T.C. Emmel, *Global perspectives on ecology.*

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

69. C. Heitmann, "Vorwort" in C. Heitmann en F. Schmelzer, *Im Horizont des Geistes*, p. 6. Vgl. ook Dilschneider, *Ich glaube an den Heiligen Geist*, p. 15.

70. Dilschneider, *Ich glaube an den Heiligen Geist*, p. 18. Dilschneider stel dit op 'n ander plek só: "Unser theologisches Reden von Gott, von Jesus Christus, von dessen Leben, Sterben und Auferstehen, von der Kirche, von unserer Erlösung und von des Christen Hoffnung und Zukunft hängt davon ab, dass und was der Heilige Geist wirkt und was dieser Heilige Geist seinem Wesen und seiner Struktur nach ist". Dilschneider, "Geist und Kirche" in C. Heitmann en F. Schmelzer, *Im Horizont des Geistes*, p. 9.

71. Onder "gesonde Pneumatologie en Christologie" word 'n invloeiing van die Bybelse inhoud tot aan die wande bedoel. Vgl. Mühlen, "Pneumatologie am Beginn einer neuen Epoch", in C. Heitmann en F. Schmelzer, *Im Horizont des Geistes*, p. 48 e.v.

72. Vgl. Engelbrecht, *a.w.*, pp. 70-76, 82-83, 87-93; G. Gutiérrez, *Theologie van de bevrijding;* J. Miguez Bonino, *Theologie van verdrukten;* J.L. Segundo, *The liberation theology;* Heyns, *Teologie van die revolusie;* A. Seifart, *Der Gott der politischen Theologie vom kämfenden Nationalgott bis zur christlich motivierten Strategie des Guerillakrieges.*

73. Karl Barth sien in die Triniteitsleer die interpretasiekader van "die Lehre vom Worte Gottes". Die plek en voorrang aan die Triniteitsleer het volgens Barth as oogmerk om die teologie te bevry van 'n spekulatiewe natuurlike teologie en om die teologie van begin tot einde te oriënteer aan Jesus Christus as Gods openbaring aan die mens. Wie die openbaring van

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

God in Jesus Christus as vertrekpunt van die teologiese refleksie neem, staan voor die drie-enige God. Daarom plaas Barth die Triniteitsleer nie alleen aan die begin van sy Godsleer nie, maar maak hy dit deel van sy prolegomena tot die dogmatiek. Vgl. Barth, *Die christliche Dogmatik im Entwurf*, p. 165 e.v.; Barth, *Kirchliche Dogmatik 1/1*, p. 320 e.v. Vergelyk ook in hierdie verband Dilschneider, *Ich glaube an den Heiligen Geist*, p. 22. Hoenderdaal gee voorkeur aan die term "drievuldigheid" van God in plaas van die Triniteit van God. Hoenderdaal, *a.w.*, pp. 123-124. Die saak waarom dit hier gaan bly egter duidelik. Vgl. ook A.A. van Ruler, "De noodzakelijkheid van een trinitarische theologie" in *Verwachting en voltooiing*, pp. 9-28; W. Pannenberg, "Die Subjektivität Gottes und die Trinitätslehre" in *Grundfragen Systematischer Theologie Band 2*, pp. 96-128. Hierdie legitieme trinitariese beklemtoning is nie net maar 'n eietydse verskynsel nie, want die worsteling om ruimte vir 'n trinitariese teologie te maak, kan in die geskiedenis van die teologie sonder veel moeite vasgestel word. Die bydraes van Tertullianus, Augustinus en Calvyn in hierdie verband, kan nie genoeg na waarde geskat word nie. Vgl. R. Seeberg, *Textbook of the history of Doctrines I*, p. 237 e.v.; O.W. Heick, *A History of Christian thought I*, p. 127 e.v., pp. 143-168; Adam, *Dogmengeschichte I*, p. 164 e.v.; pp. 278-284; J.J. Verhees, *God in beweging. Een onderzoek naar de pneumatologie van Augustinus*. Met reg verklaar Calvyn: "Nam ita se praedicat unicum esse, ut distincte in tribus personis considerandum proponat, quas nisi tenemus, nudum et inane duntaxat Dei nomen sine vero Deo in cerebro nostro volitat". *Inst. I*, XIII, 2.

74. Moltmann, *a.w.*, p. 153; Adam, *Dogmengeschichte I*, pp. 163-168.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

75. Moltmann, *a.w.*, p. 154.

76. Hy verwys bv. na die son-straal-refleks of die bron-spruit-rivier. Moltmann, *a.w.*, p. 153; Adam, *Dogmengeschichte I*, p. 164.

77. Moltmann, *a.w.*, pp. 153-154. Vgl. ook Seeberg, *Textbook of the history of Doctrines I*, p. 120 e.v.; Heick, *a.w. I*, pp. 127 e.v., 145 e.v.

78. 'n Bespreking van die verhouding tussen Wesens- en Openbaringstriniteit is van wesenlike betekenis vir die Triniteitsleer en kom daarom later aan die orde.

79. C.F.D. Moule, *The Holy Spirit*, p. 45; Adam, *Dogmengeschichte I*, pp. 223-226.

80. homoousíos, consubstantialis.

81. Moule, *a.w.*, pp. 46-47. Vgl. Heick, *a.w.*, pp. 154-168. Vgl. ook Adam, *Dogmengeschichte I*, pp. 233-240.

82. P. Schaff, *The Creeds of Christendom Vol. II*, p. 59.

83. Vgl. Heick, *a.w.*, pp. 155, 160-161; Seeberg, *Textbook of the history of Doctrines I*, pp. 203, 208-211, 216-218, 228; J.J.F. Durand, *Die Lewende God*, p. 75; Kelly, *a.w.*, p. 129.

84. Durand, *a.w.*, p. 75; Kelly, *a.w.*, pp. 114-115.

85. Durand, *a.w.*, p. 75.

86. P. Schaff, *a.w.*, pp. 66-67.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

87. Vir die teologiese gebruiksaanwending van persona (prosōpon) vgl. Moltmann, *a.w.*, p. 187; Pannenberg, "Person" in *Die Religion in Geschichte und Gegenwart V*, pp. 230-235; Pannenberg, "Person und Subjekt" in *Grundfragen systematischer theologie 2*, pp. 80-95. In die Griekse teologie is reeds vroeg naas prosōpon die begrip hupostasis in die Triniteitsleer aangewend. Met hupostasis is egter nie masker of verskyningswyse bedoel nie, maar die individuele eksistensie van 'n natuur. Vgl. Moltmann, *a.w.*, p. 187 en Seeberg *Textbook of the history of Doctrines I*, p. 228.

88. Schaff, *a.w.*, pp. 66-68.

89. Adam, *Dogmengeschichte I*, pp. 278-284; Kelly, *a.w.*, pp. 272-273.

90. Verhees, *a.w.*, p. 335.

91. Kelly, *a.w.*, p. 274.

92. Thomas interpreteer die kenmerkende van die Goddelike persone vanuit hulle relasies. *Summa Theologiae I*, 29, 4 en *I*, 30, 1. Augustinus slaag ook daarin om die substansie-denke van Boethius te oorwin. Vgl. die beroemde persoonsomskrywing van Boethius wat in sy substansie-denke wortel: persona est relationis naturae individua substantia. Boethius, *Trin. 3.1-5* MPL 64, 1343 C. Vgl. ook sy *Liber de persona et duabus naturis*, Cap. III. Vgl. Thomas Aquinas, *Summa Theologiae I*, 40, 3 oor Boethius se persoonsomskrywing. Vgl. verder Kelly, *a.w.*, pp. 274-275.

93. Vgl. Kelly, *a.w.*, p. 274; Adam, *Dogmengeschichte I*, p. 280.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

94. E.J. Beker en J.M. Hasselaar, *Wegen en kruispunten in de dogmatiek 2*, p. 209.

95. Beker en Hasselaar, *a.w.*, p. 212. Die twee aksiomata het groot invloed op die Triniteitsleer uitgeoefen. Vgl. Durand, *a.w.*, p. 21. In die relasionele persoonsvoorstelling vervul die Heilige Gees 'n merkwaardige funksie. Dit is nl. die intertrinitariese funksie van die Heilige Gees dat Hy die vinculum tussen die Vader en die Seun is. Augustinus gebruik ook die terme caritas, concordia en pax om die taak van die Heilige Gees aan te dui. Vgl. Verhees, *a.w.*, pp. 83-98, 206, 211, 216-221, 341-342, 348-349, 354; Moltmann, *a.w.*, p. 186; Adam, *Dogmengeschichte I*, p. 282.

96. Moltmann, *a.w.*, p. 188.

97. *Idem*. Moltmann wys ook op die gevaar van modalisme as die persoonsbegrip in die relasionele kader ingeperk word. *Ibid.*, p. 189.

98. In sy *Summa Theologiae I*, 40, 1 verklaar Thomas: "Sed quia relatio secundum quod est quaedam res in divinis est ipsa divina essentia, essentia autem idem est quod persona, ut ex dictis patet, oportet quod relatio sit idem quod persona".

99. Só tereg Moltmann, *a.w.*, p. 189.

100. *Idem*.

101. Augustinus se relasionele persoonsbegrip bring mee dat hy die heilsekonomiese benadering van die drieenige God nie tot sy reg laat kom nie.

102. Moltmann, *a.w.*, p. 189.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

103. Gregorius van Nazianze het die uitdrukking perichōrein vir die eerste keer op die verhouding van die twee nature van Christus aangewend. L. Ott, *Grundriss der Dogmatik*, p. 87. Johannes van Damascenus het die leer van die ewige perichōrēsis of circumincessio van die trinitariese Persone voorgedra. Damascenus het ook die Christologiese perichorese geleer. Vgl. Johannes Damascenus, *De Fide Orthodoxa*, MPG 94, 789-1228.

104. Deur die semper invicem te benadruk, word die belydenis van die eenheid bewaar. Vgl. Beker en Hasselaar, *a.w.*, p. 204.

105. Moltmann, *a.w.*, p. 191. Die drie Persone "leben und erscheinen ineinander und durch die anderen". *Ibid.*, p. 192. Moltmann gaan voort: "Im Blick auf das innere Leben der Trinität aber bilden die drei Personen kraft ihrer Relationen zueinander und in der ewigen Perichorese ihrer Liebe selbst ihre Einheit. Sie konzentriert sich um den ewigen *Sohn*. Das ist die *perichoretische Einigkeit der Trinität*" *Ibid.*, p. 194.

106. O, ondeurgrondelike misterie!

107. Moltmann, *a.w.*, p. 191.

108. *Ibid.*, pp. 189-190.

109. *De trinitate, VIII*, VIII, 12.

110. *De trinitate VIII*, X, 14.

111. Die leer van God is nie in die mens of die geskiedenis gegrond nie, maar in die openbaring van God in die geskiedenis van die mens. In hierdie konteks kan

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

daar slegs in die verbygaan na die filioque-problematiek verwys word. Die Oosterse kerk staan en val by die beslissing dat die Heilige Gees alleen van die Vader as die Oorsprong van die Godheid uitgaan en histories deur die Seun gestuur is. Die Westerse kerk handhaaf die uitgaan van die Heilige Gees van sowel die Vader as die Seun. Op grond van die relasionele trinitariese lewe, die perichorese van die Goddelike persone, die Liefdestriniteit sowel as die beweeglikheid in die Triniteit moet die Westerse standpunt onderskryf word. Vgl. Adam, *Dogmengeschichte I*, pp. 250, 375; Van Ruler, *De vervulling van de Wet*, p. 166. Vir 'n ander interpretasie: Moltmann, *a.w.*, pp. 194-201.

112. *Inst. I*, XIII, 2; *I*, XIII, 5.

113. *Inst, I*, XIII, 2.

114. *Inst. I*, XIII, 19.

115. Vgl. Barth, *Kirchliche Dogmatik 1/1*, p. 377; *W. Krusche, Das Wirken des Heiligen Geist nach Calvin*, p. 4.

116. *Inst. I*, XIII, 2.

117. *Inst. I*, XIII, 6.

118. Vgl; *Inst. I*, XIII, 2 en veral sy kommentaar op die brief aan die Hebreërs. Calvin, *Commentaries on the Epistle of Paul the Apostle to the Hebrews* (vertaal deur J. Owen), p. 35 e.v.

119. *Inst. I*, XIII, 2.

120. Vgl. H. van Oyen, *De Brief aan de Hebreeën*, p. 10 e.v.; B.F. Westcott, *The Epistle to the Hebrews*,

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

p. 9. e.v.; H. Strathmann, *Der Brief an die Hebräer*, p. 76 e.v.; F.W. Grosheide, *Hebreeën*, p. 62 e.v.

121. *Inst. I*, XIII, 6.

122. *Inst. I*, XIII, 6.

123. *Inst. I*, XIII, 18.

124. *Inst. I*, XIII, 14. Calvyn verklaar: "ita unus ipse est sapientiae, prudentiae, fortitudinis, pietatis Spiritus". *Inst. I*, XIII, 16.

125. Die eie werke van die Heilige Gees bestaan in die uitwerking van die raad en die werke van God. In die effektuering van die werke van die Vader en die Seun is die eie werke van die Heilige Gees aan te wys. Juis omdat Hy die werke van die Vader en die Seun effektueer, staan die Heilige Gees se werke nie los van dié van die Vader en die Seun nie. *Inst. I*, XIII, 14, 15 en 18.

126. *Inst. I*, XIII, 2, 19, 20.

127. *Inst. I*, XIII, 6.

128. *Inst. I*, XIII, 18.

129. *Inst. I*, XIII, 18, 20, 23.

130. *Inst. I*, XIII, 20, 25.

131. *Inst. I*, XIII, 6 en 20. Wanneer Christus dus in die Persoon van die Middelaar die Vader aanspreek, omdat Hy met die Naam God, die Godheid waarby Hy óók ingesluit is. *Inst. I*, XIII, 26. Vgl. *Inst. I*, XIII, 15, 19 en 20 oor die Godheid van die Heilige Gees.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

132. *Inst. I*, XIII, 15, 19 en 20. Die doopbevel bring aan die lig dat die drie Persone, deur wie God alleen geken kan word, in die Goddelike essensie bestaan. *Inst. I*, XIII, 16.

133. Barth, *Die christliche Dogmatik im Entwurf*, p. 165.

134. *Ibid.*, p. 166.

135. Barth, *Kirchliche Dogmatik 1/1*, p. 352.

136. Barth, *Die christliche Dogmatik im Entwurf*, p. 173. Vgl. ook Barth, *Kirchliche Dogmatik 1/1*, pp.324, 369.

137. Vgl. Barth, *Kirchliche Dogmatik 1/1*, p. 323 e.v.

138. Barth, *Die christliche Dogmatik im Entwurf*, p. 204.

139. Barth, *Kirchliche Dogmatik 1/1*, p. 311.

140. *Ibid.*, p. 369.

141. *Ibid.*, p. 373.

142. *Ibid.*, p. 374.

143. Barth, *Die christliche Dogmatik im Entwurf*, p. 204.

144. *Ibid.*, p. 231.

145. Barth, *Kirchliche Dogmatik 1/1*, p. 331. Hierdie merkwaardige Christologiese toespitsing beheers Barth se ganse teologie. Dit geld vanselfsprekend ook sy Pneumatologiese ontwerp.

146. *Ibid.*, p. 333.

147. *Idem*.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

148. *Ibid.*, p. 337.

149. *Ibid.*, pp. 337-338.

150. *Ibid.*, p. 343.

151. *Ibid.*, p. 348.

152. *Idem.*

153. *Ibid.*, p. 351.

154. *Idem.*

155. *Idem.*

156. *Ibid.*, p. 323 e.v.

157. *Ibid.*, p. 369. Die Eén God is as die Here aldus "als Person zu verstehen ..., d.h. aber als in und für sich seiendes Ich mit einem ihm eigenen Denken und Wollen. So begegnet er uns in seiner Offenbarung. So ist er dreimal Gott als Vater, Sohn und Geist". *Ibid.*, p. 378.

158. God is nie slegs "als unpersönliche Herrschaft, d.h. als Macht, sondern als der Herr, also nicht nur als absoluter Geist, sondern als *Person* zu verstehen ..." *Idem.* My kursivering.

159. *Ibid.*, p. 374.

160. Barth het die begrip "Seinsweise" aan Dorner ontleen. Vgl. T.A. Dorner, *System der christlichen Glaubenslehre I*, p. 430.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

161. Barth, *Kirchliche Dogmatik 1/1*, p. 379.

162. *Ibid.*, p. 388.

163. *Ibid.*, p. 390 e.v. oor die perichorese.

164. *Ibid.*, p. 393 e.v.

165. *Ibid.*, p. 511.

166. "Um ihre Wechselbeziehung als Liebe zu denken, bedarf es keiner dritten Person der Trinität. Wird der Geist nur als die Einheit der Getrennten bezeichnet, dann verliert er jedes Aktionszentrum. Er ist dann eine Energie, aber keine Person. Er ist dann eine Beziehung, aber kein Subjekt". Moltmann, *a.w.*, p. 159.

167. "Lässt sich auf diese Weise kein selbständiges Personsein des Heiligen Geistes in der Trinität begründen, dann muss zurückgefragt werden, ob in dieser 'Binität' eigentlich *Gott der Sohn* im vollen Sinne Person genannt werden kann". *Ibid.*, p. 160.

168. *Idem.* Dit kan beswaarlik ontken word dat Barth se formulering in *Kirchliche Dogmatik 1/1*, p. 370, die indruk van modalisme kan skep. "Aber nicht von drei göttlichen Ich, sondern dreimal von dem einen göttlichen Ich ist in ihr (d.i. die Trinitätslehre) die Rede". Die beswaar van modalisme tref Barth egter nie, omdat hy nêrens onder God as Subjek die Vader verstaan waarvan die Seun en die Heilige Gees gestaltes sou wees nie.

169. Vgl. Verhees, *a.w.*, pp. 83-98, 206, 211, 216-221, 341-342, 348-349, 354; Krusche, *a.w.*, pp. 1-13, 265-272, 316-319; Van der Linde, *a.w.*, p. 29 e.v.; Adam, *Dogmengeschichte I*, p. 282.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

170. Barth, *Kirchliche Dogmatik 1/1*, p. 470 e.v. Die Heilige Gees moet volgens Barth nie loodreg van bo verwag word nie, maar Hy waai vanuit Christus op ons toe vanuit die geskiedenis van die heil. Daarom praat Barth van Jesus Christus as die *objektiewe* werklikheid en moontlikheid van die openbaring en van die Heilige Gees as die *subjektiewe* werklikheid en moment van die openbaring. Vgl. *Kirchliche Dogmatik 1/2*, pp. 222-303. Die werking van die Heilige Gees word by Barth in noëtiese, applikatiewe en subjektiewe terme verstaan. Wanneer die verhouding tussen die opgestane Christus en die Heilige Gees in hoofstuk 4 aan die orde kom, sal daar grondig na Barth se teologisering met betrekking tot hierdie saak gekyk word.

171. Vgl. Barth, *Kirchliche Dogmatik 1/1*, p. 419 e.v. Jesus Christus is die "ewige Seun" soos die Vader die "ewige Vader" is! *Ibid.*, pp. 435-470.

172. Barth word daarvan verwyt dat hy in sy Triniteitsleer die eenheid van God as sy vertrekpunt neem, en dan na die drieheid van God in sy openbaring vra. Só bv. Moltmann, *a.w.*, pp. 160-161 en Pannenberg, "Die Subjektivität Gottes und die Trinitätslehre" in *Grundfragen systematischer Theologie 2*, p. 100 e.v. Daar is by Barth egter nie 'n spanning tussen die Wesens- en ekonomiese Triniteit nie.

173. Vgl. Moltmann, *Theologie der Hoffnung*. "... allein die Christologie nötigt zur Erkenntnis und zum Begriff des dreieinigen Gottes". Moltmann, *Trinität und Reich Gottes*, p. 112.

174. Moltmann, *Der Gekreuzigte Gott*, p. 236.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

175. *Ibid.*, p. 200 e.v.

176. Moltmann, *Trinität und Reich Gottes*, p. 99 en veral p. 176. Vgl. ook sy opstel "Die trinitarische Geschichte Gottes" in *Zukunft der Schöpfung*, p. 89 e.v.

177. Moltmann, *Trinität und Reich Gottes*, p. 99.

178. *Ibid.*, pp. 99, 177.

179. Hegel se invloed op Moltmann is hier onmiskenbaar.

180. Moltmann, *Der Gekreuzigte Gott*, p. 231. Vgl. ook die volgende uitspraak op p. 232 waar Moltmann van die gebeure "zwischen dem liebenden Vater und dem geliebten Sohne im präsenten Geist der Lebenschaffenden Liebe", praat. En vervolg hy: "Der liebende Vater entspricht sich im liebenden Sohn und schafft im Geist Entsprechungen der Liebe im widersprechenden Menschen". *Ibid.*, p. 235.

181. Moltmann, *Trinität und Reich Gottes*, pp. 111, 236.

182. *Ibid.*, pp. 79-80.

183. *Ibid.*, pp. 226-227, 229. Hegel se geskiedenisfilosofie het hier 'n diep inslag in Moltmann se Triniteitsleer. In Moltmann se idioom maak God nie slegs geskiedenis nie, maar die geskiedenis maak God! God word in sy volkome Godwees uitgelewer aan die (sukkel-) gange van die geskiedenis. God se indaling en begeleiding van die geskiedenis beteken nog glad nie dat Hy in die netwerk van die geskiedenis vasval nie. Hy bly God - veral in die geskiedenis!

184. Moltmann, *Der Gekreuzigte Gott*, p. 233. Hy wyk ook in sy *Trinität und Reich Gottes* nie van hierdie denkpatroon af nie. Vgl. p. 230.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

185. Moltmann, *Der Gekreuzigte Gott*, p. 235 e.v., 266; *Trinität und Reich Gottes*, p. 119. Hierdie sluitende konklusies bring mee dat God voorgestel word as sou Hy die werklikheid deurtrek en nie dat Hy die werklikheid na sý voltooiing trek nie.

186. Moltmann, *Trinität und Reich Gottes*, p. 34.

187. *Ibid*, pp. 112, 178.

188. "Um die Trinität in der biblischen Geschichte zu begreifen, beginnen wir mit der Geschichte Jesu, des Sohnes, denn er ist der Offenbarer der Trinität". *Ibid*, p. 81. Vgl. ook pp. 173-174.

189. "... allein die Christologie nötigt zur Erkenntnis und zum Begriff des dreieinigen Gottes". *Ibid.*, p. 112.

190. *Ibid.*, p. 101. Vgl. ook p. 102.

191. *Ibid.*, p. 101.

192. *Ibid.*, p. 105.

193. *Idem.*

194. *Ibid.*, p. 112.

195. *Ibid.*, pp. 123, 127. Moltmann wys ook op die intertrinitariese gestalte van die skepping. Die skepping is 'n produk van die liefde van die Vader en daarom moet dit aan die ganse Triniteit toegeskryf word. *Ibid.*, pp. 127-129.

196. Vgl. Moltmann, "Schöpfung als offenes System" in *Zukunft der Schöpfung*, p. 123 e.v.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

197. Moltmann, *Trinität und Reich Gottes*, pp. 126, 226, 229.

198. *Ibid.*, p. 226.

199. *Ibid.*, pp. 226-227.

200. *Ibid.*, p. 227.

201. *Ibid.*, pp. 227-228.

202. *Ibid.*, pp. 228-229.

203. Die skepping vorm tot by die voleinding 'n trinitariese tussenspel.

204. Moltmann, *Trinität und Reich Gottes*, p. 177.

205. Vgl. Rom. 1:18 e.v.; Rom. 3:24, 25.

206. Moltmann, *Trinität und Reich Gottes*, p. 168. Vgl. uitvoerig oor die problematiek van die modalisme: J.A. Heyns, *Grondstruktuur van die modalistiese triniteitsbeskouing;* L. Scheffczyk, "Die Ausbildung des Dogmas in Auseinandersetzung mit der innerkirchlichen Häresie und der Weg der Theologie zum Nicäno-Konstantinopolitanum" in J. Feiner en M. Löhrer, *Mysterium Salutis* 2, p. 166. Die modalisme het in die kerk altyd "virulent" gebly. In die modalisme vorm die trinitariese "modi" *slegs* 'n openbaringswyse. Vgl. Berkouwer, *a.w.*, pp. 379-381.

207. Berkouwer, *a.w.*, p. 379. Wesenstriniteit kan ook as "Gott an sich" en die ekonomiese Triniteit as "Gott für uns" onderskei word. Moltmann, *Trinität und Reich Gottes*, p. 175.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

208. *Inst. I*, XIII, 17, 18.

209. *Inst. I*, XIII, 16, 17, 19.

210. Die Wesens- en die ekonomiese Triniteit kan nie op 'n gespanne voet staan nie. God die Openbaarder is immers identies met sy dade in die openbaring. Vgl. Barth, *Kirchliche Dogmatik 1/1*, p. 312.

211. Barth, *Kirchliche Dogmatik 1/1*, pp. 403-404. My kursivering.

212. Van Ruler, *Theologisch Werk Deel I*, pp. 175-190; *Theologisch Werk Deel IV*, pp. 9-40.

213. "Dit kan heel gemakkelijk gebeuren (nl. om onchristelike elemente in die Godsleer op te neem) als men Gods wezen en eigenschappen afzonderlijk bespreekt, zonder die 'deugden', zoals de bijbel ze noemt, te verbinden met de bespreking van Gods persoonsopenbaring". God se eienskappe staan tog nie sonder verband met sy heilsopenbaring nie. O. Noordmans, *Verzamelde Werken 2*, p. 234.

214. *Ibid.*, p. 448 e.v.

215. *Ibid.*, p. 446.

216. Daar is immers "meervoud in God", aldus Noordmans, *ibid.*, p. 223.

217. K. Rahner, "Bemerkungen zum dogmatischen Traktat 'de Trinitate'" *in Schriften zur Theologie IV*, p 115. Vgl. ook p. 123 e.v. en *Mysterium Salutis 2*, p. 328. Vgl. Moltmann se kritiek teen Rahner: Moltmann, *Trinität und Reich Gottes*, pp. 161-166.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

218. Berkouwer, *a.w.*, p. 305.

219. Rahner, "Bemerkungen zum Dogmatischen Traktat 'de Trinitate' in *Schriften zur Theologie IV*, p. 125.

220. Pannenberg, *Grundfragen systematischer Theologie Band* 2, p. 112 e.v.

221. *Ibid.*, pp. 96-111; 160-173; 174-187.

222. Moltmann, *Trinität und Reich Gottes*, p. 177.

223. *Ibid.*, p. 177.

224. *Idem.*

225. *Ibid.*, pp. 176-177.

226. *Ibid.*, p. 177.

227. *Idem.*

228. *Idem.*

229. *Ibid.*, p. 178.

230. *Idem.*

231. *Idem.*

232. Moltmann laat ook nie reg geskied aan die feit dat die heilservaring van die kruis deur die Heilige Gees geëffekteer word nie. Dit is immers die Gees wat die mens in die kruisgebeure intrek waar Christus plaasbekledend en korporatief teenwoordig was. Die heilservaring is afhanklik van die Geesteservaring wat die Christuservaring en die Vaderervaring meebring.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

233. Berkouwer, *a.w.*, p. 380.

234. Weber, *Grundlagen der Dogmatik I*, p. 399.

235. Berkouwer, *a.w.*, p. 381.

236. Drie gode is drie afgode.

237. God raak soos rook weg.

238. God gaan in sy skepping onder.

239. Berkhof, *Christelijk Geloof*, p. 350.

240. H. Bavinck, *Gereformeerde Dogmatiek 2*, pp. 1-225, 225-301.

241. *Ibid.*, p. 343 e.v.

242. Die Christologiese heilsmoment.

243. Die Pneumatologiese heilsmoment.

244. Die Heilige Gees skakel die mens by die heil in. Vgl. hoofstuk 4, paragraaf 4.3.1.

245. Ten opsigte van Deut. 6:4 merk Westermann op: "In diesem Wort ist das Einssein bewusst geworden und begrifflich zum Ausdruck gebracht". *Theologie des Alten Testaments in Grundzügen*, p. 26.

246. W. van der Meer, "Schepper en schepsel in Jes. 42:5" in De Knecht. Studies rondom Deutero-Jesaja, p. 119. Vgl. Westermann, *a.w.*, p. 26.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

Vir 'n oorsig oor die Godsnaam in die Ou Testament, vgl. Th. C. Vriezen, *Hoofdlijnen der Theologie van het Oude Testament*, pp. 370-374; W. Zimmerli, *Grundriss der alttestamentlichen Theologie*, pp. 12-15; G. von Rad, *Theologie des Alten Testaments Band I*, pp. 193-200.

247. Van der Meer, *a.w.*, p. 119.

248. *Ibid.*, p. 126.

249. J. Kruis, "Jhwh, Schepper en Formeerder in Deutero-Jesaja" in *De Knecht. Studies rondom Deutero-Jesaja*, p. 87.

250. W. de Boor, *Der Erste Brief des Paulus an die Korinther*; H. Conzelmann, *Der Erste Brief an die Korinther*; F.W. Grosheide, *De Eerste Brief aan de Kerk te Korinthe*; F.J. Pop, *De Eerste Brief van Paulus aan de Corinthiërs*; F. Hahn, "Bekenntnisformeln im Neuen Testament" in P. Meinhold, *Studien zur Bekenntnisbildung*, pp. 3-6.

251. H. Conzelmann, *Der Brief an die Epheser*; F. Rienecker, *Der Brief des Paulus an die Epheser*; F.W. Grosheide, *De Brief van Paulus aan de Efesiërs*; J. Gnilka, *Der Epheserbrief*; H. Schlier, *Der Brief an die Epheser*.

252. Jonker, *Die Gees van Christus*, p. 128. Vgl. ook Heyns, *Dogmatiek*, pp. 42-3.

253. Jonker, *Die Gees van Christus*, p. 128.

254. Vgl. noot 256. Verder Heyns, *Dogmatiek*, pp. 58-59; Bavinck, *a.w.*, pp. 109-110; A.H. van Zyl, *Gods Woord in mensetaal I*, pp. 83-84.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

255. G.C. Aalders, *Korte Verklaring op Gen. 16:5.* 'n Verwysing by Kuitert, *De mensvormigheid Gods*, n. 54, p. 36. Vir die voorkoms van die mal'ak Jhwh, vgl. Gen. 16; Eks. 14:19, 23:20, 23; Num. 22; Rig. 5:23; Ps. 34:8; Jes. 63:9. Vgl. Von Rad, *a.w.*, pp. 298-300; R. Ficker, "Mal'āk Bote" in E. Jenni en C. Westermann, *Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament Band I*, pp. 904-908; Vriezen, *a.w.*, pp. 226-227; H. Röttger, *Mal'āk Jahwe - Bote von Gott. Die Vorstellung von Gottes Boten in hebraïschen Alten Testament.*

256. Bavinck, *a.w.*, pp. 227-229.

257. Kuitert, *a.w.*, pp. 34-35. Die kenmerkende van die Jhwh mal'ak is "dass der Engel Jahwes ein hilfreiches Wesen ist und allenthalben rettend und schützend zugunsten Israëls waltet ..." Von Rad, *a.w.*, p. 299. Vgl. egter Kuitert se aanhaling van Von Rad op p. 36. *A.w.*

258. Kuitert, *a.w.*, p. 35; Von Rad, *a.w.*, p. 300.

259. Kuitert, *a.w.*, p. 36. Die teologiese lading van die begrippe wys hoegenaamd nie in hierdie rigting nie. Vgl. ook Vriezen, *a.w.*, pp. 225-266.

260. Dit is die onderneming van die studie om dit in hoofstuk 2 aan te toon.

261. In hoofstukke 3 en 4 word die trinitariese spreiding aangetoon.

262. Dié standpunt word in hoofstuk 2, paragraaf 2.5 beredeneer.

263. Dié toeligting kom in hoofstuk 3 en 4 aan die orde.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

264. G.A.F. Knight, "Eschatologie im Alten Testament" in H.D. Preuss, *Eschatologie im Alten Testament*, p. 29; Gunther Wanke, "Eschatologie. Ein Beispiel Theologischer Sprachverwirrung" in H.D. Preuss, *Eschatologie im Alten Testament*, p. 342.

265. Die opskrif van Gunther Wanke se opstel is sprekend van hierdie posisie: "Eschatologie. Ein Beispiel Theologischer Sprachverwirrung", *a.w.*, p. 342. Vgl. ook Norbert Lohfink se opmerking: "Unter den Alttestamentlern herrscht in dieser Hinsicht eine wahrhaft babylonische Sprachenverwirrung". "Eschatologie im Alten Testament" in H.D. Preuss, *Eschatologie im Alten Testament*, p. 241.

266. "Leider muss heute wohl jeder, der auf dem Felde wissenschaftlich-theologischer Eröterungen mit dem Begriff 'Eschatologie' arbeitet, erklären, was er darunter versteht und wie er diesen Begriff im Gefüge seines wissenschaftlichen Systems funktionieren lassen will". S. Wagner Bi. Or. 28, 1971, 79-81 in 'n resensie van 'n werk van H.-P. Müller. Sitaat gebruik deur H.D. Preuss, "Einleitung" in *Eschatologie im Alten Testament*, p. 1.

267. Vir 'n oorsig oor die gebruik van die begrip eskatologie deur Ou Testamentici, vgl. die verskillende artikels oor dié onderwerp wat deur H.D. Preuss in *Eschatologie im Alten Testament* byeengebring is. Daar kan onder Ou Testamentici veral twee hoofrigtings met betrekking tot die eskatologie in die Ou Testament onderskei word.

G. Föhrer is 'n sleutel woordvoerder van die opvatting wat 'n begrensde katastrofale eskatologiese denkpatroon verteenwoordig. Eskatologie in die Ou Testament beteken vir hom die afsluiting van 'n ou

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

tydvak en die ontsluiting van 'n nuwe tydvak. Dit wentel om die wending "zwischen zwei Zeitaltern". "Die Struktur der alttestamentlichen Eschatologie" in H.D. Preuss, *Eschatologie im Alten Testament*, pp. 147-180.

Die standpunt van Fohrer bou voort op die gedagtes van voorgangers soos G. Hölscher en P. Voltz. Hölscher het sy standpunt soos volg verwoord: "Unter 'Eschatologie' verstehen wir, was man jederzeit in der Dogmatik und theologischer Literatur darunter verstehen hat, die Lehre von den letzten Dingen, de *novissimus*, oder weniger theologisch ausgedrückt: die Vorstellung von jenem grossen Drama der Endzeit, mit dem nach jüdischer und christelichen Glauben diese Weltzeit endet und eine neue ewige Zeit des Heils anbricht". *Die Ursprünge der jüdischen Eschatologie*, p. 3.

P. Voltz sluit hierby aan as hy beweer: "Das vom Eschatoligischer Glauben gesetzte und erwartete Ziel ist *absolut*, es ist das eschaton, das Letzte. Dies unterscheidet die eschatologische Weissagung vom blossen Zukunftsspruch ..." *Der eschatologische Glaube im Alten Testament*, p. 2.

Die tweede hoofstroom onder Ou Testamentici verteenwoordig die ruimere opvatting oor die begrip eskatologie in die Ou Testament. Volgens Johannes Lindblom is die gedagte van die "zwei Zeitaltern" nie toereikend nie. Hy omskryf die begrip eskatologie soos volg: "Als *eschatologisch* sind nun, meiner Meinung nach, solche Aussagen zu bezeichnen, die auf eine Zukunft hindeuten, wo die Verhältnisse der Geschichte, bzw. der Welt, so verändert werden, dass man wirklich von einem neuen Zustand der Dinge, von etwas 'ganz anderem' reden kann". Lindblom, "Eschatologie bei den altestamentlichen Propheten" in H.D.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

Preuss, *Eschatologie im Alten Testament*, p. 34. Hy voeg hieraan toe dat dit nie ter sake is of die nuwe gebeure binne of buite die horison van die geskiedenis val nie. *Ibid.*, p. 35.

Talle Ou Testamentici het hulle by Lindblom aangesluit en gee 'n ruimer vulling aan die begrip eskatologie. Hieronder kan Vriezen, Dingermann en Preuss uitgesonder word. Vriezen is van mening dat die term eskatologie 'n enger en ruimer betekenislading het. In sy wyer betekenisaanwending beskryf dit die geloof in die *nuwe koninkryk* wat in hierdie wêreld afspeel. Vriezen, "Phrophetie und Eschatologie" in H.D. Preuss, *Eschatologie im Alten Testament*, pp. 120-122.

Friedrich Dingermann wys daarop dat daar 'n magtige toekomshoop in die Ou Testament aan die lig kom. "Israels Hoffnung auf Gott und sein Reich" in H.D. Preuss, *Eschatologie im Alten Testament*, p. 227. "Diese Zukunftsschau beherrscht den Weg, den Gott mit Israel gegangen ist, so sehr, dass er geradezu zur Strecke der ständig wachsenden Erwartung geworden ist". *Idem.* Vir Dingermann is die beslissende ten opsigte van die woordgebruik "dass Eschatologie alle, aber auch nur jene Aussagen umgreift, die auf eine Zukunft hindeuten, in der die Verhältnisse der Geschichte beziehungsweise der Welt so verändert werden, dass man von einem neuen Zustand der Dinge, von etwas '*ganz Anderem*' reden kann, ohne dass damit die endgültige Vollendung der Dinge mitgesetzt wäre". *Ibid.*, pp. 229, Wanneer die begrip eskatologie op dié wyse omskryf word, is die weg daarmee gebaan om ook uitsprake uit die vroeëre tyd van Israel se geskiedenis te omvat wat die ingrype van God in die toekoms verwag. *Ibid*, p. 229.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

Nadat Preuss die grondlyne van die Jhwh-geloof aangetoon het, verklaar hy dat eskatologie in die Ou Testament én Nuwe Testament "die Kunde vom Kommen Gottes in diese Welt" beteken. Anders gesê: "Sie ist im Alten Testament Jahweglaube *als* Zukunftserwartung", want "Jahweglaube *ist* Zukunftserwartung". H.D. Preuss, "Jahweglaube als Zukunftserwartung" in H.D. Preuss, *Eschatologie im Alten Testament*, p. 304.

Waar Karl Barth die eskatologie aan Jesus Christus se opstanding verbind (*Kirchliche Dogmatik IV/3*, pp. 317-424; *III/2*, p. 586. Daarom is dit ook nie vreemd dat hy sê: "*Neue Schöpfung* ist in Jesu Christi Auferstehung geschehen", *IV/3*, p. 346. My kursivering), verbind Adrio König hom daartoe om op Bybelse gronde aan te toon dat die hele geskiedenis van Jesus Christus eskatologie is (vgl. sy opskrif as hy vanuit die Bybelse fundering sy eskatologiese ontwerp begrond: "Die hele geskiedenis van Jesus Christus is eskatologie". *Jesus Christus die Eschatos*, p. 144. Vgl. ook pp. 144-148). Die geskiedenis van Jesus Christus neem met die inkarnasie 'n aanvang en strek tot by die wederkoms. (*Ibid.*, pp. 144-148, 160).

König kan vanuit sy Christologiese benadering van die eskatologie, geen spoor van eskatologie in die Ou Testament vind nie. Daarom kan hy rustig skryf: "Dit beteken allereers dat ons in die Ou Testament nie eskatologie het nie. Dit volg uit die feit dat Jesus Christus die laaste is en dat Hy nog nie in die tyd van die Ou Testament as mens opgetree het nie. Ondanks bepaalde besondere waardes, is die Ou Testament in die geheel genome 'n mislukte geskiedenis waarin die verbond platval". König, *Jesus die Laaste*, p. 56. König se siening dat "die Ou Testament de facto im Grossen und Ganzen die geskiedenis van die mens se ontrou in die verbond van God is",

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

terwyl "die Nuwe Testament die geskiedenis van Jesus as die mens se trou in die verbond van God is", ontkom nie aan 'n hoë mate van eensydigheid teen die agtergrond van sy verskraalde eskatologiese ontwerp nie. In die Ou Testament gaan dit immers om die werklikheid van die verbond en verwerkliking van die verbondsbedoeling. Dit gaan om God se worsteling om en vir sy volk ondanks hulle ongelooflike ontrou. Van God se kant gesien, is die creatio en die creatura nie 'n mislukking nie. Daar is alleen maar van die mens se kant sprake van ongeloof en ontrou. *Jesus Christus die Eschatos*, p. 166; Vgl. ook König, *Hier is Ek!*, pp. 213-214. Die begrippe eskatologie en apokaliptiek kan op die volgende wyse afgegrens word: waar die ekskatologie die vernuwing én voltooiing van die bestaande werklikheid in die oog het, gaan dit in die apokaliptiek om die skepping van 'n totaal nuwe werklikheid in die toekoms. Vgl. D.S. Russell, *The Method and Message of Jewish Apocalyptic*; Zimmerli, *a.w.*; pp. 202-211; Westermann, *a.w.*, pp. 130-133, Rendtorff, *Das Alte Testament*, pp. 130-131.

268. *Idem*. Lohfink soek die oorsprong van die eskatologie in die verbondshandelinge. Norbert S.J. Lohfink, "Eschatologie im Alten Testament" in H.D. Preuss, *Eschatologie im Alten Testament*, pp. 244-246. Van der Merwe soek, teen alle verwagting in, die oorsprong van die toekomsverwagting in die sondeval. H. van der Merwe, *Verwagting en voleinding*, p. 5. Die sonde is egter geen sinvolle verklaringsbeginsel nie. Dit is en bly irrasioneel, absurd en 'n pynlike raaisel.

269. Westermann skep 'n onnodige en ongelukkige spanning tussen "die Zukunft Gottes ... *der* auf mich Zukommende" en die eskatologie as "*das* Zukünftige". *Theologie des Alten Testaments in Grundlagen*, p. 51. Dié

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

spanning is die gevolg van sý inkleding van die begrip eskatologie as die "Lehre von den letzten Dingen." Met die term eskatologie word egter beoog om die reikwydte van *God* se handelinge te omskryf.

270. "Eschatologie is: dat er iets in de tijd zit". Van Ruler, *Verwachting en voltooiing*, p. 99. *Iemand* (God) is herskeppend aan die werk met die oog op sy voltooiingsdag.

Op voetspoor van N.A. Dahl gebruik J.P. Versteeg die woorde "eskatologie" en "eskatologies" in die kwalifikasie van gebeurtenisse en persone wat op die eindtyd betrekking het. Die eindtyd is egter nie net toekomsgerig nie, maar tegelykertyd aktuele hede. *Christus en de Geest*, pp. 2-3.

Dit is opmerklik dat H.N. Ridderbos die woord "eskatologies" aan die begrip "heilshistories" verbind. Hy wys op "het heilshistorische-eschatologische" karakter van Paulus se verkondiging. *Paulus. Ontwerp van zijn theologie*, p. 34.

271. Wanneer Von Rad die nuwe gebeure in die Ou Testament net as 'n breuk met die oue sien, kan hy nie hierin nagevolg word nie. *Theologie des Alten Testaments Band II*, p. 126. God se skeppingshandeling skep die grond waarop sy herskeppende en voltooiende heilshandelinge groei. Hans-Peter Müller, "Mythos und Tranzendenz" in H.D. Preuss, *Eschatologie im Alten Testament*, pp. 439-440; voetnoot 47, p. 443.

272. Berkhof het die verwaarlosing van die kosmiese aspek van die Pneumatologie betreur. *De leer van de Heilige Geest*, p. 106. Hierin is hy deur Theron ondersteun. *Die ekklesia as kosmies-eskatologiese*

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

teken, p. 12. Berkhof dra egter van twee uitsonderings kennis, te wete Calvyn en Kuyper. Vir 'n oorsig oor Calvyn se kosmiese Pneumatologie, vgl. Van der Linde, *a.w.*, pp. 34-35; Krusche, *a.w.*, pp. 15-32. Calvyn se toespitsing op die kosmiese werk van die Heilige Gees hang vanselfsprekend saam met sy siening van die algemene genade. Vgl. J. Douma, *Algemene genade. Uiteenzetting, vergelijking en beoordeling van de opvattingen van A. Kuyper, K. Schilder en Joh. Calvijn over 'algemene genade'.*

Daar kan egter nie ongekwalifiseerd van die verwaarlosing van die kosmiese werksaamheid van die Heilige Gees gepraat word nie. Daarvoor is daar (tans!) te veel getuies om in te roep. (Vgl. Die Dordtse Leerreëls hoofstuk 3 en 4, 4-5; 6-17 en die NGB art. 2.) Om enkele getuies, elkeen met sy eie aksent, by name te noem: J.H. Scheepers, *Die gees van God en die gees van die mens in die Ou Testament;* Van Ruler, *De vervulling van de Wet; Theologisch Werk Deel I*, p. 175 e.v. en *Theologisch Werk Deel VI*, p. 9 e.v.; Hoenderdaal, *a.w.;* Kuitert, Existentiaal of Pneuma?, *Gereformeerd theologisch tijdschrift*, 4 (1968) 290-297; Dilschneider, *Ich glaube an den Heiligen Geist;* Pannenberg, "Der Geist als Leben" in *Glaube und Wirklichkeit*, pp. 31-56; "Ekstatische Selbstüberschreitung als Teilhabe am göttlichen Geist" in C. Heitmann en H. Mühlen, *Erfahrung und Theologie des Heiligen Geistes*, pp. 176-191; Meyer, *a.w.*, pp. 7-24; Aagard, "Der Heilige Geist in der Welt" in M. Lienhard en H. Meyer, *Wiederentdeckung des Heiligen Geistes*, pp. 97-117; Berkhof, *Christelijk Geloof*, pp. 520-542; P. Tillich, *Systematic Theology 3 Deel IV, Life in the Spirit;* G.W.H. Lampe, *God as Spirit;* Moltmann, *Trinität und Reich Gottes;* Rahner, "Das Christentum und die nichtchristliche Religionen" in *Schriften zur Theologie V*, pp.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

136-158; "Die anonymen Christen" in *Schriften zur Theologie VI*, pp. 545-554; "Anonymer und Expliziter Glaube" in *Schriften zur Theologie XII*, pp. 76-84; "Jesus Christus in den nichtchristlichen Religionen" in *Schriften zur Theologie XII*, pp. 370-383; "Erfahrung des Heiligen Geistes" in *Schriften zur Theologie XIII*, pp. 226-251; "Bemerkungen zum Problem des anonymen Christen" in *Schriften zur Theologie X*, pp. 531-546. Vir 'n goeie oorsig oor die kosmiese Pneumatologie en die verskillende teologiese artikulasies, vgl. Jonker, *Die Gees van Christus*, pp. 248-272.

273. Jonker, *Die Gees van Christus*, p. 265, Vgl. p. 267.

274. *Idem.*

275. *Ibid.*, p. 268. Vgl. p. 272.

276. R. Albertz en C. Westermann, "rū^{a}h Geist" in E. Jenni en C. Westermann, *Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament Band II*, p. 750.

277. Scheepers, *a.w.*, pp. 177-181.

278. *Ibid.*, pp. 181-182.

279. Ridderbos, *Paulus. Ontwerp van zijn theologie*, pp. 422, 432-438; I.J. du Plessis, *Christus as Hoof van Kerk en Kosmos;* Ridderbos, *Zijn wij op de verkeerde weg?*, pp. 66-67.

280. Dié verhouding is deur Theron in sy proefskrif: *Die ekklessia as kosmies-eskatologiese teken*, ondersoek.

281. Vgl. hoofstuk 2, paragraaf 2.5.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

HOOFSTUK 2

DIE RÛAH VAN GOD AS GAWE MET DIE OOG OP DIE KOSMIESE HERSKEPPINGSGEBEURE

2.1 DIE RÛAH EN DIE SKEPPING VAN DIE KOSMOS

Daar kan instemming met Jonker betuig word as hy beweer: "Daar is niks in skepping, herskepping en voleinding wat nie deur die Gees gedoen word nie".[1] En tog verteenwoordig die verhouding Gees en skepping 'n probleemveld.[2] Dit bring mee dat die *aard* van die verhouding nagevors moet word. Die opdrag om die verband tussen die rûah en die skepping te ondersoek, is onontwykbaar. Des te meer omdat die werk van die Gees in die Nuwe Testament as *her-skepping* bely word.[3] Westermann reken: "Man kann nicht verstehen was im NT pneuma heisst, wenn man nicht die Geschichte des Wortes ruah im AT kennt".[4] Rûah en pneuma kan egter nie probleemloos as sinonieme gebruik word nie. Daarom is Blaser se voorstelling té simplisties as hy beweer: "eine Überprüfung der Bedeutung und Auffassungen von 'ruah' und 'pneuma' im AT und im NT ergibt, dass der Heilige Geist als 'Gott in Aktion' erscheint".[5] Rûah ontvang sy betekenis in die Ou-Testamentiese teks en binne die konteks waar dit voorkom.[6] Die werkwoorde wat met rûah verbind is, kan byna uitsluitlik in twee groepe verdeel word: 1. werkwoorde van beweging en 2. werkwoorde van in-beweging-bring. Die klem val nie op die aard van die beweging nie, maar op die feit van die beweging as sodanig.[7]

Die eerste teksgedeelte wat in aanmerking kom om die band tussen die rûah en die skepping van die kosmos te verduidelik, is Gen. 1:2: "Die aarde was heeltemal onbewoonbaar, dit was donker op die diep waters". Dan volg die omstrede sleutelsin: "..maar die rûah ʾ^{Ae}lohîm het oor die waters gesweef".

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

'n Oorsig oor die verklaringspogings om die sin van die rûah-sin op te klaar, bied die volgende moontlikhede:

1. Dit kan as die locus classicus beskou word om die skeppende aktiwiteit van die *Heilige Gees* te bewys. "In die lig van latere gegewens, veral in die Nuwe Testament (maar blykbaar tog nie slegs in die Nuwe Testament nie C.J.A.V.), sal by 'n vertaling soos 'die gees (of die adem) van God' onwillekeurig aan die *Heilige Gees* gedink word."[8] Latere gegewens, veral in die Nuwe Testament, regverdig nie 'n verklaring van die rûah ʾAelohîm uitdrukking vanuit die Nuwe Testament nie. Die grondvraag is wat die outeur met dié segging bedoel het. Hy het beslis nie die Heilige Gees in Nuwe Testamentiese sin in sy blikveld gehad nie. Daarvoor is die Ou Testament te eksklusief monoteïsties (Deut. 6:4). Die poging van Van Zyl om vanuit die Ou Testament die uitdrukking rûah Jhwh (ʾAelohîm) aan die Heilige Gees gelyk te stel, word ook deur die genoemde beswaar in die ongelyk gestel.[9]

2. Van Selms stel die volgende vertaling voor: "Maar Gods wind zweefde over de wateren en God zeide ..."[10] Hy bied die volgende motivering: op verskillende plekke in die Ou Testament gaan 'n wind die teofanie-handeling vooraf (vgl. Gen. 3:8, 11 Sam. 5:24, 1 Kon. 19:12, Job 4:15, Ps. 104:4). Dit beteken dat die wind 'n voorbode van die Goddelike woord is (Gen. 1:3). Van Selms is nie heeltemal eenling in sy opvatting nie. Scheepers is van oordeel dat die werkwoordsvorm wat die handeling van die rûah ʾAelohîm beskryf, met die beweging van 'n voël wat bo sy nes sweef, verband hou.[11] Wanneer die swewende voël sy vlerke fladder, word daar 'n beweging van lug vrygestel. In die lig hiervan gee Scheepers voorkeur aan die vertaling "wind". Waar die windbeweging by Van Selms 'n voorbode van die teofanie-handeling is, is dit by Scheepers 'n voorbode van die windstryd teen die water as chaosmag. Die wind is daarop uit om die chaoswaters weg te blaas. Scheepers wys in dié samehang op talle plekke

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

waar die roering van die water deur God voorkom (vgl. Job 26:8-14, Ps. 18:16, Ps. 107:25). Die gedagte van die beheersing van die water deur God by die Rooi See, kom binne God se heilshandelinge na vore (Eks. 14:21-22).[12] Scheepers se verklaring kan egter maklik daartoe aanleiding gee dat daar duistere magte in die chaoswater woel - en dit nog vóór die raaiselagtige sondeval (Gen. 3).[13] Van Selms se verklaring dat die wind van God 'n voorloper van sy verskyning is, dra daarom meer gewig.

3. König maak beswaar teen Van Selms se vertalingskeuse op grond van sintaktiese redes. Hy is van oordeel dat die eerste en tweede sinsegmente van vers 2 wat bymekaar hoort, nie van die derde segment geskei kan word nie.[14] Volgens König is die tweede en derde sinsnedes "waarskynlik" parallelle uitsprake en hoort die derde frase ook nog by die chaostekening.[15] Op grond van die sintaktiese inbedding van die sinsegmente van vers 2, kies hy self ietwat huiwerig ten gunste van die NEB-vertaling: "a mighty wind". De Fraine het dié vertaling reeds vroeër voorgestaan.[16] Westermann wys daarop dat die uitdrukking rûah ʾAelohîm meraḥaephaet geen parallel in die Ou Testament het nie. In die lig van die feit dat die werkwoord op "die zitternde oder vibrierende Bewegung" konsentreer, kan rûah in dié verbinding wel wind beteken.[17] ʾAelohîm kan ook adjektiwies in die sin van 'n superlatief as magtige, "furchtbarer Wind" verklaar word.[18]

4. Hoenderdaal is van mening dat die water in Gen. 1 méér is as 'n blote natuurverskynsel. Die chaoswater is ook die plek waar die bose woon (Rahab, Leviatan, vgl. Jes. 51:9, Ps. 46). God heers egter ook oor die chaosmagte.[19] Hoenderdaal gee deur dié weergawe aan die bose 'n broeiplek wat dit hoegenaamd nie verdien nie.[20] Hy kom tot die volgende slotsom: "De verbinding van Geest met de kracht van de wind laat ons zien hoe ook in Genesis het de kracht van God is, die als wind boven de duisternis van de watervloed zweeft en de wereld schiep."[21] Die

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

swakheid van Hoenderdaal se standpunt is egter dat hy tegelykertyd twee betekenisse soos twee vlerke aan een woord wil heg. Daarom verklaar hy: "Hoezeer de betekenis 'wind' zich in Genesis 1 opdringt, toch blijft de notie 'Geest' ermede verbonden".[22)]

5. *cAl pᵉnê tᵉhôm* en *cal pᵉnê hamājim* vorm in Gen. 1:2 'n parallelle sinskonstruksie. Die parallelle uitdrukking versterk in samehang met die *onbewoonbaarheid* en die *donkerte*, die skildering van die chaostoestand voordat God orde-nend en ook skeppend handel. Die pi. vorm van die werkwoord rhph beskryf in dié toestand die beweging van die rûah ,Aelohîm.[23)] Dit gaan in die beweging van die rûah om méér as net 'n beskrywing van 'n "Gottessturm" (Von Rad, Westermann, Zimmerli) of 'n "magtige wind" (De Fraine, Westermann, Von Rad, König). Die omskrywing "wind van God" (Van Selms, Scheepers, Berkhof) waai ook nie genoeg helderheid nie.

Gen. 1:2c ("maar die rûah ,Aelohîm het oor die waters gesweef") vorm 'n antitetiese parallel met Gen. 1:2b ("en dit was donker op die diep waters"). Daarom is die rûah ,Aelohîm nie 'n voorbode van die aanstaande teofanie nie (Van Selms), en óók nie deel van die chaosskildering nie (König). ,Aelohîm word in die eerste skeppingsvertelling (Gen. 1:1 - 2:4a) deurgaans as 'n Naam vir God gebruik. Daarom pleit die teksverband teen die opvatting om ,Aelohîm in verbinding met rûah adjektiwies in die sin van 'n superlatief as 'n "magtige wind" te vertaal (König, Westermann). Uit die sintaktiese waarneming dat Gen. 1:2c ("maar die rûah ,Aelohîm het oor die waters gesweef") en Gen. 1:3a ("Toe het God gesê...") ietwat losser geheg is, kan ook nie afgelei word dat Gen. 1:2 geen uitsig op Gen. 1:3 bied nie (König).

Die rûah verklaar dat *God* vir die skepping v(V)ader staan en daarom op 'n bepaalde wyse by sy onbewoonbare skepping teenwoordig is. Ruah is 'n besonder geskikte woord om God

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

se skeppende teenwoordigheid te verduidelik. Dié woord wys daarop dat God in beheer van die situasie is. Daarom is rûah 'n manifestasie van God se skeppende mag.[24] God se skeppende mag beweeg oor die chaos om in die donker lig te laat skitter. Dit is juis sý skeppende mag (Gen.1:2) wat uitsig op sy skeppende woord bied (Gen. 1:3).[25]

Om saam te vat: *die rûah ʾAelohîm is God se skeppende mag in beweging.*

Aangesien die rûah in Ps. 33:6 in verband met die skepping van die kosmos gebruik word, kom die gedeelte ook in aanmerking vir nadere oorskouing. Theron maak op voetspoor van Berkhof die volgende opmerking: "Skeppingswoord en Skeppingsgees is onlosmaaklik verbonde".[26] Ps. 33:6 dien as 'n bewysgrond vir sy stelling. Theron verstaan in die konteks van sy beredenering waarskynlik onder "Skeppingsgees" die Heilige Gees. Hierteenoor moet opgemerk word dat die woord van Jhwh en die rûah van sy mond (33:6) 'n parallelismus membrorum vorm.[27] Dābār en rûah is in die konteks komplementêre begrippe. As God sy woord spreek, gaan die *asem* uit sy mond.[28] Asem verteenwoordig lewe en daarom kan die rûah in die teksgedeelte God se *skeppende mag* in sy skeppingshandelinge aandui.

Die betekenisveld "asem" het reeds implisiet in die voorafgaande gedeelte voorgekom. Dié betekenisveld [29] speel ook in op die verstaan van die volgende gedeeltes. Asem is nie net beleef as iets wat blywend teenwoordig is nie, maar as 'n krag wat in die asemritme sigbaar word.[30] Dit is teen dié agtergrond dat die betekenislading van rûah in die skeppingskontekste nagegaan moet word. Die twee voor-eksiliese tekste wat hiervoor in aanmerking kom, is Gen. 6:3 en Gen. 7:22.[31] Gen. 6:3 lewer probleme op wat betref sy teksvorm en konteks. Dié teks is nie ingeweef in die patroon van Gen. 6:1-4 nie.[32] Hieruit maak Albertz en Westermann die gevolgtrekking dat die teks in sy huidige vorm, 'n verwerking is.[33] Rûahi kan in dié

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

teks as *lewensbeginsel* verstaan word.[34] Die lewensasem (as beginsel van die lewe) beteken eenvoudig "die Lebendigkeit, das Einhauchen des Lebensatems die Belebung des Menschen, nichts weiter".[35] In Gen. 7:22 kom rûah ook in die betekenis "*lewensasem*" voor.[36] Ons tref rûah verder in Jes. 57:16 in die sin van *lewensasem* aan (vgl. Job 27:3).[37] Die asem wat God gee, wek die mens immers op tot lewe.

Ps. 104:30 kan ook binne die voorafgaande raam geplaas word. Maar voordat dié plasing gedoen word, moet daar stip na die teks gekyk word. Die voorkoms van rûah in Ps. 104:30 in verband met die skepping, het daartoe gelei dat dié teks oorspan is in 'n poging om rûah met "Gees" te vertaal. As Theron beweer "alles wat bestaan, bestaan kragtens die 'Mitsein Gottes' (Schumann) in die *Heilige Gees*" en Ps. 104:30 as bewysplaas aanhaal, dan gaan die opmerking mank aan 'n eksegeties-teologiese peiling van die begrip rûah in die Ou Testament.[38] Pannenberg ken aan die Gees nie slegs 'n soteriologiese funksie toe nie, maar ook 'n kosmiese werking. Hiermee is saaklik nie fout te vind nie. Maar wanneer hy sy stelling egter op Ps. 104 grond, verloor sy bewering oortuigingsgrond.[39] Moltmann beweer met stelligheid: "Blickt der christliche Glaube auf die 'Schöpfung im Anfang' zurück, dann wird er schon in ihr die Präsenz des *Heiligen Geistes als Schöpfergeist* entdecken. Er kann keine geist-lose Auffassung der Schöpfing entwickeln. Die Schöpfung existiert nur in der Kraft des Geistes Gottes der in sie eingegangen ist. Sie würde vergehen, nähme Gott seinen Geist von ihr". Hy steun ook op Ps. 104:29-30 vir sy standpuntinname.[40] Berkhof beweeg op dieselfde baan as hy sê: "Gods Geest schept het leven van de *natuur* en houdt het in stand," en Ps. 104:30 as bewysplek aanhaal.[41]

Ps. 104:30 het nie die een-malige skeppingshandeling van God in die oog nie.[42] Maar kragtens God se skeppende mag (rûah) leef mense en onderhou Hy sy skepping.[43] Die skeppende mag van God word deur die rûah verteenwoordig.

Daarom is dit in die konteks meer verantwoord om onder rûah die "lewensasem" wat God gee, te verstaan.[44)]

Rûah kry 'n ietwat ander aksent in Jes. 42:5, hoewel die verskil tussen "lewensasem" en "lewe" eintlik meer 'n asemtoggie is! Albertz en Westermann is van mening dat rûah eers in die tyd van die ballingskap in samehang met die skepping van die mens voorkom.[45)] N^{e}šāmā en rûah kom in Jes. 42:5 as parallelle begrippe voor.[46)] Die moontlikheid dat die teksgedeelte 'n toepspeling op Gen. 2:7 bevat, kan nie uitgesluit word nie.[47] Van der Meer wys daarop dat God in Jes. 42:5 as die Skepper van die hemel en die aarde bely word en óók as Gewer van die *lewe* (rûah) aan die mensheid.[48)] Dié belydenis beoog om God se uniekheid en onvergelyklikheid te verkondig en om die oë óók oop te maak vir die *lewensmoontlikhede* wat Hy gaan skep.[49)]

'n Oorskouing van Ps. 139 toon dat daar slegs op 'n indirekte wyse oor die rûah en die skepping gepraat word. 'n Himniese grondmotief omsoom dié psalm.[50)] God word geprys omdat Hy die digter op 'n gedugte wyse geskep het (Ps. 139:14). Aangesien die digter uit God se hand kom, is hy ook vir altyd in sy hand. Dit is in dié verband dat daar van die rûah sprake is (Ps. 139:7). Rûah is hier 'n parallelle begrip vir pānîm.[51)] Daarom wys rûah in Ps. 139 op God se persoonlike teenwoordigheid. Hy oorsien alles en almal en voorsien in die behoeftes van sy vertroue-linge.

Op hierdie stadium kan enkele grondpatrone ten opsigte van die rûah en die skepping gekomponeer word:

1. Die komposisie geskied nie op literêre- of historiese gronde nie, maar op grond van tematiese oorwegings.

2. Wanneer die term "*Gees*" in die Ou Testament gebruik word, mag dit nie die weg baan tot 'n self-standige

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

belydenis aangaande die rûah in skeppingskontekste nie. Die monoteïstiese toonaard van die Ou Testament staan so 'n interpretasie eens en vir altyd in die weg. Daar is net één God (Deut. 6:4). Wanneer rûah in verband met God gebruik word, bly dié begrip aan God verbonde en wel op so 'n manier dat dit God Self is wat skeppend en onderhoudend optree.

3. Die rûah is in Gen. 1:2 God se skeppende mag in beweging. In Ps. 33:6 word God se skeppende mag in sy skeppende handelinge bekendgestel.

4. Rûah kom ook in die betekenis van lewensbeginsel (Gen. 6:3) en lewensasem (Gen. 7:22, Jes. 57:16, Ps. 104:30) voor.

5. Die term kan ook lewe én lewensmoontlikhede beskryf (Jes. 42:5).

6. Ps. 139 het slegs implisiet betrekking op die rûah en die skepping. Rûah is hier God se persoonlike teenwoordigheid wat himnies besing word.

2.2 DIE RÛAH EN DIE MESSIAS/^{C}AEBAED

In hierdie paragraaf gaan dit om die boeiende verhouding tussen die rûah en die messias. Dié verhouding dra soveel gewig omdat die verhouding tussen die Gees en Christus in die Nuwe Testament as 'n vervulling van die aangekondigde verhouding in die Ou Testament verstaan kan word. Maar om dié vervulling te begryp, moet die verhouding tussen die rûah en die messias allereers in sy Ou-Testamentiese omgewing ontgin word. Die eerste gedeelte wat hiervoor in aanmerking kom, is Jes. 11:1e.v.

Wildberger vermoed dat Jes. 11:1-9 in dieselfde tydsraam as Jes. 10:27b-24 staan.[52] Jesaja 10:27b voorspel dat 'n

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

vernietigende katastrofe op Jerusalem wag. Die vraag wat vanself-sprekend op die volk se lippe bewe is of daar nog van 'n toekoms vir die Dawidshuis en Israel sprake is.[53]

Die verrassende antwoord is dat die profetiese heilswoorde,[54] 'n nuwe heilsdaad vir die toekoms voorsien.[55] Dié koning op wie die profetiese oë gerig is, is die messias-koning.[56] Dit is opmerklik dat die messias-koning tog menslik voorgestel word. Hy sal 'n af-stam-meling van Isaï wees (Jes. 11:1) en daar sal by hom ontsag vir die heilige God wees.[57]

Met die oog op die uitvoering van sy taak, sal die rûah Jhwh op die messias *rus* (Jes. 11:2). Dit gaan om 'n *blywende verhouding* tussen die rûah Jhwh en die messias.[58] Die verwysing na die rûah Jhwh in die taaktoerusting van die messias is belangrik omdat die rûah 'n aansienlike rol in die ampstoerusting in die Ou Testament vertolk.[59] Die kragwerking van die rûah het die ampspersoon tot magtige heilsgerigte dade in staat gestel.[60] Met reg merk Wildberger op: "Es sind nicht ausschlieslich, aber doch vornehmlich königliche Charismata" waarmee die koningsgestalte van die messias geteken word.[61] Daarom is dit ook nie vreemd dat die dinamiese werking van die rûah Jhwh hier funksioneer nie.[62] Die rûah Jhwh sal aan die messias vaardighede verleen vir sy "ganz und gar unpolitische Regierung: Weisheit, Einsicht, Rat, Stärke, Erkenntnis und Jahwefurcht".[63] Die gawes waarmee die rûah hom sal toerus, is *heilsgerig*. *Wysheid* en *insig* is koningstermini (1 Kon. 3:11-12, 28, 1 Kron. 22:12, Jes. 10:13). Die rûah sal aan hom heerserswysheid gee om die alledaagse probleme te behartig.[64] Die messias sal ook deur die rûah Jhwh in staat gestel word om in 'n bepaalde omstandigheid die regte besluite te neem.[65] Die rûah sal voorts aan hom *raad* in raadop-situasies gee sodat hy met sy regering sy beoogde doel kan bereik.[66] Hy sal ook die geestelike en fisiese *krag* ontvang om sy regering suksesvol te bestuur (vgl. Jes. 11:4)[67] Die rûah Jhwh sal die messias verder in staat stel om in 'n intiem persoonlike

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

verhouding tot Jhwh te staan,[68] en om Godsvrug te dra.[69]

Die feit dat die rûah Jhwh op die messias sal *rus* en hom met ampsgawes vir sy koningskap sal *toerus*, sal daartoe lei dat die messiaanse regering een van *reg en betroubaarheid* sal wees (Jes. 11:3-5).[70] Sy vredesryk sal die skepsel en die skepping omvat.[71] Die rûah Jhwh sal hom in staat stel om God by die mense te verteenwoordig.[72] Met reg maak Scheepers die afleiding *"dat Jahwe self deur sy gees met die Messias sal wees"*.[73]

Wanneer Westermann in die lig van die gawes van die rûah beweer: "es ändert sich an dieser Aufzählung nichts, wenn man das Wort 'Geist' überhaupt weglässt", en verklaar dat die begrip 'n abstrakte betekenis verkry het wat niks spesifieks sê nie,[74] laat hy nie reg aan die gerigtheid van die woord geskied nie. Die keuse van die term hang *spesifiek* saam met die verlening van ampscharisma aan die messias-koning. Dit is juis die rûah Jhwh wat die blywende werking daarvan verseker en sodoende die vestiging van die vredesryk borg. Skerper gestel: dit is Jhwh Self wat deur die rûah die vestiging van en die suksesvolle regering in die messias-ryk sal bewerk.

Die beskrywing van die Gees se werking by Jesus se doop in die Nuwe Testament kan óók teen die agtergrond van die profesie van Jes. 11:2 gesien word.[75] Meer nog: dit kan as die vervulling van die heilsprofesie verstaan word.

'n Volgende teksgedeelte wat ons noulettende aandag eis, is Jes. 42. In dié gedeelte word die verhouding tussen die rûah en die ᶜaebaed Jhwh grondig toegelig. Van hieruit kan belangwekkende grondpatrone onderskei word waarop daar in die Nuwe Testament voortborduur word.

Die verhouding wat in Jes. 42 aan die lig kom, funksioneer binne 'n weldeurdagte komposisie van Jesaja 40-55.[76] Met reg voer Westermann 'n pleidooi dat die ᶜaebaedliedere

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

allereers binne die samehang van Deutero-Jesaja se verkondiging verstaan moet word.[77] Daar kan vier ^{c}aebaedliedere binne die omvangryke komposisie onderskei word.[78] Die vasstelling dat die ^{c}aebaedliedere aan die konteks genaat is, bring mee dat die omgewing waarin die eerste ^{c}aebaedlied staan, nagegaan moet word. Elliger is van oordeel dat die hemelse raadsvergadering die agtergrond van Jes. 42:1-4 vorm.[79] In Jesaja 40:1-8 het die profeet die boodskap van sy roepingsvisioen neergegepen. Allerlei teenslae het die profeet ontmoedig en aan sy roeping laat twyfel. Ten einde hom te bemoedig, ontvang die profeet 'n nuwe visioen waarin Jhwh, in die hemelse raadsvergadering, hom as dienaar aanwys om sy opdrag uit te voer. Jhwh praat met sy engele oor die dienaar wat Hy aan hulle voorstel. Die profeet is in die gees by die onthulling teenwoordig. Elliger se veronderstelling van die ontmoedigde profeet wat 'n blik op die hemelse raadsvergadering kry, vind egter geen steun in Jes. 42:1-4 nie.[80]

Die vraag is op watter wyse Jes. 41:21-29 op Jes. 42:1 e.v. gerig is.[81] Op sigself het Jes. 41:21-29 as gerigskouspel 'n selfstandige karakter. Schoors wys op die parallelle opbou van Jes. 41:21-24 en Jes. 41:25-29 waardeur 'n sekere eenheid en afgeslotenheid aan die lig kom.[82] Hieruit volg egter nie dat Jes. 41:21-29 geen binding aan Jes. 42 het nie. Dijkstra wys byvoorbeeld op die formele en materiële samehang tussen Jes. 41:21-29 en Jes. 42:8-9 op grond van die voorstellingsfraseologie en die afgode-polemiek.[83]

Jes. 41: 21-29 spieël 'n regsstryd.[84] In die regsstryd is Jhwh tegelykertyd die Aanklaer én die Regter.[85] Hy daag die gode uit om "bewysgronde" (Jes. 41:21) voor te lê dat hulle werk-lik gode is. Hierdie bewyslas sou op twee wyses uitgevoer kon word: óf dat hulle te kenne gee wat nog gaan plaasvind (22:a) óf dat hulle in staat is om die

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

vroeëre dinge te vertolk (22b). Al wat die gode kan doen(!), is om niks te doen nie (Jes. 40:19, 20, Jes. 41:24, Jes. 41:28-29). Hulle is niks-seggend. Stom go(e)d! God is alleen God (Jes. 45:6,14, 46:9, 47:8,10). Hy is in volle be-heer. In die verlede het Hy Hom reeds bewys. In die nulpuntsituasie van die ballingskap is Hy aanwesig en in die toekoms gaan Hy deur die Persiese koning Kores sý geskiedenis maak (Jes. 41:25; vgl. Jes. 44:28, 45:1 e.v., 46:11, 48:15)[86] Die gegote gode is slegs rûah (wind), maar God gee rûah (lewe) (Jes. 42:5).[87] In die lig van die gode-polemiek waar die gode niks voorstel (of voorspel) nie, stel God sy dienaar voor.[88] Teen hierdie agtergrond is die naatlose oorgang na die voorstelling van die dienaar begryplik en aangrypend.[89]

Die taak van die dienaar staan binne 'n bepaalde raam. Daarom is dit noodsaaklik om die eerste ᶜaebaedlied noukeurig af te baken. Op grond van genre-kritiese analise is die eenheid van Jes. 42: 1-9 bevraagteken.[90] Op voetspoor van De Leeuw kan aanvaar word dat die eerste ᶜaebaedlied tot v.9 reik.[91] Die benadering doen nie daaraan afbreuk dat Jes. 42:1-4 as 'n afgeronde teks beskou kan word nie.[92] Binne die raam van die tekseenheid word die ᶜaebaed Jhwh voorgestel.[93] Met Jes. 42:5 begin 'n nuwe gedeelte binne die ᶜaebaedlied[94] waarin die dienaar aangespreek word.[95] Daar kan van 'n jukstaposisie ten opsigte van Jes. 42:1-4 en Jes. 42:5-9 gepraat word. Die jukstaposisie verryk die verstaan van die doel van die dienaar se sending.[96] Jes. 42:8-9 vorm 'n sluitstuk van die voorafgaande gedeelte.[97]

Dit is binne bogemelde raam dat die voorstelling en optrede van die dienaar tot sy reg kan kom. Die ᶜaebaedlied begin met 'n oratio recta van Jhwh wat met die interjeksie hēn die aandag op die dienaar fokus.[98] Jes. 42:1 is 'n "Präsentionswort" waardeur God die dienaar vir 'n opdrag aanwys.[99]

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

Teen die agtergrond van die gode se onvermoë om hulle godheid te bewys, roep Jhwh sy "getuie" na die voorgrond - sy dienaar.[100] Hy is God se getuie deur wie Hy sy Godheid in woord en daad gaan bewys.[101] Dié getuienis sal die dienaar aan die volke[102] en óók voor God se volk aflê. Maar ten einde sy dienaar hiertoe in staat te stel, moet hy *toegerus word*.

Die dienaar wat die Here voorstel, is deur Hom *aangestel* met die oog op die vervulling van sý roeping.[103] Die aangestelde dienaar is ook deur God *uitverkies* (42:1). Vriezen het aangetoon dat God se verkiesing nie op persoonlike kwaliteite berus nie, maar dat sy verkiesende genade die grond van sy genadige toewending is.[104] Bḥr as 'n tegniese term vir Israel se verkiesing, rimpel op 'n ou tradisiestroom.[105] ᶜAebaed en bḥr word as parallelle begrippe gebruik ten opsigte van die aartsvaders, die volk (Jes.43:20, 45:4, 65:9,22, Ps.105:6, 43, 106:5) sowel as Moses (Ps. 106:23).[106] Wanneer Dijkstra beweer dat die parallelle begrippe ᶜaebaed en bḥr nie ten opsigte van 'n profeet voorkom nie, dan hou hy nie daarmee rekening dat Moses ook die groot profeet van die volk se lydenstyd was nie.[107] Bāḥîr as koningstitel wortel ook in 'n ou tradisie (Saul: 1 Sam.10:24; Dawid: 2 Sam. 6:21, Ps. 89:4,20).[108] Hieruit kom Dikjstra tot die slotsom dat "wat Dt. Jes. betreft *ēbed//bāḥīr* reeds voor koning en volk als overgenomen traditie naast elkaar staan".[109] Om in die lig hiervan koninklike trekke by die dienaar te vermoed, is nie te vergesog nie. Die toutologiese frase: "hy geniet my guns", is die grond van God se genadige verkiesing.[110]

God stel sy dienaar in staat om sy roeping te vervul deurdat Hy sy rûaḥ op hom laat kom (Jes. 42:1). Deutero-Jesaja staan binne die tradisie waar die rûaḥ 'n mens tot diens bekwaam. Hiervan is die rigters, die ekstatiese profete, die Skrifprofete, die konings en die messias sprekende voorbeelde.[111] Indien aangeneem kan word dat

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

die dienaar óók oor koninklike kenmerke beskik, word daar veral uit die Dawidstradisie geput waar die rûah die koning vir sy amp toerus (1 Sam. 16:13, 2 Sam. 23:1 e.v., vgl. Jes. 11:2).[112] Die verbale vorm wat die rûah-gawe beskryf, dui op 'n blywende kragwerking van God. Dit is juis die rûah as gawe wat die dienaar tot die uitvoer van sy taak inspireer en in staat stel. Daarom is dit van belang dat die blikrigting tot die taak gewend word.

Hy sal die mišpāt aan die nasies bekendmaak (42:1). Elliger merk met reg ten opsigte van die begrip mšpt op: "Die Ausleger haben viel an dem Wort herumgerätselt".[113] 'n Ryk skakering van betekenismoontlikhede is aan die begrip toegeken. Begrich aanvaar die term as 'n terminus technicus uit die regspraak en ken die betekenis "Urteil", "Gerichtsentscheidung" daaraan toe. "Sachlich hat man zu denken, dass das Urteil - es ist an ein Strafurteil zu denken, wie aus dem Folgenden hervorgeht - öffentlich bekanntgemacht wird und damit Rechtskraft erlangt".[114] Westermann het by die gedagte van 'n *regsbeslissing* aangesluit.[115] Hy verklaar mšpt in die lig van die sogenaamde "Gerichtsreden" (Jes. 41:1-5, 41:21-29). Binne dié raam verklaar hy mšpt as die oordeel oor die gode van die volke. Hulle het geen aanspraak en reg op goddelikheid nie, want Jhwh alleen is God.[116] Ridderbos oordeel dat die mšpt 'n benaming is wat ontleen is aan die "reg" of die "regte" en insettinge; die ganse regsorde wat aan Israel deur Moses se bemiddeling geopenbaar is. Dié ware reg wat gelyk is aan openbaring, sal die dienaar aan die nasies verkondig.[117] Von Rad deel Ridderbos se gedagtegang as hy onder mšpt die "ware religie" of die "absolute waarheid" wat Jhwh deur sy dienaar aan die volke bekend sal maak, verstaan.[118]

Om vir 'n moment weer na Elliger se standpunt terug te keer. Hy is van mening dat mšpt méér as net "Urteil" of "Gerichtsentscheidung" omvat. Vir sy uitleg verwys hy na Jes. 40:27 en verklaar: "Dort ist deutlich, dass mšpt

einen über das Forenisische hinausgehenden Sinn haben kann und dort die ganz persönliche Entscheidung des göttlichen Weltregenten bedeutet, der ohne Gerichtsverfahren von sich aus 'Recht' setzt, Recht im weiteren Sinne, das die Ordnung der Dinge im Wandel der Zeit, den Lauf der Geschichte bestimmt. Um diesen mšpt auf seinem Wege durch die Welt geht es offenbar auch hier in 1."[119] Daar kan met Elliger saamgestem word dat dit inder-daad in die mšpt-handeling om 'n "Begnadigungsurteil", maar ook om 'n "Neuordnung der Welt" gaan.[120] Die dienaar se mšpt-handeling is op 'n wêreldwye uitvoering gerig.[121] Die mšpt-opdrag moet deur die dienaar *gerealiseer* word.[122] Ten einde die mšpt-opdrag af te baken, is die blootlegging van die betekenislading van die begrip noodsaaklik. Oosterhoff gee die volgende oorsig: die verbale vorm van mšpt is špt. Mšpt het die volgende betekenisveld: regterlike uitspraak, regspraak, vonnis, reg as 'n kompleks van regsreëls, voorskrif, bepaling, regsordening, regsbestel, die lewe ooreenkomstig die regsreëls, die regsbetragting.[123]

Jerusalem was eenmaal vol van mšpt (Jes. 1:21). Dit beteken dat daar nie slegs regsbepalings was nie, maar ook 'n lewe in ooreenstemming met die reg.[124] Jhwh verwag mšpt (regsbetragting) in Jerusalem, maar daar is regsverkragting (Jes. 5:7, vgl. Jes. 59:8,15).[125] Dit is die taak van die dienaar om die regsorde bekend te maak en te laat funksioneer.[126] Die taak moet in 'n wêreld waar soveel onreg en verdrukking aan die orde is, uitgevoer word.[127] Die regsorde waarom dit gaan, is die koningsheerskappy van God (vgl. Jes. 40:13-14).[128] Die Here gee die versekering dat die dienaar sy wil sal bekend maak soos dit is (Jes. 42:3). Ten onregte vertaal North: "He will faithfully reveal my law" (Jes. 42:3).[129] Dit gaan in die teks nie om 'n persoonlike eienskap van die dienaar nie, maar om sy *taak*. Daarom kan instemming met Westermann se toeligting betuig word: "dass es Wahrheit, dass es gültig werde".[130] Elliger verklaar op sy voetspoor: "Gemeint ist, dass das Hinausbringen des Rechts durch den

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

Knecht 1^{c}mt 'zur Wirklichkeit' wird, zu allem, was praktisch den Inhalt des Begriffes ausmacht, d.h. dass es nicht Auftrag bleibt, sondern ausgeführt wird und dass es nicht Versuch oder Bruchstück bleibt, sondern zum Erfolg und zum Ziel führt".[131] Die voorsetsel (1^{e}) wat in Jes. 42:3 gebruik word, dui op 'n *doel*: tot waarheid, dit wil sê tot werklikheid bring.[132] Die ^{c}aebaed Jhwh sal sy neergelegde taak verwerklik.[133]

Westermann sien in Jes. 42:4 'n sinspeling op die swaar leed wat op die dienaar in die voltooiing van sy taak wag.[134] Renkema vind egter geen steun vir dié verklaring in die teks nie. Die vertaling van ^{c}*ad* met "totdat" lei moontlik tot sodanige interpretasie.[135] Renkema wys daarop dat ^{c}*ad* ook duratiewe betekenis kan hê en dan kan dit met "terwyl" vertaal word (1 Sam. 14:19).[136] Die klem val in die geval op die druk en weerstand wat hy sal ondervind terwyl hy sy taak uitvoer. Dié taak is daarop afgestem om "Gods rechtorde op aarde, een wereld van recht en gerechtigheid" te vestig.[137] Die dienaar se taak het 'n gerigtheid op *Israel*. Die geknakte riet en die dowwe lamppit dui op Israel se hooplose bestaan tydens die ballingskap.[138] Die dienaar sal die geknakte Israel in beskerming neem.[139] De Moor wys daarop dat die slaaf dikwels in die nieu-Babiloniese tyd 'n brandmerk met die naam van sy eienaar op sy hand gedra het.[140] "Israël merkt zich met de naam van JHWH. Iedere Israëliet die belijdt 'van JHWH' te zijn wordt zo tot een levend, onuitwisbaar teken van het verbond."[141] Wat De Moor egter uit die oog verloor, is dat Israel nie die subjek van die handeling is nie. Die dienaar is die handelende persoon. In die uitvoering van sy taak word hy die verbond van God met Israel genoem (Jes. 42:6).[142] As die dienaar die *b^{e}rît ^{c}am* genoem word, is dié handeling gerig op die bevryding van Israel.[143] Die bevryding van Israel is dan 'n vervulling van God se verbondsbeloftes.[144] Dié bevryding word konkreet uitgespel as 'n bevryding uit die ballingskap (Jes. 42:7).[145] Dit gaan egter nie om heil

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

vir Israel alleen nie, maar om "heil vir die wêreld".[146] Op die vraag wie die lig vir die nasies is (Jes. 42:6), antwoord Bosch: *Israel*.[147] Die dienaar van die Here is egter die lig vir die volke.[148] Die woord *'ôr* teken die strale van heil, geluk en bevryding.[149] Die dienaar sal God se heil tot teen die kosmos se wande laat spoel! Daarom wag die eilande op wat hy hulle sal leer (Jes. 42:4). Tôrā dui in die teksverband op die insettinge en verordeninge wat God aan Israel gegee het.[150] Die tôrā is volgens Renkema die inhoud van die profetiese woord van die dienaar, identies met die mṿšpṭ wat hy bring.[151] Die vermelding dat "die eilande" op sy onderwysing wag, beteken nie dat hulle met 'n sluimerende heilsverwagting geseën is nie. Die klem val op die dienaar wat voorgestel en toegerus is om die mṿšpṭ op aarde te realiseer.[152] Ons sou van 'n kosmiese effektuering van die heil kon praat. Want "Gods tôrāh is gericht op een wereld, waar geen onrecht en strijd, maar gerechtigheid en vrede heersen".[153]

Wanneer ons taak ten opsigte van die dienaar se taak afgehandel is, is die boeiende vraag na die identiteit aan die orde. Ondanks onvermoeide pogings om die identiteit van die dienaar te ontsluit, bly(k) dit 'n bleek geheim.[154] Westermann se benadering van die vraagstuk is verhelderend as hy sê: "die Exegese dieser Stücke darf nicht von vornherein von der Frage geleitet sein 'Wer ist dieser Gottesknecht?', vielmehr sind die Texte darin zu respektieren, dass sie uns das nicht sagen und nicht sagen wollen".[155]

Renkema se vraender-wyse opmerking kan hiernaas gevoeg word: "Waar het OT elders zo royaal is met namen van profeten en koningen en de bijbehorende jaartallen, valt het hier des te meer op dat de naam van de profeet en van de Knecht achterwege blijven. Dat kan geen toeval zijn maar doet veeleer opzet vermoeden. Moet dat dan niet in de teksten van Deutero-Jesaja gerespecteerd worden?"[156]

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

Die eerste ᶜaebaedlied wek die indruk dat dit om 'n *persoon* gaan.[157] Ten gunste hiervan kan die volgende argumente genoem word: Die dienaar word voorgestel aan Israel en die volke. Sy taakomskrywing gee voorkeur aan 'n persoonlike opvatting. Boonop het hy 'n taak teenoor Israel en die nasies. Die dienaar word afwisselend koninklik en profeties geteken. Selfs Dijkstra wat 'n eksegetiese pleidooi vir 'n *koninklike dienaar* voer, moet skoorvoetend byvoeg dat die dienaar "mogelijk iets profetisch over zich" het.[158] Die rûaḥ het ook nie net die koning oor-meester nie, maar ook die profeet.[159] Die mšpṭ was ook nie slegs 'n koninklike handeling nie, maar ook dié van die profeet.[160] Die tôrā-oprigting wys verder meer op profetiese werksaamhede. Daarom kan op voetspoor van Oosterhoff besluit word: "Zo heeft de Ebed JHWH duidelijk koninklijke trekken. Niet minder duidelijk zijn zij profetische trekken".[161] Daar kan selfs van 'n tipologiese duiding van die dienaar duskant die beloofde land gepraat word. Dan kan daar saam met Koole geformuleer word "dat de Knecht iemand is, in wie het koninklijke en het profetische verenigd zijn, zoals dat bij Mozes het geval was".[162] Wanneer daar ten gunste van 'n individuele persoon besluit is, kan daar nie aan die be-teken-is van die dienaar ten opsigte van die ballingskapsituasie verbygegaan word nie. Indien die boodskap van die dienaar se optrede nie histories gehoor is nie, sou dié woord ongehoord en betekenisloos versand het.[163] Dit is veral die ballingskapsterme (Jes. 42:7) wat op 'n historiese vulling rondom die ballingskap wys.[164] Daar sou ook van 'n tipologiese spanning rondom die dienaar gepraat kon word. Dit is juis die historiese vulling van die ᶜaebaedgestalte wat na 'n toekomstige vervulling reik. Dit is die vaagheid en die anonimiteit van die ᶜaebaedfiguur wat na die uur van volheid strek. Daarom kan die ᶜaebaedlied ook in die ry van koning-messiaanse profesieë geplaas word (Jes. 9:6, Jes. 11:1, Jer. 23:5, Sag. 9:9)[165] Elders in die Ou Testament val die terugkeer van Israel uit die ballingskap saam met die

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

messiaanse tydvak (Hos. 3:5, Eseg. 37:22).[166] In die Nuwe Testament gee Jesus Christus konkrete vulling aan die ᶜaebaedbegrip. Hy is God se Dienaar (Fil. 2:5-11, Matt. 12:15-21). Op Hom sal die Gees rus (Mark. 1:10, 12).[167]

Dit is van pas om samevattend op enkele gesigspunte wat uit die paragraaf gekristaliseer het, te fokus.

1. Jhwh stuur die messias om sy kosmies-omspannende oogmerke te verwesenlik.

2. Die be-doel-ling van die messiaanse optrede is gerig op:

   2.1 Die realisering van Jhwh se nuwe regsorde. Anders gesê: die ver-werk-liking van Jhwh se koningsheerskappy.

   2.2 Die realisering geskied teenoor die niksseggende aansprake van die afgode. Die stomme go(e)d! Die messias is die enigste Godsbewys: net Jhwh alleen is God!

   2.3 Die koningsheerskappy van Jhwh is gerig op Israel én die volke. Die heil van God bring 'n kosmiese skittering.

3. Ten einde die messias in staat te stel om sy taak uit te voer, rus Jhwh Hom toe met sy rûah. Die rûah verteenwoordig in die verband Jhwh se blywende teenwoordigheid.

4. Jhwh verleen deur die rûah aan die messias ampsgawes sodat hy as koning regverdig kan heers en as profeet kan leer en dien.

5. In die Ou Testament is die gesig van die dienaar (Jes. 42) bedek. In die Nuwe Testament word die

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

dienaar as die Messias, die Christus, ontdek. Hy lê oop en bloot in 'n noodwiegie. Die Messias lê en wag as't ware vir die doopdag. Dié dag waarop die ᶜaebaedlied óór Hom gesing sou word. Op dié dag sou die Gees op Hom kom rus om Hom vir sy taak toe te rus. Die taak wat op Hom gewag het, was om God se wêreldomvattende koningsheerskappy te proklameer. Maar om dit te realiseer moes Hy die heil versoenend bewerk sodat die Heilige Gees dit kosmies kon effektueer.

2.3 DIE RÛAH EN DIE HERSKEPPING VAN GOD SE VOLK

Uit die voorafgaande het dit reeds duidelik geword dat die ᶜaebaed se taak op Israel én die volke gerig is. Hiertoe het die rûah hom bekwaam. Daarom is dit 'n bekwame plek om nou op die verhouding tussen die rûah en die volk te let.

In die eksiliese en na-eksiliese tydvak is die opvallende dat die rûah in byna alle gevalle met die suffiks van die eerste persoon enkelvoud gebruik word.[168] Hieruit kan die afleiding gemaak word dat die rûah-voorstelling binne die Jhwh-rede plaasvind, veral binne die raam van die profetiese heilsaankondigings - en skilderinge.[169] Hierdie heilsvoorspellings en -voorstellings open verrassende perspektiewe met betrekking tot die aktiwiteite van die rûah. Langs hierdie weg is daar op 'n ongekende nuwe verhouding tussen God, mens en wêreld aangespeel.

Die omvattendheid van die rûah se werksaamheid ten opsigte van die *ganse volk* kan as *herskeppende handelinge* omskryf word.[170] Die herskeppende werksaamheid funksioneer by Esegiël binne die raamwerk van Israel as God se ontroue bondgenoot.[171] Esegiël vertolk die heilsgeskiedenis as Jhwh se reeks onsuksesvolle handelinge met sy volk en Israel se konstante mislukking om die Goddelike wil na te kom.[172] Die ekskursie wat Esegiël van die geskiedenis

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

onderneem, beoog nie om Israel se afsonderlike oortredinge aan die man te bring of om die mislukking voor een geslag se deur te lê nie, maar om die diep gewortelde onwilligheid om God heelhartig te gehoorsaam, aan die kaak te stel.[173] Die groot raaisel is dat Israel nie in staat is om God te gehoorsaam (ken) nie. En dit ondanks God se trou. Dié onverklaarbare verhardheid kan slegs aan Israel se "kliphart" (Eseg. 36:26) toegeskryf word.[174] Dit gaan nie slegs om "de hardnekkige, weerspannige *gezindheid*"[175] nie, maar om 'n totale verdorwenheid wat op sondige gesindhede én dade uitloop.[176] Die ongehoorsaamheid aan God konkretiseer in die ontheiliging van sy Naam onder die nasies (Eseg. 36:22-23)[177] en die aanhang van die gode van die nasies (Eseg. 36:25).[178]

Die eer van Jhwh is op die spel, daarom handel Hy.[179] Sy handelinge het die heiliging van sy Naam voor die nasies ten doel (Eseg. 36:23). Hy wil sy heiligheid - sy mag - voor die oë van die nasies deur sy heilsdade vestig.[180] God se herskeppende handelinge begin met *reiniging* (Eseg. 36:25). Op die reiniging van sonde (Eseg. 36:16-38),[181] volg die herstel van God se volk. Die reiniging word verbeeld in 'n waterbesprinkeling wat 'n kultiese reinheid voorstel.[182]

Aangesien Esegiël Israel se bestaan voor God met 'n priesterlike bewoëndheid beskryf,[183] is dit ook nie vreemd dat hy die heil in kultiese terme doop nie.

Die rituele reiniging van die liggaam is egter net maar die begin. Op dié reiniging volg die vernuwing van die innerlike (vgl. Eseg. 11:19).[184] Daar moet 'n radikale hartsverandering plaasvind. Die term leb is 'n omvattende begrip. Dit is nie slegs die setel van die ganse ervaringslewe nie, maar ook van die verstand en wil.[185] Die hart kan in een woord beskou word as 'n aanduiding van die wils- en aksiesentrum van die mens.[186] Ten einde die wils- en aksiesentrum van die mens/volk te verander,

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

is 'n "nuwe hart en 'n nuwe gees" nodig (Eseg. 36:26). Leb en rûah word as parallelle begrippe gebruik om die verandering wat Jhwh van binne uit bewerk, aan te dui.[187] Dit gaan nie net om "een nieuwe gezindheid" nie,[188] maar om 'n hart-grondige lewensherskepping. Jhwh bewerk die herskepping deur sy rûah (Eseg. 36:27). Die rûah is 'n manifestasie van Jhwh se herskeppende krag.[189] Jhwh skep deur sy rûah ruimte sodat die volk sy wil kan gehoorsaam (vgl. Eseg. 11:20). Die Godgegewe en gevraagde gehoorsaamheid bring 'n nuwe Gods-diens mee.[190]

Die herskeppende handelinge van Jhwh deur sy rûah is nie "a pie in the sky when you die" nie. Jhwh se herskeppende handelinge gryp in die eksistensie van sy volk in. Daarom word daar in Eseg. 37 (ná Eseg. 36) na die implikasies van die herskepping vir die volk se (aardse) bestaan gekyk. Israel vergaan van wanhoop in die ballingskapsnoute. Hulle rouklag lui soos 'n doodsklok. "Ons bene is uitgedroog, ons het geen hoop meer nie, dit is klaar met ons" (Eseg. 37:11b).[191] In hierdie wanhoopsklag lê die verlies van alle vitale lewenskrag ingeklem.[192]

Dit is in hierdie nulpuntsituasie dat Esegiël 'n visioen sien: 'n gesig van wat Jhwh, die Herskepper gaan (kan) doen. Hy gaan naamlik nuut begin met 'n volk wat skynbaar (werklik!) aan sy einde gekom het.[193] In die profetiese visioen staan die menslike onmag teenoor die Goddelike volmag (Eseg. 37:3).[194] God gaan die verdorde bene (mense) laat herleef. Esegiël maak van die term rûah gebruik om die radikale herlewing te beskryf. Jhwh gaan *lewe* in die dooie bene blaas (Eseg. 37:5, 6, 9, 10, 14).[195] In die lig daarvan dat Esegiël met skeppingsterminologieë werk om die herskeppingsgebeure te verduidelik, is dit nie vreemd dat die skepping van die mens in Gen. 2:7 'n analoë gebeure is nie.[196] Die wonder van Jhwh se herskeppende daad blyk daaruit dat Hy die bleek bene uit die grafte haal (Eseg. 37:12). Die graf is immers die plek waar die dooie buite bereik van die

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

lewende is.[197] Esegiël maak van eksodusterminologie gebruik om Jhwh se herskeppingsdaad aan te dui: die uitkom uit die graf en die terugbring na Israel toe (Eseg. 37:12).[198] Die uittog uit die land van die dood lei na 'n intog in die land van die lewe. Die intog word aan die herskeppende werk van Jhwh se rûah verbind (Eseg. 37:14). Die rûah sal die tot die dood toe vertwyfelde volk weer tot lewe wek.[199] Jhwh se rûah verteenwoordig hier sy herskeppende krag.[200] Die wonder van die nuwe lewe vir die volk is die groot Godsbewys teenoor die wêreld - Jhwh skep die geskiedenis en Hy hou woord.[201]

Jesaja 44:1-5 funksioneer ook binne die ballingskapsituasie. In dié gedeelte kom aan die lig dat Jhwh deur sy rûah sy volk met oorvloed seën. Die herskeppende werk van Jhwh se rûah word vergelyk met die uitgiet van water op droë grond (Jes. 44:3). Soos water in die woestyn skielik 'n wonderbare lewe wek (Jes. 41:19), só sal die rûah van Jhwh die skynbaar gestorwe volk tot nuwe lewe en groei opwek.[202] Dit is opmerklik dat die rûah en b^{e}rākā in Jes. 44:3 as parallelle begrippe gebruik word.[203] Hiermee word die oorvloed van die Goddelike seënwerking aangedui.[204] Dit is die Goddelike seënwerking van die rûah Jhwh wat vir die hede (die volk) 'n toekoms (nakomelinge) skep.[205] 'n Toekoms waarin die nakomelinge soos gras sal uitspruit - lewend en kragtig (Jes. 44:4). 'n Toekoms waarin die volk van God óók deur proseliete verryk sal word.[206] En dit alles as gevolg van Jhwh se seënwerking!

Joël 2:28-32 is van groot be-teken-is om die werking van die rûah Jhwh onder die volk en sy uitwerking op die volk te teken. Op grond van God se heilsdade sal die belydenis ontstaan dat Hy i) in die midde van sy volk is en ii) dat Hý die enigste God is (Joël 2:26-27).[207] Dit is dié belydenisformule wat ruimte skep vir 'n heilstoesegging in die toekoms. Die toekoms word van hieruit in sy kosmiese wydte met nuwe lewenskrag deur die uitstorting

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

van Jhwh se rûah gevul. Dit bly egter 'n oop toekoms. Daarom is die volk met gespanne haas en verwagting na die toekoms oppad. Die teksgedeelte is veral ook in Nuwe Testamentiese perspektief van belang. Want dié teksgedeelte (Joël 2:28-32) word in vervullingskategorieë met betrekking tot die heilsfeit van Pinkster hanteer (Hand. 2:17-21).

Die onmiddellike aanleiding tot Joël se profesie is die sprinkaanplaag en die droogte wat daarmee saamgaan.[208] Die sprinkaanplaag word in Joël 2:1-11 op 'n dramaties hiperboliese wyse beskryf waarin dit duidelik blyk dat dit om méér as net 'n sprinkaanplaag gaan.[209] Die sprinkaanplaag is 'n *teken* van die onheil wat die verskriklike en skrikwekkende dag van die Here sal bring (vgl. Joël 1:15). In die lig van die dreigende gerig roep die profeet die priesters op (Joël 1:13) om die volk in die dag van boetedoening voor te gaan (Joël 1:14). Die dag van onheil het ook 'n kosmiese gerigtheid (Joël 1:17-20). In Joël 2:18-4:17 vind 'n heilswending plaas - die ontvouing volg dat die donker gerigsdag onheil vir die volkere in die "dal van Josefat" sal inhou, maar heil vir God se volk.[210]

Dit is binne die raam van die heilswending dat daar sprake is van die rûah Jhwh. Die voorspelling van die heilsbelofte bring mee dat Joël 2:28-32 vanweë eskatologiese spanning tril. Want die toekoms sal 'n uitkoms bring op grond van die koms van die rûah Jhwh. Die toekomstige koms van die rûah Jhwh word in 'n kosmiese samehang gerangskik. Die kosmiese herlewing (Joël 2:21-26) is 'n voor-teken van die herskepping wat met die koms van die rûah Jhwh 'n aanvang sal neem.[211] Dit is opvallend dat die kombinasie 2:28b-29 'n afgerondheid of inclusio vertoon deurdat dit sowel ingelei as afgegrens word met "*Ek (sal) my Gees laat kom*". Hierdie perikoopseksie word dus omraam deur die uitspraak van Jhwh dat Hy sy rûah sal uitstort.[212] Hierdeur word Jhwh se handeling sterk

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

beklemtoon. Die uitstorting van sy rûah sal die gebeure in 2:28b-29 veroorsaak.[213] Soos Jhwh deur die "uitgieting" van die reën nuwe lewe aan die kosmos gegee het (vgl. 2:24), so sal Hy vir sy volk *nuwe lewenskrag* deur die uitstorting van sy rûah gee.[214] Die koms en werking van die rûah Jhwh sal die hele *Israel* aangryp.[215] Die profeet verduidelik die uitdrukking "al die mense" volledig: Jhwh sal sy rûah aan die ganse volk gee sonder inagneming van leeftyd, geslag en sosiale status.[216] Almal sal ingewydes van en toegewydes aan Jhwh wees.[217] Die profeet sluit by die geykte tradisie van die ekstatiese profesie aan wat "profeteer", "drome droom", en "gesigte sien", maar dit verkry 'n heilsverbreding en verdieping.[218] Die "charismata" is nie toegewys aan 'n uitverkorene soos die profeet of die koning nie, maar die hele volk is gevolmagtigde openbaringsmiddelaars.[219] Die *versugting* van Num. 11:29 ("Ek sou wou wens dat die hele volk van die Here profete was, en dat Hy sy Gees op almal mag lê") word in die heilsvoorsegging 'n *uitsig*. Die verhouding met God sal deur die herskeppingswerk van die rûah Jhwh nuut wees.[220] Die belydenis dat die Here alleen God is, sal 'n belewenis word.

Daar sal ook kosmiese voor-tekens wees om die koms van die rûah Jhwh aan te wys. Daarom kan daar selfs van 'n kosmiese eskatologie gepraat word. Die tekens (Joël 2:30) word beskryf met geykte terminologie wat gewoonlik met Jhwh se toorn en oordeel verband hou.[221] Die tekens het die verskriklike en skrikwekkende gebeure wat met die plae oor Egipte gekom het, geteken [222] (Eks. 7:3, Deut. 6:22, Neh. 9:10, 1 Kron. 16:12, Jer. 32:20). Daarom kan die nuwe heilsera as 'n nuwe eksodus verwag word.[223] Daar sou selfs van die eksodus van die rûah gepraat kon word. Die hiperboliese beskrywing van die voortekens wat die ganse skepping in beroering bring, onderstreep die radikaliteit van die nuwe heilstyd en Jhwh se handeling,[224] maar óók onheil vir die nasies.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

Waar die werking van die rûah Jhwh vroeër sporadies tot enkele uitverkore enkelinge soos die rigters, konings, profete, beperk was,[225] kry dit nou onder die hele volk 'n blywende gerigtheid. Dit het reeds in die voorafgaande aan die lig gekom.[226] Die lig van die herskeppende werking van die rûah Jhwh skitter nie slegs op God se volk nie, maar ook op sy skepping.

Die werk van die rûah met betrekking tot die skepping kom nou vanselfsprekend aan die bot.

2.4 DIE RÛAH EN DIE HERSKEPPING VAN DIE SKEPPING

In die politieke en godsdienstige krisis wat die ballingskap veroorsaak het, het God se heilswoord tot teen die kosmiese wande geslaan. Marduk is in Babilonië as die skeppergod geroem.[227] Wie is teen hom opgewasse? Israel se Skepper- en Verlossergod! Hý het die heelal gemaak voordat die sonde dit gekraak het. Die profeet (Jes. 40:12-14), die priester (Gen. 1:2) en die digter (Ps. 33:6-7) getuig dat Jhwh deur sy skeppende mag (rûah) alles (goed) gemaak het.[228]

Die rûah verteenwoordig Jhwh se leweskeppende krag, maar ook sy herskeppende krag. Dié waarhede word in Jes. 32:15-20 en Jes. 11:6-9 bevestig. Die paragraaf in Jes. 32:15-20 volg op die voorsegging van onheil.[229] Die oordeel sal alles in puin lê "totdat" die rûah kom.[230] Die rûah sal van Bo af uitgestort word (Jes. 32:15). Die plek vanwaar die rûah sal kom, is God se woonplek. Die rûah sal dus van God af kom,[231] om kragtig en lewewekkend in die skepping te werk.[232] As Scheepers reken dat die kosmiese veranderinge dien om die nuwe lewe slegs te verbeeld, dan hou hy nie voldoende met die konteks rekening nie.[233] Die koms van die rûah sal juis werklike skeppingsveranderinge bewerk. Die herskeppende werk van die rûah kan nie net in die menslike bestaan geprivatiseer word nie, maar die skepping sal óók tot by die eindes van

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

die aarde grondig herskep word. Die mens het die ganse skepping immers in sy sondeval meegesleep (Gen. 3:17-19)

Die herskepping van die mens in die heilstyd, sal ook 'n volledige kosmiese herskepping meebring. Die natuur sal deur die rûah *herskep* word.[234] Die woestyn as onbewoonbare plek vol bedreiging en doodsgevare (Jer. 2:6),[235] sal 'n vrugteboord word en die vrugteboord sal in 'n welige bos omskep word (Jes. 32:15). Só ryklik en vrugbaar sal die natuur herskep word. Die skepping sal 'n ruimte word waar die geregtigheid as etiese dimensie[236] onder mense sal woon (Jes. 32:16). Die woestyn sal nie meer 'n plek wees waar mense oor weiplek en bronne stryd voer nie, en die kultuurland sal nie meer 'n plek wees waar mededinging en die verdediging van huis en haard tot 'n regstryd sal lei nie.[237] Aangesien daar reg geleef sal word, sal daar vrede wees (Jes. 32:17). Die wêreld sal vol vrede wees! Die verband tussen geregtigheid en vrede is geyk.[238] In die Ou Testament kom die verbinding veral in die eskatologies-gerigte profesieë voor (vgl. Jes. 54:13-14, 60:17).[239] Die nuwe waarby alles ingevoeg is (vréde!), bring mee dat daar geen bedreiging vir die skepsel én die skepping sal wees nie. Gelukkig is die boer wat in 'n paradys leef! Sonder die oog op die wolke kan hy lustig saai en die kudde kan sonder vrees vir roofdiere aanteel (Jes. 32:20).[240] As die sterre liggies reën, kan alles op die akker en die weiland gedy - danksy die herskeppende werk van Jhwh se rûah!

In Jes. 11:6-9 word dieselfde tema as in Jes. 32:15-20 aangesny. Daar kom egter ander perspektiewe by. In die heilstyd sal die spruit van Dawid met die rûah toegerus wees vir sy heilsregering (Jes. 11:1-2).[241] Volgens Fohrer beteken die messiaanse tyd die terugkeer van die paradystyd[242] en sien hy die tema van dié gedeelte as: die eindtyd bring die terugkeer van die oertyd mee.[243] Daar kan eerder van *skeppingstyd* in plaas van oertyd

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

gepraat word. Die messiaanse tyd is óók méér as slegs 'n terugkeer na die skeppingstyd. Die messiaanse tyd is nie net 'n natros (of natroos!) nie, maar *herskepping*. Daarom moet die kontinuïteit sowel as die diskontinuïteit van die messiaanse tyd ten opsigte van die skeppingstyd onverkort gehandhaaf word. Teen dié agtergrond is dit ook nie vreemd dat Jes. 11:6-9 by die paradyssituasie aansluit om die messiaanse tydvak in kosmiese beelde te teken nie.[244] Daar sal vrede onder die diere heers - in so 'n mate dat roofdiere weidiere sal word (Jes. 11:6). Die wolf en die skaap, die luiperd en die bokkie, die kalwers, leeus en voerbeeste sal een vredesgemeenskap onder die vredeshand van klein seuntjies wees (Jes. 11:6). Daar sal ook vrede tussen mens en dier heers. Die vyandskap tussen mens en slang sal opgehef wees (Jes. 11:8, vgl. Gen. 3:15).[245] Die vrede wat alle verstand te bowe gaan, sal tussen God en mens heers (Jes. 11:9). Die aarde sal vol wees van die Godsgemeenskap soos die water die seebodem bedek. Die heil sal die hele wêreld oorspoel. Vrede sal kosmies rimpel. Dit sal alles plaasvind onder die heerskappy van die messias onder aandrang van die herskeppende werk van die rûah van Jhwh.

'n Slotwoord. Enkele gekonsentreerde perspektiewe kan ten opsigte van die voorafgaande twee paragrawe (3.2 en 3.3) aangetoon word:

1. Die twee paragrawe oor die rûah en die volk én die rûah en die skepping word as 'n eenheid behandel aangesien die kosmos sowel die skepsel as die skepping omvat.

2. Die rûah se handelinge ten opsigte van die volk is herskeppende handelinge. Die herskeppende handelinge staan binne die kader van die volk se raaiselagtige ontrou aan Jhwh. Dit bring mee dat die rûah 'n hart-grondige lewensherskepping vir die volk bewerk.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

3. Die herskeppende werk van die rûah is egter ook aards gerig. Dit is eksistensieel van aard. Die lewe-skeppende krag van die rûah gee hoop aan 'n hooplose volk in die nulpuntsituasie van die ballingskap. Dit is daarom die herskeppende krag van Jhwh se rûah wat die intog in die beloofde land sal realiseer.

4. Die heilstoekoms waarin die rûah van Jhwh uitgestort sal word, word as 'n oop toekoms voorsien. Die toekoms het 'n kosmiese wydte. Daarom is die herlewing van die skepping 'n voor-teken van die herskeppingsgebeure waardeur die rûah nuwe lewenskrag aan die volk sal gee. Die herskeppingsdaad waarop die geloofsoog gevestig is, het die hele Israel in die oog. Alle onderskeid verval. Almal sal in die heilstoekoms ingewydes van en toegewydes aan Jhwh wees. Dié Gods-diens sal gemanifesteer word deurdat almal sonder aansiens van persoon, charismata sal beoefen. Die kosmiese voor-tekens wat die heilsdag voorafteken, be-teken die nuwe heilsera as Jhwh se genadige handelinge.

5. Waar die werking van die rûah in die ou tradisies rondom die ampte (rigters, sommige profete, konings, enkele enkelinge) insidenteel was, sal dit in die heilstoekoms blywend wees. Die rûah sal dan Jhwh se blywende inwoning bevestig.

6. Die herskeppende werk van die rûah Jhwh het veral ook 'n kosmiese reikwydte. Dit kan ook nie anders nie. Die rûah as Jhwh se skeppende mag het die kosmos geskep en sal daarom ook leweskeppend werk. Die skepping sal God se heil vier. Daarom sal die woestyn 'n ruimte word waar mense in reg en vrede sal leef. Deur die herskeppende krag van die rûah sal die heil van God die skepsel en die skepping omvat. Die paradys sal uiteindelik 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde word (vgl. Jes. 66:22).

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

2.5 'n UITSIG OP DIE PNEUMATOLOGIE VANUIT DIE OU TESTAMENT?

Dit is prinsipieel nodig om rekenskap te gee van die tema wat die hoofstuk dek, naamlik die rûah van God as Gawe met die oog op die herskeppingsgebeure. Die resultaat van die studie is dat die term rûah binne sy konteks gesien, vertaal moet word. Dit is met ander woorde eksegeties onverantwoord om die term rûah net met "Gees" te vertaal.

Daar het 'n veelkleurige aantal betekenisfasette aan die lig gekom.

Die eerste konklusie wat gemaak kan word, is dat die rûah nie *naas* of *sonder* Jhwh ʾAelohîm optree nie. Hierdie conclusio word bevestig deur die onpersoonlike werkwoorde waarmee die koms en werking van die rûah beskryf word.[246] Die vraag is egter of die gebruik van onpersoonlike werkwoorde om die koms en werk van die rûah aan te dui, voldoende steun bied om die afleiding te maak dat die rûah nie 'n persoon naas of sonder Jhwh is nie. Want daar is in die Ou Testament ander gedeeltes wat sterk persoonlike eienskappe van die rûah voorstaan.[247] Daar word gesê dat die rûah praat (2 Sam.23:2), onderrig (Neh. 9:20), lei (Ps. 143:10) en bedroef kan word (Jes. 63:10).[248] En tog kan daar nie op grond van die persoonlike handelinge van die rûah tot die gevolgtrekking geraak word dat dit om 'n persoon naas of sonder Jhwh gaan nie. In die hele Ou Testament geld die één belydenis: Jhwh alleen is God (Deut. 6:4, Jes. 43:10-12, 44:6).[249] 'n Volgende saak wat gewig dra is dat die rûah in die verbinding rûah Jhwh, rûah ʾAdônāj Jhwh en rûah ʾAelohîm voorkom. Rûah word ook met die eerste, tweede en derde persoon suffiks wat op Jhwh betrekking het, aangetref.[250] Die rûah handel dus nie los van of sonder Jhwh nie. Hieruit kan daar afgelei word dat die rûah *Jhwh-in-aksie* is. Daar kan daarom met reg van die rûah as die *manifestasie* van Jhwh se

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

teenwoordigheid gepraat word.[251] Wanneer die rûah soms in die Ou Testament as 'n persoon voorgestel word, dan kan daar aan die stylfiguur van *personifikasie* gedink word.[252] Die bewering word bevestig deurdat die rûah in die latere tyd 'n algemene term geword het.[253] Die rûah beskryf nou nie meer 'n besondere *daad* van God nie, maar *God* as sodanig. Die "Gees van God" word nou byna gelykbetekenend met "God" sodat dit in talle tekste nie meer saak maak of die "Gees van God" of "God" die Subjek is nie.[254] Só sou "sy Gees" in Jes. 34:16 en "die Gees van die Here" in Jes. 63:14 net sowel met "die Here" vervang kon word. In Ps. 139:7 word "u Gees" en "u teenwoordigheid" parallel gebruik. Dit wys daarop dat die Here Self bedoel word.[255] In Jes. 63:10, 11, 14, is die Gees 'n sinoniem vir die "Ek" van God.[256] In Jes. 30:1 dui die rûah van die Here op sy *innerlike* (vgl. Jes. 40:13 en 63:10).[257] Dit is opmerklik dat die uitdrukking "rûah qodschô" slegs in Jes. 63:10 en 11 voorkom, terwyl "rûah qodsch^{e}kā" net in Ps.51:13 gebruik word. Westermann wys daarop dat die woord rûah in dié verband 'n algemene Goddelike predikaat geword het wat die wese van God omskryf.[258]

Die voorafgaande getuienis bevestig die bewering dat die rûah *God-in-aksie* of *God Self* aandui. Scheepers,[259] Jonker[260] en Vosloo[261] kan daarom nie nagevolg word as hulle die rûah as 'n hipostase van God beskou nie. Die vraag is natuurlik wat onder hipostase verstaan word.[262] Scheepers beskryf hipostase aan die hand van die beroemd-geworde definisie van H. Ringgren. "Es bezeichnet eine oft nur halb selbständige göttliche Wesenheit, die eine mehr oder weniger durchgeführte Personifizierung einer Eigenschaft, einer Wirksamkeit oder irgendeines Attributes einer höheren Gottheit darstellt".[263] Vosloo omskryf hipostase as "die verpersoonliking van God se werksaamhede en attribute op so 'n wyse dat dit die voorkoms van 'n half-persoonlike goddelike Wese kry."[264] Vir dié definisie beroep Vosloo hom op Scheepers en Eichrodt.[265]

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

Eichrodt maak op sy beurt weer van Ringgren se omskrywing gebruik.[266] Dit blyk dus kristalhelder dat Ringgren se definisie die oorspronklike omskrywing is waarop die woord hipostase gebou is. Dié term kan egter om teologiese redes nie op die rûah-begrip toegepas word nie. Want die rûah van God is ten enemale nie 'n half-selfstandige Goddelike wese nie. Daar is nie in die Ou Testament plek vir halwe gode nie. Dáár is net één God!

Die vraag is egter of Jonker nie tog reg het as hy beweer dat dit verkeerd is "om in die Pneumatologie van die Ou Testament uit te gaan of om die Ou-Testamentiese uitsprake oor die Gees deurslaggewend te maak vir die leer aangaande die Gees ..." nie.[267] As daar nie van die *Gees as Persoon* in die Ou Testament sprake is nie, is dit dan nie 'n teenspraak om in die Pneumatologie van die Ou Testament uit te gaan nie? Tog kan die standpunt gehandhaaf bly dat daar wel vanuit die Ou Testament oor die Pneumatologie gedink moet word. Die Ou-Testamentiese spreke oor die rûah bied 'n uitsig op die Nuwe Testament omdat die Nuwe Testamentiese insig die rûah-uitsprake binne vervullings- (vgl. Joël 2:28-32 en Hand. 2:17-21) en verwysingskategorieë hanteer (vgl. Hand. 2 en Joh. 3). In die Nuwe Testament word onthul dat die Persoon en die werk van die Heilige Gees nie sonder die agtergrond van die Ou Testament verstaan kan word nie. In die Ou Testament word aan die belydenis van die eenheid van God vasgeklem. Dié belydenis word nie in die Nuwe Testament geloën nie, maar daar kom 'n spreiding in die openbaring oor God. In die Nuwe Testament vind die openbaring van die Meervoud en die meervoud van die openbaring plaas. God word in die Nuwe Testament bely as Vader en Seun en Heilige Gees.

Jonker se ander beswaar teen die denke vanuit die Ou Testament oor die Pneumatologie dra nie veel gewig nie. Hy sê: "Word hoofsaaklik vanuit die Ou Testament oor die Gees gedink, dan kan maklik bly steek word in die gedagte

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

dat die Gees skenker is van die lewe van alle dinge (Pannenberg) of dat die Gees die Gees van politieke bevryding is (politieke teologie) of dat die Gees net 'n ander benaming is vir God in sy handelende teenwoordigheid (Berkhof)".[268] Die verkeerde gebruik hef tog nie die regte gebruik op nie!

Wat die rûah be-teken moet immers aan die hand van die Ou Testament beoordeel word. Daarom was dit só sin-vol om uit die stroom van die Ou Testament te kon drink.

Ons staan nou op die drumpel van die beloofde land waar die laaste dae met die koms van Jesus Christus en die Heilige Gees glansend gaan deurbreek!

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

VOETNOTE - HOOFSTUK 2

1. W.D. Jonker, *Die Gees van Christus*, p. 51. *"In die Ou Testament word aan die Gees van God op talle plekke skeppende krag toegeskryf*, sowel as die verlening van allerlei buitengewone gawes en kragte aan mense, die inspirasie van die profete en die geestelike vernuwing van die volk". *Ibid.*, p. 121. My kursivering. Dié opmerking van Jonker ten opsigte van die skeppende werk van die Gees van God in die Ou Testament moet eers getoets word aan die vraag of rûah inderdaad "*Gees*" in (al) die skeppingskontekste beteken. Dít is die verdere onderneming van die studie. Daar kan ook nie maar net in die algemeen oor "die inspirasie van die profete" gepraat word, soos Jonker doen nie. Westermann wys op die merkwaardige verskynsel dat die rûah-begrip in die Skrifprofesie ontbreek. C. Westermann, "Geist im Alten Testament", *Evangelische Theologie*, 41 (1981) 226. Vgl. ook W. Zimmerli, *Grundriss der alttestamentlichen Theologie*, p. 86. Vriezen wys op "een grote aarzeling tegenover de *ruach*" in die tyd van die klassieke profete voor die ballingskap. Th. C. Vriezen, *Hoofdlijnen der Theologie van het Oude Testament*, p. 235. Daar is ook geen oorspronklike samehang tussen die rûah Jhwh en die bemiddeling van die Goddelike Woord nie. R. Albertz en C. Westermann " rū^{a}h Geist" in E. Jenni en C. Westermann, *Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament Band II* , p. 746. Dié samehang kom slegs "vereinzelt, aber ganz uneinheitlich" by die voor-klassieke profesie voor, maar ontbreek volledig by die Skrifprofete in Amos tot Jeremia. *Idem*. Vir die redes van die opvallende swye vgl. Vriezen, *a.w.*, p. 232; W. Eichrodt, *Theology of the Old Testament Volume II*, p. 57 e.v.; G. von Rad, *Theologie des Alten Testaments Band II*, p. 69; Zimmerli, *a.w.*, p. 87; Westermann, *"Geist im Alten Testament"*, Evangelische Theologie, 41 (1981) 226.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

2. W. Dantine, "Die ethische Dimension des pneuma hagion" in O. A. Dilschneider, *Theologie des Geistes*, p. 49.

3. Die skepsel sowel as die skepping se toekoms word Pneumaties in herskeppingskategorieë geteken. Vgl. hoofstuk 4, 4.3 en 4.4. Vgl. ook H. Bavinck, *Gereformeerde Dogmatiek 4*, p. 702; K. Schilder, *Wat is de hemel?*, p. 58; H. Berkhof, "Schepping en voleinding" in H. Berkhof, *Bruggen en bruggehoofden*, p. 42.

4. Westermann, "Geist im Alten Testament", *Evangelische Theologie*, 41 (1981) 223.

5. K. Blaser, *Vorstoss zur Pneumatologie*, pp. 9-10. Vgl. Berkhof, *De leer van de Heilige Geest*, p. 13.

6. Vir 'n voortreflike oorsig oor die gebruik van rûah in die Ou Testament vgl. Albertz en Westermann, *a.w.*, p. 726 e.v.; Westermann, "Geist im Alten Testament", *Evangelische Theologie*, 41 (1981) 223 e.v.; R.G. Bratcher, *"Biblical words describing man: breath, life, spirit. The Bible Translator*, vol. 34 (2, 1983) 201-205. Vgl. ook W. Vosloo, "Rûah/gees in die Ou Testament", *Skrif en Kerk*, 4 (2, 1983) 40-63.

7. Albertz en Westermann, *a.w.*, p. 730. Vgl. Berkhof, *De leer van de Heilige Geest*, p. 13.

8. J.A. Heyns, *Dogmatiek*, p. 116. My kursivering. Calvyn oordeel dat die rûah ʾ^{Ae}lohîm in Gen. 1 :2 die Gees van God is. *Inst. I*, XIII, 14. Só ook O. Noordmans, *Verzamelde Werken 8*, p. 361. Rûah kan nie in die lig van Pneuma verstaan word nie, omdat die begrip op *Ou-Testamentiese* bodem wortel skiet en vrug dra. W.H. Gispen, *Schepping en paradijs*, p. 32,

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

dink ook in die lig van die Nuwe Testament aan die "gees van God" as die Heilige Gees. Gispen praat van "de *Geest van God*" wat sorgsaam oor die water sweef. Hy maak egter ook melding van "de *geest*, de kracht van God" wat bo die water sweef. *Idem*. Dit lyk asof hy in dieselfde asem aan 'n Persoon (die Gees) én 'n krag (gees) dink. Dit is tog ondenkbaar! Vgl. ook J. Moltmann, *Trinität und Reich Gottes*, p. 128. H.J.B. Combrink stel rûaḥ op drie plekke gelyk wat betekenislading betref, t.w. Gen. 1:2, Job 34:14 en Ps. 51:12. "Die verhouding Pneuma-Dunamis" in Die Pneuma by Paulus. *Neotestamentica*, 3 (1969) 46. Dit is darem 'n té simplistiese benadering ten opsigte van die woordveld van rûaḥ. Die vraag is immers wat die outeur van Gen. 1 met die gebruik van rûaḥ bedoel het.

9. A.H. van Zyl verklaar: "as ek in die Ou Testament lees van die Ruag Jahwe, lees ek van Hom wat Een is van die Drieëenheid, van Hom vir wie ons in die Nuwe Testament beter leer ken het as die Heilige Gees". Die Gees van die Here in die lewe van die enkeling volgens die prediking van die Ou Testament, Universiteit van Pretoria, pp. 2-3.

10. A. van Selms, *Genesis deel I*, p. 24.

11. J.H. Scheepers, *Die gees van God en die gees van die mens in die Ou Testament*, p. 255. J. de Fraine, *Genesis*, p. 35. Westermann wys ook op die Ugaritiese stam van die werkwoord wat beweging aandui. Hy wys ten opsigte van die Ou-Testamentiese gebruik van die werkwoord op Jer. 23:9 en Deut. 32:11. Westermann kom dan tot die gevolgtrekking dat die Hebreeuse werkwoord beweging aandui. *Genesis 1-11*, p. 148. Vgl. ook Gispen, *a.w.*, p. 30.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

12. Scheepers, *a.w.*, pp. 246-263.

13. Karl Barth verklaar met nadruk dat die "duisternis" van Gen. 1:2 "auf keinen Fall als auch nur potentiell positive Grösse" verstaan mag word nie. "Wie aus der *tehom*, so kann auch aus der Finsternis nichts Gutes werden". *Kirchliche Dogmatik III/1*, p. 117. Barth lewer die volgende kommentaar met betrekking tot Gen. 1:2: "Denn von einem Ur-und Rohzustand der Welt ist hier überhaupt nicht die Rede - *nur der Ur- und Rohzustand des Bösen, der Sünde, des Abfalls und aller seiner Folgen könnte hier in Betracht kommen* - sondern von der Möglichkeit, die Gott, indem er zur Schöpfung schritt, *übergangen*, an der er verachtend *vorübergegangen* ist ..." *Ibid.*, p. 119. My kursivering. Barth is van oordeel dat die misbruik van die vryheid die mens na die "Schatten von Gen. 1, 2" kan laat terugkeer; dat dié verlede sy hede en toekoms kan word. *Ibid.*, p. 120. Die chaos bly egter die deur God "verneinte und verworfene Möglichkeit". *Idem*. God is die soewereine Here van die hele (!) kosmos. Daarom kan Barth beweer: "Gott wird eine endgültige Verzauberung und Dämonisierung des Kosmos, ein totales Zerbrechen dieser seiner Schöpfung und also eine eigentliche Realisierung der finsteren Möglichkeit von Gen. 1, 2 faktisch nicht zulassen". *Ibid.*, p. 121. In die duisternis van Gen. 1:2 skemer die moontlikheid van God se gerig oor die Woordvervreemde wêreld reeds deur. Dié gerig is in die Persoon van Jesus Christus vervul. Die oue waarvan Gen. 1:2 praat, het in die dood en opstanding van Jesus Christus vergaan (2 Kor. 5:17). Die chaos is daarom vanuit die eerste skepping gesien, "das Alte, das vergangene, das übergangene Wesen dieser Welt". *Idem*. Vgl. ook *Kirchliche Dogmatik III/3*, p. 403 e.v. Die groot fout van Barth se redenasie

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

is dat hy vanuit die gebroke wêreld oor God se heel wêreld dink. Daarom kan die (sonde-) duisternis reeds in Gen. 1 sluimer. Op dié patroon is die afleiding onontwykbaar dat die sonde 'n substansie van die goeie skepping is. Dit is dan 'n deel van die oorspronklike skepping. En dit is Gods-onmoontlik! Barth onderskei ook nie voldoende tussen die geskape toestand (Gen. 1:2) en die orde-ning van dié toestand nie. Die skepping (Gen. 1:2) was nog onbewoonbaar voordat God elke ding op sy plek gesit en nuwe dinge (en mense!) skeppend bygevoeg het. Vgl. J. Scharbert, *Genesis 1-11*, pp. 39-40; Von Rad, *Das erste Buch Mose*, p. 37; Gispen, *a.w.*, pp. 27, 31. Barth maak verder nie genoeg erns met die treffende refrein: "En God het gesien dit is goed" nie (Gen. 1:10, 12, 18, 21, 25). Die klimaks van die Goddelike oordeel staan in Gen. 1:31: "Toe het God gekyk na alles wat Hy gemaak het, en dit was baie goed". Dit is 'n uitspraak oor die hele (heel!) skepping. "Met de mens erbij is de schepping zeer geslaagd in Gods ogen". Van Selms, *a.w.*, p. 40. Vgl. ook Scharbert, *a.w.*, p. 46; Gispen, *a.w.*, pp. 68-9, 87-8; Von Rad, *Das erste Buch Mose*, p. 48; Berkhof, *Christelijk Geloof*, p. 169; E. Zenger, *Gottes Bogen in den Wolken*, pp. 59-60. Die hele skepping was 'n simfonie en harmonie.

14. Barth het ook hierop gesinspeel. *Kirchliche Dogmatik III/1*, p. 119. Vgl. veral Westermann, *Genesis 1-11*, p. 147; De Fraine, *a.w.*, p. 34.

15. A. König, *Hy kan weer en meer*, p. 124.

16. "... een ongewoon hevige wind joeg de wateren op". *A.w.*, p. 31 "De 'wind' is vaak het beeld van het 'niets'" (Jes. 49:21, Job 7:7, Sir. 34:2). *Ibid.*, p. 34.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

17. Westermann, *Genesis 1-11*, pp. 148-149.

18. *Ibid.*, p. 149. Vgl. Von Rad, *Das erste Buch Mose*, p. 37; Zimmerli, *Die Weltlichkeit des Alten Testaments*, p. 23. Saaklik is "Gottessturm" in betekenis gelyk aan "furchtbarer Sturm". Von Rad, *Das erste Buch Mose*, p. 37. Vgl. Westermann, *Genesis 1-11*, p.107 se vertaling "Gottessturm" en sy uitleg van rûah ʾAelohîm mᵉrahaephaet as "furchtbarer Wind". *Ibid.*, pp. 148-149.

19. G.J. Hoenderdaal, *Geloven in de Heilige Geest*, p. 136.

20. Vgl. noot 13.

21. Hoenderdaal, *a.w.*, p. 136.

22. *Idem*. E. Schweizer klem ook aan die tweërlei betekenis as hy sê: "Es ist der *Gotteswind* oder der *Gottesgeist*, der hinter dem Werden der Schöpfung steht". *Heiliger Geist*, p. 27. My kursivering.

23. Albertz en Westermann, *a.w.*, p. 730.

24. Vgl. Scharbert, *a.w.*, p. 40; Gispen, *a.w.*, p. 32.

25. Scharbert, *a.w.*, p. 40. Wanneer daar in Job 33:4 'n verband tussen die rûah en die skepping van die mens gelê word, wys rûah in dié konteks op God se skeppermag. Die vers kan daarom soos volg vertaal word: "Die skeppermagtige God het my gemaak". Die Jobwoord is 'n terugkaatsing op die Genesis-woord wat die skepping van die mens verhaal (Gen. 2:7). G.T. Montague, *The Holy Spirit: growth of a Biblical Tradition*, p. 95.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

26. P.F. Theron, *Die ekklesia as kosmies-eskatologiese teken*, p. 13. Vgl. Berkhof, *De leer van de Heilige Geest*, pp. 105-106: "Woord en Geest beschrijven beide God-die-handelt".

27. H.-J. Kraus, *Psalmen 1-63*, p. 262.

28. *Idem.*; N.A. van Uchelen, *Psalmen deel I*. p. 219.

29. Vgl. noot 6.

30. Albertz en Westermann, *a.w.*, p. 734.

31. *Ibid.*, p. 736.

32. *Idem.*

33. *Ibid.*, pp. 736-737.

34. Van Selms, *a.w.*, p. 102.

35. Westermann, *Genesis 1-11*, p. 282; Vgl. Gispen, *a.w.*, p. 122; Montague, *a.w.*, pp. 5-6; Von Rad, *Das erste Buch Mose*, p. 110; De Fraine, *a.w.*, p. 78.

36. Die uitdrukking nišmat rûaḥ ḥajjîm kan die beste verklaar word as 'n redaksionele vermenging van nišmat ḥajjîm (Gen. 2:7) en rûaḥ ḥajjîm (Gen. 6:17, 7:15). Albertz en Westermann, *a.w.*, p. 737; De Fraine, *a.w.*, p. 115; Westermann, *Gen. 1-11*, p. 590. Lewensasem dui op die lewe as sodanig. Bratcher, *a.w.*, 202.

37. Bratcher, *a.w.*, 203.

38. Theron, *a.w.*, p. 13. My kursivering.

39. W. Pannenberg, "Der Geist des Lebens" in *Glaube und Wirklichkeit*, p. 33.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

40. Moltmann, *a.w.*, p. 126. My kursivering. Die mening dat die Gees in die skepping ingegaan het, het 'n panenteïstiese geur.

41. Berkhof, *De leer van de Heilige Geest*, p. 106. By genoemde teoloë wat hulle op Ps. 104:30 beroep om die Gees van God se skeppingsaktiwiteit te staaf, kan nog gevoeg word: Hoenderdaal, *a.w.*, p. 134; Schweizer, *a.w.*, p. 28.

42. Kraus, *Psalmen 64-150*, p. 714.

43. *Idem.*; O.H. Steck, "Der Wein unter den Schöpfungsgaben. Überlegungen zu Psalm 104" in *Wahrnehmungen Gottes im Alten Testament*, pp. 250, 258; König, *a.w.*, p. 155.

44. Albertz en Westermann, *a.w.*, p. 737; Steck, *a.w.*, n. 19, p. 249. König wys op die opvallende ooreenkoms met Gen. 2:7. Hy verwys ook na die verband tussen "*Gees* en lewe" sonder om dié verband aan te toon. *A.w.*, p. 125. J. Ridderbos kies vir die vertaling "asem", maar voeg ten onregte daaraan toe: "zakelijk is er tussen rûah als adem Gods en rûah als Geest Gods geen verschil". *De Psalmen II, p. 493.*

45. *A.w.*, p. 736.

46. *Idem.*

47 B.J. van der Merwe, *Pentateuchtradisies in die Prediking van Deuterojesaja*, pp. 9-10, werk met dié aanname. "Jes. 42.5, waarvolgens Jahwe asem aan die mensdom gegee het, kan 'n herinnering wees aan Gen. 2:7. Ons moet egter daarop let dat ook hier nie sprake is van 'n letterlike aanhaling nie, hoogstens van 'n vrye weergawe". W. van der Meer, "Schepper

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

en schepsel in Jes. 42:5" in *De Knecht. Studies rondom Deutero-Jesaja*, p. 123, gee toe dat dié moontlikheid nie uitgesluit kan word nie.

48. Van der Meer, *a.w.*, p. 124.

49. *Ibid.*; p. 123. Vgl. G. Fohrer, *Das Buch Jesaja 3. Band*, p. 51.

50. Kraus, *Psalmen 64-150*, p. 916. 'n Himniese grondmotief heg Ps. 33, Ps. 104 en Ps. 139. Kraus, *a.w. 1-63*, p. 261; Kraus *a.w. 64-150*, pp. 708, 915-917. In Ps. 33:6 dui rûaḥ op Jhwh se skeppende krag; in Ps. 104:30 gee die rûaḥ lewensasem en in Ps. 139:7 verteenwoordig die rûaḥ God se persoonlike teenwoordigheid. Die rûaḥ skep in dié verbande leefruimte vir die mens en óók lofruimte van die mens aan God.

51. *Ibid.*; p. 918. F.M.Th. De liarge Böhl en B. Gemser, *De Psalmen*, p. 205; Schweizer, *a.w.*, p. 37.

52. H. Wildberger, *Jesaja 1-39 1. Teilband*, p. 445.

53. Wildberger, *a.w.*, p. 446.

54. Albertz en Westermann, "rū^{a}ḥ Geist" in E. Jenni en C. Westermann, *Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament Band II*, p. 750.

55. L.A. Snijders, *Jesaja deel I, p. 145.*

56. *Idem.*, Albertz en Westermann, *a.w.*, p. 750; Scheepers, *a.w.*, p. 166; Wildberger, *a.w.*, p. 439; Ridderbos, *Jesaja. Eerste deel*, p. 98. Volgens Schoors gaan dit om die troonbestyging van 'n historiese koning, bv. Hiskia. A. Schoors, *Jesaja*, p. 92.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

57. Scheepers, *a.w.*, p. 166. Die beeld in Jes. 11:1 hang waarskynlik saam met die gedagte van die lewensboom as simbool van die koningskap. Wildberger, *a.w.*, p. 447.

58. Ridderbos, *Jesaja. Eerste deel*, p. 99; Scheepers, *a.w.*, p. 163; Fohrer, *Das Buch Jesaja 1. Band*, p. 167.

59. Vir 'n goeie oorsig: Albertz en Westermann, *a.w.*, pp. 743-752; Westermann, "Geist im Alten Testament", *Evangelische Theologie*, 41 (1981) 225-229; Vosloo, *a.w.*, 64-62.

60. Albertz en Westermann, *a.w.*, pp. 743-744; Westermann, "Geist im Alten Testament", *Evangelische Theologie*, 41 (1981) 225.

61. Wildberger, *a.w.*, p. 448.

62. Zimmerli, *Grundriss der alttestamentlichen Theologie*, p. 173.

63. Albertz en Westermann, *a.w.*, p. 750.

64. Wildberger, *a.w.*, p. 449; Scheepers, *a.w.*, p. 164.

65. Wildberger, *a.w.*, p. 449; Scheepers, *a.w.*, p. 164.

66. Fohrer, *Das Buch Jesaja 1. Band*, p. 167; Scheepers, *a.w.*, p. 164.

67. Scheepers, *a.w.*, p. 164; Fohrer, *Das Buch Jesaja 1. Band*, p. 167. Ridderbos, *Jesaja. Eerste deel*, pp. 99-100.

68. Fohrer, *Das Buch Jesaja 1. Band*, p. 167; Wildberger, *a.w.*, p. 450.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

69. Scheepers, *a.w.*, p. 165; Fohrer, *Das Buch Jesaja 1. Band*, p. 167; Snijders, *a.w.*, p. 145; Ridderbos, *Jesaja. Eerste deel*, p. 100.

70. Schoors, *a.w.*, pp. 93-94; Wildberger, a.w., pp. 450-455.

71. Montague, *a.w.*, p. 41.

72. Scheepers, *a.w.*, p. 166; Fohrer, *Das Buch Jesaja 1. Band, p. 168.*

73. Scheepers, *a.w.*, p. 166.

74. Westermann, "Geist im Alten Testament," *Evangelische Theologie*, 41 (1981) 228.

75. Montague, *a.w.*, p. 41.

76. W.A.M. Beuken, *Jesaja deel IIA*, p. 106; Beuken, "De vergeefse moeite van de knecht. Gedachten over de plaats van Jesaja 49:1-6 in de context" in *De Knecht. Studies rondom Deuter-Jesaja*, p. 33; R. F. Melugin, *The formation of Isaiah 40-55*, veral p. 82 e.v.; Westermann, *Das Buch Jesaja Kapitel 40-66*; pp. 11-28; A. Richter, "Hauptlinien der Deuterojesaja - Forschung von 1964--1979 in C. Westermann, *Sprache und Struktur der Prophetie Deuterojesajas*, pp. 116-122; H.D. Preuss, *Deuterojesaja. Eine Einführung in seine Botschaft*, pp. 13-25; Steck, *a.w.*, p. 204 e.v.; R. Rendtorff, *Das Alte Testament. Eine Einführung*, pp. 205-206.

77. Westermann, *Theologie des Alten Testaments in Grundzügen*, p. 70; Beuken, "De vergeefse moeite van de knecht. Gedachten over de plaats van Jes. 49:1-6 in de context" in *De Knecht. Studies rondom Deutero-Jesaja*, p. 33; O. Kaiser, *Der Königliche Knecht.*

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

Eine Traditionsgeschichtlich-exegetische Studie über die Ebed-Jahwe-Lieder bei Deuterojesaja, p. 10; M. Dijkstra, "De Koninklijke Knecht, Voorstelling en investituur van de Knecht des Heren in Jesaja 42" in *De Knecht. Studies rondom Deutero-Jesaja*, p. 41; J.L. Koole, *Jesaja 53*, p. 13.

78. B. Duhm, *Das Buch Jesaia*, p. 311; G. Gerleman, *Studien zur alttestamentlichen Theologie*, p. 38 e.v.; Melugin, *a.w.*, pp. 64-74; J. Begrich, *Studien zu Deuterojesaja*, pp. 133-152; Westermann, *Theologie des Alten Testaments in Grundzügen*, p. 70; Zimmerli, *Grundriss der alttestamentlichen Theologie*, pp. 196-197; V. de Leeuw, *De Ebed Jahweh-profetieen*, p. 135 e.v., p. 183 e.v., p. 205 e.v., p. 215 e.v.; Rendtorff, *a.w.*, pp. 206-207; Koole, *a.w.*, pp. 11-13; J. Lindblom, *The Servant Songs in Deutero-Isaiah*, pp. 14-51.

79. K. Elliger, *Deuterojesaja 1. Teilband, Jesaja 40, 1-45, 7*, p. 201.

80. J. Renkema, "De verkondiging van het eerste lied van de knecht (Jes. 42:1-4)" in *De Knecht. Studies rondom Deutero-Jesaja*, p. 178; B.J. Oosterhoff, "Tot een licht der volken" in *De Knecht. Studies rondom Deutero-Jesaja*, p. 159.

81. Lindblom, *a.w.*, p. 18, oordeel dat daar geen verband bestaan nie.

82. A. Schoors, *I am God Your Saviour. A Form-critical Study of the Main Genres in Is. XL-LV, p. 214*, verklaar: "Not only can we easily recognize the internal continuity between the two sections, but their literary unity is clearly marked by a striking word parallelism". Vgl. ook H.C. Spykerboer, *The Structure and composition of Deutero-Isaiah*, p. 73 en Beuken, *Jesaja deel IIA*, pp. 132-133.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

83. Dijkstra, *a.w.*, p. 50. Vgl. ook Spykerboer, *a.w.*, p. 92.

84. Melugin, *a.w.*, pp. 9, 93; Preuss, *a.w.*, p. 66, Westermann, *Sprache und Struktur der Prophetie Deuterojesajas*, pp. 55-57.

85. *Idem.*

86. Vgl. Melugin, *a.w.*, p. 25; Preuss, *a.w.*, p. 67.

87. Vgl. Van der Meer, *a.w.*, p. 118 e.v.

88. Dijkstra, *a.w.*, p. 49.

89. Melugin, *a.w.*, p. 100; Dijkstra, *a.w.*, p. 49.

90. Westermann, *Das Buch Jesaja Kapitel 40-66*, pp. 77-84; Begrich, *a.w.*, pp. 13, 61, 137. Sommige oordeel dat die ^{C}aebaedlied net op Jes. 42:1-4 betrekking het. So Westermann, *Das Buch Jesaja Kapitel 40-66*, p. 77; Westermann, *Theologie des Alten Testaments in Grundzügen*, p. 70; Steck, *a.w.*, n. 12, p. 213; Lindblom, *a.w.*, p. 23; Rendtorff, *a.w.*, p. 206. Ander grens die ^{C}aebaedlied tot Jes. 42:7 af. Fohrer, *Das Buch Jesaja 3. Band*, pp. 50-51; Montague, *a.w.*, pp. 51-52.

91. De Leeuw, *a.w.*, p. 135 e.v. Kaiser, *a.w.*, p. 10; Beuken, "De vergeefse moeite van de Knecht, Gedachten over de plaats van Jesaja 49:1-6 in de context" in *De Knecht. Studies rondom Deuteroja-Jesaja*, p. 23; Dijkstra, *a.w.*, pp. 41, 43; Oosterhoff, *a.w.*, p. 159; Beuken, *Jesaja deel IIA*, p. 106.

92. Dijkstra, *a.w.*, p. 42; Oosterhoff, *a.w.*, p. 159.

93. *Idem.*

94. *Ibid.*, p. 157. Vgl. uitvoerig Van der Meer, *a.w.*, p. 118 e.v.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

95. Oosterhoff, *a.w.*, p. 159.

96. Melugin, *a.w.*, pp. 99-100.

97. De Leeuw, *a.w.*, p. 126.

98. Dijkstra, *a.w.*, p. 42; vgl. Renkema, *a.w.*, 179; Melugin, *a.w.*, pp. 65-66. "A study of *hen/hinne* shows readily that these particles often introduce speeches which proclaim that certain persons have been established in particular offices of functions". *Ibid.*, p. 65.

99. Zimmerli, "Pais Theou" in *Theologisches Wörterbuch zum Neuen Testament V*, p. 667; Elliger, *a.w.*, p. 199; Preuss, *a.w.*, p. 95; Westermann, "'Caebaed Knecht" in E. Jenni en C. Westermann, *Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament Band II*, p. 194; Westermann praat op grond van die *hn 'bdy* van 'n "Designation". *Das Buch Jesaja Kapitel 40-66*, p. 78. Vir 'n oorsig oor die begrip "designatie" in die Israelitiese oorlewering, vgl. Dijkstra, *a.w.*, pp. 45-47.

100. Vir 'n oorsig oor die meerduidige term "dienaar", vgl. Dijkstra, *a.w.*, p. 42; Westermann, "'Caebaed Knecht" in E. Jenni en C. Westermann, *Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament Band II*, p. 191 e.v. Westermann merk met reg op dat die primêre assosiasie van die *woord "dienaar"* (en daarom van *"dienaar" word* C.J.A.V.) nie onderworpenheid is nie, maar die toebehorenheid aan God en die geborgenheid by Hom. *Ibid.*, p. 191.

101. Von Rad, *Theologie des Alten Testament Band II*, p. 265 wys op die moontlikheid van hoftaal. Hy vind navolging by D.J. Bosch, *Heil vir die wêreld*, p. 78 en Dijkstra, *a.w.*, p. 47. Dijkstra beweer: "Gebruik van tradisionele vormen en frasen van de hofstijl in Jes. 42:1-9 is dus wel mogelijk".

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

102. Oosterhoff, *a.w.*, p. 159.

103. Dijkstra, *a.w.*, p. 42 en n., 4 p. 51; Elliger, *a.w.*, p. 203.

104. Vriezen, *a.w.*, p. 488; Wildberger, "bhr erwählen" in E. Jenni en C. Westermann, *Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament Band I*, p. 275 e.v., veral p. 290; Vriezen, *De verkiezing van Israël volgens het Oude Testament*.

105. Dijkstra, *a.w.*, p. 42; Wildberger, *a.w.*, p. 290, p. 281 e.v.

106. Dijkstra, *a.w.*, p. 42.

107. Zimmerli, *a.w.*, p. 69.

108. Dijkstra, *a.w.*, p. 42; Wildberger, *a.w.*, p. 281.

109. Dijkstra, *a.w.*, p. 42.

110. Renkema, *a.w.*, p. 179.

111. Westermann, "Geist im Alten Testament", *Evangelische Theologie*, 41 (1981) 225-228; Albertz en Westermann, *a.w.*, pp. 743-751; Vosloo, *a.w.*, 45-57; Dijkstra, *a.w.*, p. 43; Renkema, *a.w.*, p. 179. Wanneer Renkema met betrekking tot Num. 11:25 *rûah en Heilige Gees* as parallelle begrippe hanteer, getuig dit van 'n ondeurdagte gebruiksaanwending van rûah. *A.w.*, n.6, p. 187. Die term moet steeds in sy teks en konteks gelees en verstaan word.

112. Dijkstra, *a.w.*, p. 43; Renkema, *a.w.*, p. 179; Westermann, "Geist im Alten Testament", *Evangelische Theologie*, 41 (1981) 227; L. Schmidt, "König und Charisma im AT", *Kerygma und Dogma*, 28(1982) 85-87.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

113. Elliger, *a.w.*, p. 205.

114. Begrich, *a.w.*, p. 162.

115. Westermann, *Das Buch Jesaja Kapitel 40-66*, p. 79.

116. *Ibid.*, pp. 79-80.

117. Ridderbos, *Jesaja Tweede deel*, p. 64.

118. Von Rad, *Theologie des Alten Testaments Band II*, p. 265. Fohrer sien in mšpṭ 'n aanduiding van die waarheid, die godsdiens of die godsdienstige waarheid. *Das Buch Jesaja 3. Band*, pp. 47-9.

119. Elliger, *a.w.*, p. 206.

120. *Ibid.*, p. 207. Vgl. ook Zimmerli, *Grundriss der alttestamentlichen Theologie*, p. 198; Gerleman, *a.w.*, p. 51.

121. Zimmerli, *Grundriss der alttestamentlichen Theologie*, p. 198.

122. Oosterhoff, *a.w.*, p. 164.

123. *A.w.*, p. 164. Vgl. G. Liedke, "špṭ richten" in E. Jenni en C. Westermann, *Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament Band II*, pp. 999-1009, veral pp. 999, 1003, 1008 en 1009.

124. Oosterhoff, *a.w.*, p. 164.

125. *Idem*.

126. *Idem*.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

127. *Ibid.*, pp. 164-165.

128. Dijkstra, *a.w.*, p. 43.

129. C.R. North, *The Second Isaiah*, p. 38.

130. Westermann, *Das Buch Jesaja Kapitel 40-66*, p. 80.

131. Elliger, *a.w.*, p. 215. Beuken, *Jesaja deel IIA*, *p. 111* merk op: "Zo zal de Knecht niet zozeer openbaren wat recht is, maar een rechtsbeslissing uitvoeren ('doen uitgaan'), rechtvaardige toestanden door zijn gezag realiseren."

132. Oosterhoff, *a.w.*, p. 167.

133. *Idem*.

134. Westermann, *Das Buch Jesaja Kapitel 40-66*, p. 80.

135. Renkema, a.w., p. 182. Só ook die nuwe Afrikaanse vertaling.

136. *Idem.;* Beuken, *Jesaja deel IIA*, p. 116.

137. Oosterhoff, *a.w.*, p. 165.

138. Renkema, *a.w.*, p. 181; Oosterhoff, *a.w.*, p. 166. Gerleman sien in die "geknakte riet" en die "lamppit wat dof brand" 'n verwysing na die dienaar. Gerleman, *a.w.*, p. 52.

139. Renkema, *a.w.*, p. 181. Renkema kan egter nie nagevolg word as hy die *herstelde Israel* as 'n lig vir die nasies sien nie. *A.w.*, p. 181.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

140. J.C. de Moor, "Knechten van goden en die Knecht van Jhwh" in *De Knecht. Studies rondom Deutero-Jesaja*, p. 138.

141. *Idem.* Vgl. ook Gerleman wat onder b^{e}rît ^{c}am Israel as 'n exemplum vir die volke van die wêreld verstaan. Gerleman, *a.w.*, p. 53. Dit is nie so seker dat ^{c}*am* 'n versamelbegrip vir volkere is nie.

142. Dié teks staan in 'n konteks waar die *dienaar* bemoedigend toegespreek word: Jes. 42:5-7. Oosterhoff, *a.w.*, p. 159.

143. Oosterhoff, *a.w.*, p. 161.

144. *Ibid*, p. 167; Dijkstra, *a.w.*, p. 45.

145. Dijkstra, *a.w.*, pp. 44-45; Oosterhoff, *a.w.*, pp. 167-168; De Leeuw, *a.w.*, p. 175; Elliger, *a.w.*, p. 236. Teen Muilenberg wat Jes. 42 vertolk as die geestelike blindheid en duisternis waarin die heidene geballing sit. J. Muilenberg, "The book of Isaiah, Chapters 40-66" in *The Interpreter's Bible V*, p. 469. Fohrer verstaan Jes. 42:7 in 'n omvattende sin. "Er soll sowohl die Deportierten aus ihrer babylonischen Gefangenschaft befreien und ihnen die Augen für Gott öffnen als auch die Heiden aus ihrer religiösen Blindheit und ihrem geistigen Kerker herausführen. Fohrer, *Das Buch Jesaja 3. Band*, p. 52. Die "geestelike" uitleg lê egter nie in die teksskopus nie.

146. Die titel van Bosch se boek. D.J. Bosch, *a.w.*; *Oosterhoff*, *a.w.*, p. 168.

147. Bosch, *a.w.*, p. 79. Hy verwys ook na Jes. 49:6 as 'n parallelle gedagte. F.E. Deist, "Die God van die ballingskap" in F.E. Deist en I. du Plessis, *God en sy Ryk*, pp. 80-81. Vgl. as toeligting Oosterhoff, *a.w.*, pp. 157-172.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

148. Oosterhoff, a.w., pp. 159, 169.

149. *A.w.*, p.169; Dijkstra, *a.w.*, p. 44; M. Saebo, "'ōr Licht" in E. Jenni en C. Westermann, *Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament Band I*, pp. 89-90.

150. Renkema, *a.w.*, p. 182. Vgl. ook Spykerboer, *a.w.*, p. 89.

151. Renkema, *a.w.*, p. 182.

152. Oosterhoff, *a.w.*, p. 165. Vgl. Westermann, "jḥl pi./hi. warten" in E. Jenni en C. Westermann, *Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament Band I*, pp. 727-730.

153. Oosterhoff, *a.w.*, p. 165.

154. Die soektog na die identiteit van die dienaar wentel hoofsaaklik om die volgende moontlikhede:

    1. Die dienaar is die volk Israel. Muilenberg, *a.w.*, pp. 408-412.

    2. Die dienaar is die profeet self. Elliger, *a.w.*, p. 201.

    3. Die dienaar is die gehoorsame deel van Israel. Beuken, "De vergeefse moeite van de Knecht" in *De Knecht. Studies rondom Deutero-Jesaja*, p. 38.

    4. Die dienaar is afwisselend die individuele Israeliet, dan weer die kollektiewe volk. De Moor, *a.w.*, p. 138.

    5. Die dienaar is slegs die toekomstige Messias. Koole, *a.w.*, pp. 25-30.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

Daar bestaan ook variasies op bogenoemde voorstellings. Vgl. bv. Gerleman, *a.w.*, p. 60. Vgl. ook die oorsig van Beuken, *Jesaja deel IIA*, pp. 130-132; Richter, *a.w.*, pp. 103-104.

155. Westermann, *Das Buch Jesaja Kapitel 40-66*, p. 78. Vgl. Renkema, *a.w.*, p. 183.

156. Renkema, *a.w.*, p. 183. Vgl. Westermann, *Theologie des Alten Testaments in Grundzügen*, p. 70.

157. Von Rad, *Theologie des Alten Testaments Band II*, p. 272; Oosterhoff, *a.w.*, p. 157; J.P.M. van der Ploeg, "De dienaar van Jhwh en de psalmen" in *De Knecht. Studies rondom Deutero-Jesaja*, p. 173; Koole, *Jesaja 53*, p. 14; Zimmerli, *Grundriss der alttestamentlichen Theologie*, p. 197.

158. *A.w.*, p. 43.

159. Westermann, "Geist im Alten Testament", *Evangelische Theologie*, 41 (1981) 225-227.

160. Melugin, *a.w.*, p. 67.

161. Oosterhoff, *a.w.*, p. 170.

162. Koole, *a.w.*, p. 18; Von Rad, *Theologie des Alten Testaments Band II*, pp. 273-274; Westermann, *Theologie des Alten Testaments in Grundzügen*, pp. 70-71.

163. Teen Koole wat die opvatting van 'n historiese figuur rondom die ballingskap van die hand wys. Koole, *a.w.*, p. 17. Westermann, *Theologie des Alten Testaments in Grundzügen*, p. 70, handhaaf die historiese konteks.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

164. Renkema, *a.w.*, p. 185.

165. Dijkstra, *a.w.*, p. 43. Vgl. Koole, *a.w.*, pp. 25-30.

166. Oosterhoff, *a.w.*, p. 171.

167. Hoewel daar in Jes. 61:1-3, 'n onmiskenbare toespeling op Jes. 42:1-4 en Jes. 49:1-6 is (Westermann, *Das Buch Jesaja Kapitel 40-66*, p. 290; Rendtorff, *a.w.*, p. 207; Zimmerli, *Gottes Offenbarung. Gesammelte Aufsätze*, p. 227; R.N. Whybray, *Isaiah 40-66*, pp. 239-241), is die ^{c}aebaed Jhwh hier die *profeet* self (Scheepers, *a.w.*, pp. 275-6; Fohrer, *Das Buch Jesaja 3. Band*, p. 235; Zimmerli, *Gottes Offenbarung. Gesammelte Aufsätze*, p. 227; Whybray, *a.w.*, p. 239). Albertz en Westermann, asook Vosloo aanvaar ten onregte 'n Messiaanse interpretasie (Albertz en Westermann, *a.w.*, p. 750; Westermann, *Theologie des Alten Testaments in Grundzügen*, p. 64; Vosloo, *a.w.*, 58-59). Wat egter merkwaardig is, is dat dié teksgedeelte in Luk. 4:16 Messiaans geïnterpreteer word. Terugskouend kon die Nuwe Testamentiese skrywer die Ou-Testamentiese teks Messiaans verbuig. Die Messiaanse heil is só ryp en ryk dat daar van die Ou Testament ná die Nuwe Testament én van die Nuwe Testament ná die Ou Testament gereik moet word om die volheid van die Messiaanse heilsoes te gerf.

168. Albertz en Westermann, *a.w.*, p. 751.

169. *Idem*.

170. Vriezen, *Hoofdlijnen der Theologie van het Oude Testament*, p. 235.

171. Scheepers, *a.w.*, p. 175.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

172. Von Rad, *Theologie des Alten Testaments Band II*, p. 241.

173. *Ibid.*, p. 243.

174. Zimmerli, *Ezechiel II*, p. 879; Scheepers, *a.w.*, p. 175.

175. Só G. Ch. Aalders, *Ezeechiël II, hfst. 25-48*, p. 190. My kursivering.

176. Vgl. H.H. Rowley, *The faith of Israel*, pp. 89.

177. Zimmerli, *Ezechiel II*, p. 879; Aalders, *a.w.*, p. 190.

178. Montague, *a.w.*, p. 46; Aalders, *a.w.*, p. 190.

179. Zimmerli, *Grundriss der alttestamentlichen Theologie*, p. 184; Von Rad, *Theologie des Alten Testaments Band II*, p. 241.

180. Montague, *a.w.*, p. 46; Von Rad, *Theologie des Alten Testaments Band II*, p. 250. Vir 'n voortreflike oorsig oor die betekenisiading van "heilig", vgl. H.-P. Müller, "gdš heilig" in E. Jenni en C. Westermann, *Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament Band II*, pp. 589-609.

181. Westermann, *Theologie des Alten Testaments in Grundzügen*, p. 125; Zimmerli, *Ezechiel II*, p. 879.

182. Zimmerli, *Ezechiel II*, pp. 878-879. Aalders oordeel dat die reiniging slegs 'n beeldspraak is om die wegneem van die sonde metafories aan te dui. Aalders, *Ezeechiël II, hfst. 25-48*, p. 190.

183. Zimmerli, *Grundriss der alttestamentlichen Theologie*, p. 183; Von Rad, *Theologie des Alten Testaments Band II*, p. 237.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

184. Vriezen, *Hoofdlijnen der Theologie van het Oude Testament*, pp. 232-233; Schweizer, *a.w.*, pp.40-41; Zimmerli, *Ezechiel II*, p. 879; Scheepers, *a.w.*, p. 136.

185. Von Rad, *Theologie des Alten Testaments Band I*, p. 167; B. Kedar, *Biblische Semantik*, p. 170; F. Stolz, "lēb Herz" in E. Jenni en C. Westermann, *Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament Band I*, pp. 861-867.

186. Albertz en Westermann, *a.w.*, p. 741. Vosloo se opmerking: "Die 'hart' is nie beskou as die sentrum van die emosie van die mens nie", omdat die 'niere' hierdie funksie vervul, neem nie die metonimiese betekenisaanwending van leb genoegsaam in ag nie. Vosloo, *a.w.*, 60-61.

187. Albertz en Westermann, *a.w.*, p. 751. (Vgl. Ps. 51:12).

188. *Aalders, Ezeechiël I*, p. 200.

189. Vriezen, *Hoofdlijnen der Theologie van het Oude Testament*, p. 235; Zimmerli, *Ezechiel II*, p. 879. Aalders dink ten onregte aan "het werk van Gods *heilige Geest*", *Ezeechiel II*, p. 191. My kursivering.

190. Vriezen, *Hoofdlijnen der Theologie van het Oude Testament*, p. 234; Zimmerli, *Grundriss der alttestamentlichen Theologie*, p. 189; Scheepers, *a.w.*, p. 175; Montague, *a.w.*, p. 47.

191. Al drie frases stamel die totale hooploosheid. Zimmerli, *Ezechiel II*, p. 897; Rowley, *a.w.*, p. 164. Die rymuitgang op -ēnū en -ānū verskerp die donker klag. Zimmerli, *Ezechiel II*, pp. 804, 897. Die "bene" is 'n aanduiding van die hele mens (Ps. 31:11, Ps. 35:10). *Ibid.*, p. 897.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

192. Albertz en Westermann, *a.w.*, p. 737.

193. Zimmerli, *Grundriss der alttestamentlichen Theologie*, p. 187.

194. Zimmerli, *Ezechiel II*, p. 893; Schweizer, *a.w.*, p. 41.

195. Albertz en Westermann, *a.w.*, p. 737; Zimmerli, *Ezechiel II*, p. 889; Zimmerli, *Grundriss der alttestamentlichen Theologie*, p. 187; Scheepers, *a.w.*, p. 174.

196. Albertz en Westermann, *a.w.*, p. 737; Zimmerli, *Ezechiel II*, p. 889; Zimmerli, *Grundriss der alttestamentlichen Theologie*, p. 187.

197. Zimmerli, *Ezechiel II*, p. 897.

198. *Idem*.

199. Albertz en Westermann, *a.w.*, p. 751; Rowley, *a.w.*, p. 164.

200. Berkhof oorspan Eseg. 37 gewelddadig wanneer hy die Gawe van die eskatologiese *Gees* werksaam sien in die herskeppingsgebeure. *De leer van de Heilge Geest*, p. 15.

201. Montague, *a.w.*, p. 49; Zimmerli, *Ezechiel* II, p. 898.

202. Albertz en Westermann, *a.w.*, p. 752; Elliger, *a.w.*, p. 390; Whybray, *a.w.*, p. 94. Fohrer sien in die vergelyking van die uitgieting van die rûah van Jhwh met die gawe van die strome op droë grond ten onregte 'n sinspeling op die uittog deur die woestyn. *Jesaja 3. Band*, p. 73. Dit gaan om 'n metafoor wat die

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

oorvloed van die Goddelike seën verbeeld. Whybray, *a.w.*, p. 94; Elliger, *a.w.*, p. 390.

203. Albertz en Westermann, *a.w.*, p. 752; Elliger, *a.w.*, pp. 389-390; Whybray, *a.w.*, p. 94.

204. Albertz en Westermann, *a.w.*, p. 752; Elliger, *a.w.*, p. 390.

205. Whybray, *a.w.*, p. 95; Fohrer, *Jesaja 3. Band*, p. 73; Elliger, *a.w.*, pp. 391-394.

206. Elliger, *a.w.*, p. 391; Whybray, *a.w.*, p. 95. Albertz en Westermann reken met dié waarskynlikheid. *A.w.*, p. 752.

207. Insae in 'n ongepubliseerde studiestuk van prof. W.S. Prinsloo, met dank aan hom. Zimmerli, *Grundriss der alttestamentlichen Theologie*, p. 204; vgl. Zimmerli, *Erkenntnis Gottes nach dem Buch Ezechiel*, vir 'n verhelderende bespeking van die Erkenntnisformel (Joël 2:27a) in Esegiël en ook in die Ou Testament.

208. Montague, *a.w.*, p. 85.

209. Insae in 'n ongepubliseerde studiestuk van prof. W.S. Prinsloo, met dank aan hom.

210. Zimmerli, *Grundriss der alttestamentlichen Theologie*, p. 204; Vriezen, *Hoofdlijnen der Theologie van het Oude Testament*, pp. 82-83; Westermann, *Theologie des Alten Testaments in Grundzügen*, pp. 132-133.

211. Scheepers, *a.w.*, p. 175.

212. Insae in 'n ongepubliseerde studiestuk van prof. W.S. Prinsloo, met dank aan hom.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

213. Insae in 'n ongepubliseerde studiestuk van prof. W.S. Prinsloo, met dank aan hom.

214. Insae in 'n ongepubliseerde studiestuk van prof. W.S. Prinsloo, met dank aan hom. Scheepers, *a.w.*, pp. 223 en 292; Albertz en Westermann, *a.w.*, p. 751; H.W. Wolff, *Dodekapropheten 2 Band XIV/2*, p. 78; W. Rudolph, *Joel-Amos-Obadja-Jona Band XIII 2*, p. 72.

215. T.H. Robinson, *Joel*, p. 66; Rudolph, *a.w.*, p. 71; Wolff, *a.w.*, p. 80; Deissler, *Zwölf Propheten Hosea. Joël. Amos*, p. 81.

216. Scheepers, *a.w.*, p. 175; Schweitzer, *a.w.*, p. 40; Montague, *a.w.*, p. 86; Albertz en Westermann, *a.w.*, p. 751; Wolff, *a.w.*, p. 80; Rudolph, *a.w.*, p. 73; Deissler, *a.w.*, p. 81. Insae in 'n ongepubliseerde studiestuk van prof. W.S. Prinsloo, met dank aan hom.

217. Scheepers, *a.w.*, p. 175.

218. Albertz en Westermann, *a.w.*, p. 752; Scheepers, *a.w.*, p. 139; Vosloo, *a.w.*, 61; Robinson, *a.w.*, p. 66.

219. Insae in 'n ongepubliseerde studiestuk van prof. W.S. Prinsloo, met dank aan hom. Rudolph, *a.w.*, p. 72; Wolff, *a.w.*, p. 79.

220. Wolff, *a.w.*, p. 79; Scheepers, *a.w.*, pp. 175, 290-292; Deissler, *a.w.*, p. 81.

221. Insae in 'n ongepubliseerde studiestuk van prof. W.S. Prinsloo, met dank aan hom.

222. Wolff, *a.w.*, p. 81; Deissler, *a.w.*, pp. 81-82.

223. Insae in 'n ongepubliseerde studiestuk van prof. W.S. Prinsloo, met dank aan hom.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

224. Insae in 'n ongepubliseerde studiestuk van prof. W.S. Prinsloo, met dank aan hom.

225. Westermann, "Geist im Alten Testament", *Evangelische Theologie*, 41 (1981) 225-228.

226. Hierby kan nog die volgende gevoeg word: Dat Jhwh Israel se God is, sal daaraan geken word dat Hy Israel in ballingskap laat kneg het, maar ook dat Hy sy volk tot die laaste res toe na hulle land sal teruglei (Zimmerli, *Ezechiel II*, p. 970). Die voltooidheid van God se toewending tot sy volk sal deur die uitgieting van sy rûaḥ oor die huis van Israel verseël word (*Idem.*). Die koms van die rûaḥ sal die inwoning van God by sy volk beteken (Eseg. 39:29). Jhwh se volk sal sy rûaḥ en woorde besit en daarom sal sy rûaḥ en woord die volk besit (Jes. 59:21). Die woorde van God is sy heilsbelofte wat deur sy rûaḥ geëffektueer word (Scheepers, *a.w.*, p. 174). Die rûaḥ is die teken van Jhwh se blywende verbond met sy volk (vgl. Montague, *a.w.*, p. 60). Die toesegging dat die rûaḥ (en woord) van Jhwh *altyd* by sy volk sal wees, is 'n uitdrukking van sy seën, bystand en trou (Albertz en Westermann, *a.w.*, p. 752; A.S. van der Woude, *Haggai Maleachi*, p. 45) en dat die Sinaïverbond nog steeds van krag is (Montague, *a.w.*, p. 78; vgl. Scheepers, *a.w.*, p. 174;

227. J. Kruis, "Jhwh, Schepper en Formeerder in Deutero-Jesaja" in *De Knecht. Studies rondom Deutero-Jesaja*, pp. 84-87.

228. Vgl. Montague, *a.w.*, pp. 51, 64-68, 70; Vosloo, *a.w.*, 61.

229. Scheepers, *a.w.*, p. 173; Montague, *a.w.*, 40.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

230. Scheepers, *a.w.*, p. 173.

231. Kaiser, *Der Prophet Jesaja Kapitel 13-39*, p. 265; J. Ridderbos, *Jesaja. Eerste deel*, p. 233. Vir 'n voortreflike oorsig oor die hemel as woonplek van God, vgl. C. Houtman, *De hemel in het Oude Testament*, veral pp. 220-253.

232. Scheepers, *a.w.*, p. 173.

233. *Idem*.

234. Fohrer, *Das Buch Jesaja 2. Band*, p. 132; Montague, *a.w.*, p. 40.

235. Von Rad, *Theologie des Alten Testaments Band 1*, pp. 296-297.

236. Montague, *a.w.*, p. 40.

237. Schoors, *Jesaja*, p. 194; Fohrer, *Das Buch Jesaja 2. Band*, pp. 132-133.

238. Kaiser, *Der Prophet Jesaja Kapitel 13-39*, p. 265; Schoors, *Jesaja*, p. 194.

239. Fohrer, *Das Buch Jesaja 2. Band*, p 133.

240. Schoors, *Jesaja*, p. 194.

241. Ridderbos, *Jesaja. Eerste Deel*, p. 102; Wildberger, *a.w.*, p. 455. Schoors gee skoorvoetend toe: "Zulks kan wijzen in de richting van een eschatologisch-messiaanse interpretatie". *Jesaja*, p. 94.

242. Fohrer, *Das Buch Jesaja 1. Band*, p. 169; Ridderbos, *Jesaja. Eerste deel*, p. 102.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

243. Fohrer, *Das Buch Jesaja 1. Band*, p.166.

244. Ridderbos, *Jesaja. Eerste deel*, p. 103; Wildberger, *a.w.*, p. 457; Vriezen, *Hoofdlijnen der Theologie van het Oude Testament*, p. 460.

245. Zimmerli, *Grundriss der alttestamentlichen Theologie*, p. 173; Fohrer, *Das Buch Jesaja I. Band*, p. 169.

246. Scheepers, *a.w.*, pp. 216-219; Vriezen, *Hoofdlijnen der Theologie van het Oude Testament*, p. 230; Schweizer, *a.w.*, p. 20; Albertz en Westermann, *a.w.*, pp. 730-752.

247. Scheepers, *a.w.*, p. 217,

248. *Ibid.*, pp. 217-218.

249. Zimmerli, *Grundriss der alttestamentlichen Theologie*, pp. 12-34, 102; Westermann, *Theologie des Alten Testaments in Grundzügen*, pp. 25-27; Vriezen, *Hoofdlijnen der Theologie van het Oude Testament*, pp. 350-356; Zimmerli, *Gottes Offenbarung*, pp. 11-40.

250. Albertz en Westermann, *a.w.*, pp. 742-743.

251. Scheepers, *a.w.*, p. 207; Vriezen, *Hoofdlijnen der Theologie van het Oude Testament*, pp. 227, 230, 231. Vgl. Vriezen, vir die *kābôd* en die *šem* as die manifestasie van God. *Ibid.*, pp. 225-226.

252. Scheepers, *a.w.*, p. 219; Jonker, *a.w.*, p. 124; Vosloo, *a.w.*, 63. Daar kan ook na die arm, hand, oog, stem en die aangesig van God as personifikasie verwys word. Vgl. Albertz en Westermann, *a.w.*, p. 746; Vriezen, *Hoofdlijnen der Theologie van het Oude Testament*, p. 227; H.M. Kuitert, *De mensvormigheid Gods*, pp. 5-6, 32-37.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

253. Westermann, "Geist im Alten Testament", *Evangelische Theologie*, 41 (1981) 228.

254. *Idem.*; Scheepers, *a.w.*, p. 214.

255. Westermann, "Geist im Alten Testament", *Evangelische Theologie*, 41 (1981) 228; Scheepers, *a.w.*, p. 208; Albertz en Westermann, *a.w.*, p. 752; Montague, *a.w.*, p. 73.

256. Albertz en Westermann, *a.w.*, p. 752. Hieraan kan nog Ps. 143:10, Neh. 9:20, 30, Miga 3:8 en Sag. 7:12, bygevoeg word. Vgl. Albertz en Westermann, *a.w.*, p. 752 en Vosloo, *a.w.*, 62.

257. Scheepers, *a.w.*, p. 212.

258. Westermann, "Geist im Alten Testament", *Evangelische Theologie*, 41 (1981) 229; Scheepers, *a.w.*, pp. 208-212; Albertz en Westermann, *a.w.*, p. 752; Montague, *a.w.*, pp. 56-58, 74-76.

259. Scheepers, *a.w.*, pp. 216, 222.

260. Jonker, *a.w.*, p. 124. Jonker verklaar op voetspoor van G.A.F. Knight dat "die personifikasie van die Gees en moonlik *ook 'n bepaalde vorm van hipostasering van die Gees* in die Ou Testament die weg voorberei het vir 'n voller openbaring aangaande die Gees in die Nuwe Testament ..." *A.w.*, p. 124. My kursivering. Jonker formuleer ook kennelik in die gees van Scheepers: "Deurdat die gees van Jahwe gehipostaseer is, is die weg voorberei vir die voller openbaring van die Gees van God in die Nuwe Testamentiese bedeling". *A.w.*, p. 222. Dit is egter opmerklik dat Jonker se formulering met betrekking tot die "hipostasering van die Gees in die Ou Testament" versigtig en óók nie so stellig is nie.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

261. Vosloo, *a.w.*, 63-64.

262. Aangesien die rûah nie as die derde Persoon in die Goddelike drie-eenheid verstaan kan word nie, het die term hipostase in hierdie samehang nie op die ewige trinitariese belydenis betrekking nie. Dit gaan hier om die noëtiese aspek van God se openbaring in die Ou Testament.

263. Scheepers, *a.w.*, p. 216; Ringgren, "Hypostasen", in *Die Religion in Geschichte und Gegenwart Dritter Band*, p. 504. J. Jervell, "Hypostase", in B. Reicke en L. Rost, *Biblisch-Historisches Handwörterbuch II*, p. 758, maak ook van Ringgren se definisie gebruik.

264. Vosloo, *a.w.*, 62.

265. *Idem*.

266. W. Eichrodt, *Theology of the Old Testament II*, p. 60.

267. Jonker, *a.w.*, p. 127.

268. *Idem*.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

HOOFSTUK 3

DIE HEILIGE GEES AS GAWE AAN CHRISTUS

3.1 DIE PNEUMATOLOGIE EN DIE CHRISTOLOGIE

Op Nuwe Testamentiese bodem moet dit steeds voor oë gehou word dat die uitsprake oor die Gees nooit buite verband met Christus staan nie. Die Pneumatologie is in die Christologie verweef, selfs al is die samehang nie eksplisiet aanwesig nie. Daarom beweer Schmithals met reg: "Es gibt also keine 'Theologie des Geistes' ohne fundamentalen Bezug auf die Christologie".[1] Dit beteken egter nie dat die Pneumatologie in die Christologie opgaan nie. Daar kan met Schmithals saamgestem word as hy verklaar: "Jede Pneumatologie hat aber zugleich die 'christologische Differenz' zu wahren".[2] Die tema "Christus en die Gees" is daarom nie 'n tema naas ander temata soos byvoorbeeld "die Gees en God, die Gees en geloof, die Gees en die sondige natuur, die Gees en heiliging, die Gees en die Woord" asook "die Gees en die gemeente" nie. Dit is die allesbeheersende tema waarin alle lyne van die Pneumatologiese spreke in die Nuwe Testament saamvloei.[3] Met dié verhouding is die ganse Christologie en Pneumatologie op die spel. Om die waarheid te sê: die hele teologie. Ten einde daarteen te waak dat die Christologie in die Pneumatologie opgaan (ondergaan) of dat die Pneumatologie in die Christologie opgaan (ondergaan), is 'n teologies verantwoordbare verhouding tussen die Christologie en die Pneumatologie van die grootste belang.

Ridderbos maak met reg die volgende uitspraak oor die verhouding tussen Christus en die Gees by Paulus: "Het gaat hier niet om abstracte theologische of trinitarische begrippen, maar om de zeer concrete verbanden van de

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

heilsgeschiedenis".[4] Van Ruler het die verhouding tussen Christus en die Gees in die konkrete verbande van die heilsgeskiedenis uitgewerk. Hy het met helder insig op *twee lyne* wat die verhouding tussen Christus en die Gees omlyn, gewys. Van Ruler toon aan - en hiermee sny hy die eerste verhoudingslyn aan - "dat Jezus Christus in zijn messianiteit en in zijn gehele messiaanse werk door de Heilige Geest gepondeerd wordt. De knecht des Heren wordt met de Geest gezalfd. Jezus wordt door de Geest in de woestijn binnegeleid en daar rondgeleid om verzocht te worden. Hij keert door de Geest naar Galilea terug. Hij leert als machthebbende. Hij drijft door de Geest de boze geesten uit. Hij verheugt zich in de Geest. Hij geeft in de veertig dagen zijn leerlingen bevelen door de Geest. Hij heeft zich door de eeuwige Geest aan de Vader als een onstraffelijke offerande geofferd. Hij predikte in de gevangenis tot de doden in de Geest. Hij is in de Geest opgestaan."[5] Hierin het Van Ruler by dogmatici[6] sowel as Nuwe Testamentici[7] navolging gevind. Daar sou binne dié verhouding van *die Gees as Gawe aan Christus* gepraat kon word.

Die tweede verhoudingslyn wat heilshistories uit die eerste lyn voortkom, kan volgens Van Ruler soos volg gelê word: "de Geest is messiaanse daad en gave, niet alleen in deze zin, dat God de Geest geeft in het rijk van de messias, maar ook in deze zin, dat de verhoogde Christus de Geest schenkt en zendt; hij dóópt met de Heilige Geest. Men kan tenslotte in deze lijn nog zeggen, dat de Geest alles neemt uit wat van Christus is en het ons verkondigt, om Jezus Christus te verheerlijken. In één woord samengevat: de Geest is de Geest van Christus. Dat betekent, dat het pneuma van de messias uitgaat en tot hem terugkeert."[8] Van Ruler se teologiese begronding het ook instemming gevind onder teoloë.[9] In dié verhouding sou die Gees *die Gawe van Christus* kon heet.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

Wanneer daar, soos Versteeg doen,[10] slegs op hierdie twee heilshistoriese grondlyne in die verhouding tussen Christus en die Gees gewys word, word uit die oog verloor dat daar in die Nuwe Testament óók van 'n derde verhoudingslyn sprake is, naamlik dié van *die Heilige Gees as 'n Teken na en van Jesus Christus se toekoms*.[11]

Die eerste verhoudingslyn waarvolgens die Gees *die Gawe aan Christus* is, kom in hierdie studie eers aan die orde. Daarna volg die tweede verhoudingslyn waarin daar op die Gees as *Gawe van Christus* gefokus word. Ten slotte word daar dan op die *Heilige Gees as 'n Teken na en van Jesus Christus se toekoms* geblik

Die apostoliese geloofsbelydenis het die eerste verhoudingslyn in 'n formule saamgevat: "conceptus de Spiritu Sancto".[12] Hierop val die Skriflig in die volgende paragraaf.

3.2 DIE SEUN AS SKEPPING VAN DIE HEILIGE GEES

Wanneer die Apostolicum bely dat Jesus Christus van die Heilige Gees ontvang is, en uit die maagd Maria gebore is, gee dit uitdrukking aan 'n Gods-wonder.[13] Die belydenisstuk is egter heftig betwis en selfs doodgeswyg.[14] Van Ruler het 'n insiggewende opmerking gemaak toe hy beweer het: "Er zit iets kortzichtigs in, wanneer men struikelt over de maagdelijke geboorte en meent dáárom geen christen te kunnen zijn. Wie struikelen wil, moet over heel andere dingen struikelen".[15] Kernagtig gesê: "wie struikelen wil, die struikele over het geloof in God".[16] By nadere besinning is die vraag aan Van Ruler: gaan dit nie óók in dié belydenis om geloof in God-in-die-vlees nie?

Die belydenis is 'n heilsfeit[17] waarin God ruimte vir sy

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

heilshandelinge maak. Daarom kan met Noordmans instemming betuig word as hy sê: "Wanneer wij deze pijler van onze belijdenis zouden wegtrekken, zou er meer vallen. Wij kunnen met Paulus zeggen, dat de prediking dan 'ijdel'zou worden".[18] Wanneer daar aan die belydenis aandag gegee word, is dit nie die bedoeling om die Christologiese aspek van die belydenis volledig aan die bot te laat kom nie, maar om die Pneumatiese bevrugting van die Christologie aan die lig te laat kom. Daar kan vanuit Pneumatiese perspektief op die volgende sake gelet word:

1. Die Goddelike beweging van die hemel na die aarde word Christologies deur die gebeure-woorde apostellein, pempein,[19] didōmi en ergomai[20] verduidelik. God/die Vader verrig die stuurhandeling.[21] Die Vader stuur die Seun, maar Hy stuur Hom nie weg nie. Hy bly in die werk van die Seun aan die werk en die Seun bly die Seun van die Vader (Rom. 8:3). Daarom gaan dit in die wonderhandeling van die maagdelike geboorte "om 'n *daad van God*, 'n eenmalige en eskatologiese daad ..."[22] Jonker is reg in sy oordeel dat dit by die maagdelike geboorte nie om 'n "eerste verklaringspoging" gaan vir die belydenis dat Jesus Christus die Seun van God is nie.[23] Dit gaan immers om die getuienis dat die *Seun van God* mens geword het. In die belydenis gaan dit om die "van Godswege"[24] en die vervulling van Gods plan.[25] Die feit dat die belydenis van die Seun van God nie net rondom die opstanding wentel nie, maar óók aan die geboorte van Jesus Christus geheg is, skep ruimte vir die Christologiese formule dat daar nooit 'n oomblik op aarde was dat Jesus Christus nie die Seun van God was nie.[26] Teenoor Brown wat beweer dat die Seun van God by die geboorte nie op die Seun van God voor die geboorte wys nie,[27] moet gehandhaaf word dat Hy noëties die Seun van God *geword* het omdat Hy dit ontïes *is*.[28]

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

2. Die maagdelike geboorte is die weg waarlangs die inkarnasie van die preëksistente Seun van God plaasgevind het.[29] Die begrip *inkarnasie* gee te kenne dat die *Seun van God* werklik *mens* geword het.[30]

Sy menswording staan binne die historiese raam van 'n Dawidiese voorgeslag (Matt. 1:1 e.v.). Daarom het Jesus Christus mens van (met) vlees en bloed geword. Sy menswording was ook 'n vrywillige daad. Van Ruler merk op "dat de geboorte van Jezus in het geheel geen lot was, dat hem overkwam, maar totaal zijn eigen, vrije daad".[31] Hy vervolg dan: "Door zijn geboorte onstond hij als God de Zoon in het menselijke vlees".[32] Dié vrywillige daad, die assumptio carnis, is óók 'n daad van die Heilige Gees - conceptus de Spiritu Sancto.[33] Daarom getuig Matteus van die leweskeppende werk van die Heilige Gees (Matt. 1:18-21).[34] Wanneer Jonker op voetspoor van Bavinck verklaar dat die Seun van God "vir Homself uit die skoot van die maagd Maria *deur* die werking van die Heilige Gees 'n menslike syn berei het",[35] kom die aktiewe Pneumatiese skeppingsdaad nie duidelik genoeg aan die lig nie.

In die eerste verhoudingslyn word die Gees as 'n Gawe aan Christus voorgestel. Daarom moet die maagdelike konsepsie óók vanuit Pneumatiese perspektief ontvou word - die Gees is die Skepper van Jesus se menslike syn. Die passiefvorm van die werkwoord egenéthē (Matt. 1:16) dui op die Pneumatiese handeling in die konsepsie.[36] In Luk. 1:35 word dié wonderdaad soos volg verduidelik:

a. Die Heilige Gees sal oor jou kom.

b. Die krag van God, die Allerhoogste, sal die lewe in jou wek.

c. Die kind sal die Seun van God wees.[37]

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

In (a) word die aktiewe koms van die Gees berig. Die koms van die Gees het skeppingsintensies.[38] In 'n poëtiese parallelisme (b)[39] word die koms van die Heilige Gees as die krag van die Allerhoogste beskryf. Die krag van die Allerhoogste wys op die effek van sy koms. Hy werk skeppend[40] en wek daarom nuwe lewe. Die krag van die Allerhoogste sal Maria, die poort deur wie Jesus Christus die wêreld moes instap, *oorskadu* (b). Die Ou-Testamentiese inspeling is so sigbaar soos 'n wolk. In die Ou Testament dui die verbale segging op God se teenwoordigheid in die heiligdom (tabernakel) (Eks. 40:34, Num. 9:15).[41] Die Gees is dus in sy heerlikheid en skeppingskrag teenwoordig. Daar is dus geen sprake van 'n vorm van adopsiaanse Christologie nie. Die menslike syn word werklik geskep en hiertoe is die Gees skeppend werksaam. Die werkwoord word ook in verband met die insluiting van die wolk in die verheerliking van Jesus op die berg gebruik (Luk. 9:34).[42] Brown wys op die merkwaardige parallel tussen die doop en die verheerliking van Jesus. In die eerste geval daal die Gees op Jesus neer (Mark. 1:10) en in die tweede instansie word Jesus en sy dissipels deur 'n wolk ingesluit. Maar in albei gevalle gee 'n Goddelike stem dieselfde boodskap: "Jy is my geliefde Seun" (Luk. 3:22) en: "Dit is my Seun wat Ek uitverkies het" (Luk. 9:35). Die doop van Jesus onthul die Christologiese misterie van die Goddelike Seunskap aan die leser (hoorder), terwyl die verheerliking van Jesus die waarheid aan die uitverkore dissipels meedeel. In albei gebeure gaan dit om God se aktiewe handelinge ten einde Jesus se Seunskap te onthul.[43] Die kind sal die Seun van God wees (c).

Die skepping van die menslike bestaan, beteken die syn uit Maria. Die Seun van God het immers die menslike natuur nodig "om door haar onder te duiken in de zonde en de dood, om die voor Gods aangezicht te bedekken en te niet te doen".[44] Die menslike natuur wat die Seun van God aanvaar het, is "de oude menselijke natuur",[45] "de gevallen natuur".[46] Hy het die ou menslike syn Syne gemaak om die gevalle mens Syne te maak.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

Die voorafgaande laat die vraag orent kom of die Seun van God nie so diep in die menslike syn ingeduik het dat Hý daarin ondergegaan het nie. Anders gevra: het die vereniging van die Seun van God met die menslike bestaan in die Persoon van Jesus Christus nie tot gevolg dat Jesus Christus deur dié daad ook 'n sondaar geword het nie? Calvyn het die sondeloosheid van Jesus Christus onverswak gehandhaaf deur 'n verband te lê tussen die heiliging van die menslike natuur van die Seun van God en sy sondeloosheid.[47] Bavinck staan ook binne die tradisie wat nie die sondeloosheid van Christus in die maagdelike geboorte fundeer nie, en tog lê hy 'n verband tussen Christus se Godheid, sy preëksistensie en sy sondeloosheid.[48] Die maagdelike geboorte is die enigste weg waarin die Seun van God wat as Persoon van ewigheid af bestaan, ook op menslike wyse in die wêreld kon kom en ook nog bly wat Hy altyd was, naamlik die Seun van God.[49] Dit is binne dié verband dat die sondeloosheid ter sprake kom. Die maagdelike geboorte is nie 'n *grond* vir die sondeloosheid van Christus nie, maar die *weg* waarlangs die Seun van God die menslike syn aangeneem het.

Bavinck maak die volgende verhelderende opmerking: "Deze uitsluiting van den man bij zijne ontvangenis bewerkte tevens, dat Christus, als niet in het werkverbond begrepen, ook vrij bleef van erfschuld en daarom ook naar zijne menschelijke natuur vóór en na zijne geboorte van alle smet der zonde kon bewaard worden".[50] Jonker beweeg in dieselfde denkklimaat met: "Die feit dat Christus nie die produk van die mensheid met sy sondegeskiedenis is nie, hou egter in dat Hy nie soos elke ander kind onder die vloek van die erfsonde staan nie".[51] Hieruit mag egter nie afgelei word dat dit om die uitskakeling van die menslike in Christus gaan nie, as sou die vader *wel*, maar *nie* die moeder nie, met die erfsonde verweef wees.[52] Dit gaan om die weg-neem, die weg-*wees* van die gerig wat langs die weg van prokreasie almal tref wat *uit* Adam gebore

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

is.[53] Die Seun van God is nie die produk van die menslike onheilsgeskiedenis nie.[54] Dit bring mee dat Hy buite die vloek staan en daarom kan Hy *in* die vloek ingaan.[55] Daarom kan Hy ook die skuld wat van Adamsweë alle Adamsafstammelinge dodelik tref, *plaasvervangend* wegdra.[56] Sy ingaan in die menslike bestaan om die vloek te dra, maak dit 'n weg van *armoede* en *verlatenheid*.[57] Anders gesê: 'n weg van *menslike armoede* en *Goddelike verlatenheid*. Dit is binne hierdie verband dat die *heiliging* van die aangenome menslike syn van Christus funksioneer.[58]

Die werk van die Gees in die skepping van Jesus Christus se menslike syn word deur die woord *heilig* aangedui (Luk. 1:35). Dit gaan in die heiliging nie om 'n oorgang uit 'n sondige toestand in 'n staat van heiligheid nie.[59] Wanneer die een wat gebore word, *heilig* genoem word, is dit 'n onthulling van sy oorsprong en identiteit: Hy is die Seun van God.[60] Omdat Hy die Seun van God is, is Hy heilig en daarom geskik vir die vervulling van sy Middelaarsamp.[61] Hy is die heilige, die Seun van God wat sonder sonde onder die sonde gaan buig het om mense na God om te buig.[62]

Die Seun van God wat waarlik mens geword het, was gereed vir sy openbare ampsaanvaarding. Dit is die tema van die volgende paragraaf.

3.3 JESUS SE DOOP EN GEES-TELIKE TOERUSTING

Die doop van Jesus Christus kan beskou word as die drumpel na sy openbare Messiaanse kruisweg. Die Pneumatiese toerusting stel Hom in staat om sy Messiaanse amp tot by die kruis uit te voer. Dit spreek vanself dat die Pneumatiese grondlyne binne die Christologiese raam getrek moet word. Markus 1:9-11 word as grondpatroon gebruik om die doop en die toerusting van Jesus Christus te belig.[63]

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

Op die vraag waarom Jesus Hom met "die doop van bekering tot vergifnis van sondes" (Mark. 1:4) laat doop het, is die antwoord daarin geleë dat dit as 'n daad van *Messiaanse solidariteit* met die volk vertolk kan word (Luk. 3:21).[64] Hierdie *solidariteit* vergestalt 'n *representatiewe aspek* sowel as 'n *korporatiewe faset*.[65] Die representatiewe aspek hou in dat die Messias God by die volk en die volk by God verteenwoordig.[66] In die lig van die representatiewe solidariteit is dit verstaanbaar dat Jesus se ingaan in die (doop-) water sy ingaan in die menslike bestaan verbeeld. Op grond van sy Messiaanse solidariteit môés Hy die weg van alle vlees gaan: onder die oordeel staan én dit ondergaan. Maar Hy doen dit representatief. Daarom is Hy ook korporatief solidêr met sy volk.[67]

Dit is juis die korporatief solidêre aspek van die doopgebeure wat 'n brug na die eskatologiese perspektief van die gebeurtenis slaan. Die eskatologiese moment lê klem op die spanning wat die dienaars-(lyding) en koningsgestalte (oorwinning) oproep. Dit is egter nie so dat dié twee gestaltes 'n temporele opvolgingsorde verteenwoordig nie. Met reg het Schillebeeckx daarop gewys dat die doop die erkenning van Jesus as eskatologiese Profeet is in wie die Messiaanse koninklike en priesterlike gestaltes ook saamvloei.[68] Jesus se doop is die *aanvang* van God se eskatologiese heilshandelinge in sy Seun. Dit is die *begin* van Jesus se heilsending aan Israel[69] en die volke. Daarom is dit nie vreemd dat die doopgebeure temporeel ingebed is in die begin van "die evangelie van Jesus Christus" (Mark. 1:1) nie.[70] Hierdie begindaad vorm die begin-sel van 'n nuwe eskatologiese bestaan van die mens voor God.[71]

Die beligting van die Jesus-doop as Messiaanse solidariteit binne eskatologiese konteks lei vanself tot die probleemstelling van die *aard* van die doopgebeure. Die

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

opkoms van Jesus uit die doopwater word opgevolg deur 'n kosmiese visioen:[72] die hemel skeur oop (Mark. 1:10). Die hemel is in die Ou Testament onder andere voorgestel as God se woonplek en sy koningsetel.[73] Daarom is dit voor die handliggend om die "skeur van die hemel" Ou-Testamenties te naat.[74] In Jesaja 64:1 en Esegiël 1:1 wys die oopskeur (oopgaan) van die hemel op die sug na (Jes. 64:1) én op die werklikheid van (Eseg. 1:1) God se openbaring.[75] Die doopgebeure is niks minder nie as 'n Goddelike openbaringsgebeure. Daarom be-teken die opkoms van Jesus uit die doopwater,[76] die afkoms van die Gees. Die Gees het soos 'n duif na Jesus gekom (Mark. 1:10, Matt. 3:16).[77]

Die *vergelyking* van die koms van die Gees met 'n duif het 'n fladdering onder teoloë teweeggebring.[78] Die opmerking van Anderson kan nie te ligtelik opgeneem word nie: "The origin and meaning of the dove-symbolism still remains obscure".[79] Wat wel aanvaar kan word, is dat die duifbeeld aan die skrywers en lesers bekend was uit die Oosterse, Joodse en Griekse bodem.[80] Die evangelieskrywers het die bekende beeld in 'n vergelykingsraam binne die doopperikoop gevoeg. Die beeld as vergelyking is uitnemend geskik om die skrywer se bedoeling oor te dra, want die duif beweeg immers tussen hemel en aarde.[81] Op dié wyse word die koms van die Gees uit die hemel as God se woonplek aanskoulik voorgestel. Die vergelyking wil ook te kenne gee dat die Gees werklik op Jesus neergedaal het. Dit is juis die werklikheid van die Gees se koms op Jesus wat Hom as die eskatologiese Messias salf.[82] Die koms van die Gees op Jesus kan daarom as 'n vervulling van die Ou-Testamentiese verwagting verstaan word.[83] Die Gees rus Jesus toe om magtige heilsgerigte dade te verrig. Die toerusting dra ook 'n blywende karakter. Die Gees sal nie van Hom wyk nie, maar Hom in staat stel om die lydenspad te loop met die oog op die heilsbereiking. Die Ou-Testamentiese verwagting het **waarlik in vervulling gegaan!**

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

Op die koms van die Gees uit die hemel volg *die stem uit die hemel* (Mark. 1:11, Matt. 3:17, Luk. 3:22).[84] Die parallel tussen die geskeurde hemel en die stem uit die hemel kan nie oorsien word nie. Die geskeurde hemel dui op God se open-baring. Die evangelis voeg aan hierdie Ou-Testamentiese gedagte toe: God se *af-koms* word nou bevestig deur die *koms* van sy Woord. Anders gesê: God is aan die woord en dáárom gaan die hemel oop![85] Die eskatologiese wending het gekom.

Daar bestaan onder teoloë geen eenstemmigheid oor hoe die evangelis die woorde van die stem uit die hemel saamgestel het nie. Daar is verskillende moontlikhede wat oorweeg kan word:

1. Jeremias[86] en Cullmann[87] het daarop gewys dat Joh. 1:34 eintlik slegs Jes. 42:1 aanhaal. Op grond hiervan het die mening ontstaan dat die sinoptiese evangelies hoegenaamd nie na Ps. 2:7 verwys nie, maar slegs na Jes. 42:1.[88] Die *huios* is dan maar net 'n vervanging van *pais* in Jes. 42:1.[89] Die bedoeling van die evangelis is om die dienaarsgestalte van die Seun van God volgens die patroon van die eerste [C]aebaedlied (Jes. 42: 1-9) te borduur - dié Dienaar wat eenmaal deurboor sou word. Die klem val binne dié raam dan veral op die lydensgestalte van die Dienaar van God.

2. 'n Wydverspreide Westerse tekslesing wat vir Luk. 3:22 aanvaar is en 'n afleiding uit Ps. 2:7 maak, het daartoe gelei dat die standpunt verdedig is dat dit in die sinoptiese evangelies uitsluitlik om 'n aanhaling uit Ps. 2:7 handel.[90] Steichele wys daarop dat dit nie in Mark. 1:11 om 'n volledige sitaat van Ps. 2:7 gaan nie. Die segging "vandag het Ek jou Vader geword", kom nie in Mark. 1:11 voor

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

nie, maar is vervang deur die meer algemene uitdrukking "en soi eudokia".[91] 'n Oorsig oor die interpretasie-geskiedenis van Ps. 2 in die Joodse literatuur, toon dat Ps. 2 reeds in die voor-Christelike tydvak eskatologies-Messiaans verstaan is.[92] Steichele oordeel dat dit in die vertelling van die doopgebeure (Mark. 1:9-11) nie om Jesus se dienaarsgestalte gaan nie, maar om sy koningskap. Daarom is 'n toespeling op Ps. 2:7 voor die handliggend.[93] "Jesus wird dadurch - in der Linie der Jerusalemer Königstradition der Davididen und den davon ausgehenden messianischen Erwartungen - als König der Endzeit bezeichnet".[94] Die heilshistories-eskatologiese vervulling vind daarom in Jesus plaas.[95] Die nadruk op die koningskap van die Seun van God, dra ongetwyfeld teologiese gewig. Steichele verloor egter uit die oog dat met die oog stip op Jes. 42:1 e.v. die lydens-(priesterlike) sowel as die koninklike trekke van die dienaar helder aan die lig kom.[96]

3. 'n Derde moontlikheid is om met sowel Ps. 2:7 as Jes. 42:1 te reken in die weergawe van die sinoptiese evangelies. Ten opsigte van Markus kan vasgestel word dat hy na die tema - aankondiging (1:1) met 'n mengsitaat uit die Ou Testament begin (Mark 1:2-3 Vgl. Eks. 23:20, Mal. 3:1 en Jes. 40:3).[97] Daarom is dit ook nie uitgesluit dat die gestaltegewing van die teks in Mark. 1:11 'n soortgelyke patroon volg nie. Dit is moontlik dat die teks uit twee Ou-Testamentiese tekste saamgestel is: "Jy is my (geliefde) seun" (Ps.2:7) en "hy geniet my guns" (Jes. 42:1)[98] Selfs al het ons nie hier net met die samevoeging van twee Ou-Testamentiese sitate te doen nie, maar met die mosaïek van Ou-Testamentiese gedagtegange,[99] verander dit wesenlik niks aan die teks wat die sinoptiese evangelies aanbied nie. Die ge-dienstige, gedoopte en Geesvervulde Jesus is God se geliefde Seun (Mark 1:11, Matt. 3:17, Luk. 3:22)[100]

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

In die Nuwe Testament is daar ongeveer dertig dergelike sinne met sù eí wat die aangesproke persoon noukeurig beskryf. In drie en twintig gevalle gaan dit om Jesus. Markus 1 is egter die enigste plek waar Jesus deur God sy Vader, aangespreek word. Hieruit volg dat dié uitspraak enig en gewigtig is.[101] Die toevoeging van die byvoeglike naamwoord "geliefde" kwalifiseer die Seun. In die LXX kan die term agapētós ook "vriend, geliefde, lief" beteken.[102] Daarom word by geleentheid nie slegs die enigste seun of dogter nie, maar ook die ander seuns of dogters agapētoí genoem. Die woord word voorts gebruik om die seunsverhouding van Israel tot God te omskryf.[103] In die Ou Testament is die geliefde seun ook die enigste seun (Gen. 22:2,12,16).[104] As Moltmann beweer dat Jesus op soortgelyke wyse die Seun van God is as Israel (Deut. 32:6,18,Jes. 3:4), die koning (2 Sam. 7:14 e.v.) of die messias en dié verhouding vergelyk met dié tussen Isak en vader Abraham,[105] omskep hy die segging in funksionele Christologiese terme.[106] Goppelt lê met reg daarop klem dat Jesus op 'n ander wyse God se Seun is as die Israeliet, die koning, die vrome of selfs die messiaanse koning.[107] Hy verklaar verder: "er steht *in einem einzigartigen Bund mit Gott*"[108] Hy *is* die geliefde Seun van God. Daarom staan Hy as die enige en ewige Seun in 'n unieke verhouding tot die Vader.[109] Die toevoeging: "Oor Jou verheug Ek My" (Mark.1:11), versterk die vertrouensondertoon wat reeds in die woord agapētós aanwesig is.[110] Daar kan hoegenaamd geen twyfel bestaan nie: Jesus is die enige en ewige Seun van die Vader.

Die verklaring van die Vader se (ewige) liefde vir sy Seun na afloop van sy doop en Geestesvervulling, vind óók plaas met die oog op sy verdere kruisweg. Al is daar nie in Mark. 1:11 sprake van die Seun se sending

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

nie,[111] stel sy Gees-telike toerusting Hom in staat om Hom op sy lewenstaak te rig:[112] om God se koningsheerskappy te gaan verkondig en te realiseer.[113] Van sy doopdag af is die Seun van God gevolglik lydend na die kruistroon onderweg.[114]

In die volgende paragraaf kan daar aandag gegee word aan die Gees as Gawe aan Christus met die oog op:

3.4 DIE REALISERING VAN GOD SE KONINGSHEERSKAPPY

Die Seun is gestuur om die wil van die Vader te gehoorsaam (Joh. 6:38). Daar sou ook van die *heilswil* van die Vader gepraat kon word. In dogmatiese terme kan die gehoorsaamheid van die Seun as sy aktiewe en passiewe gehoorsaamheid omskryf word.[115] Sy gehoorsaamheid is vrywillig (Joh. 3:35, 10:18) en op die Vader se eer gerig (Joh. 7:18, 8:49).[116]

Die Gees het Jesus in sy onvoorwaardelike kruisgerigte gehoorsaamheid *weggevat* die woestyn in (Mark. 1:12. Vgl. Matt. 4:1 en Luk. 4:1). Wanneer die Gees Jesus wegvat die woestyn in, beteken dit nie dat Hy van Jesus weggaan nie. Hy is vol van die Heilige Gees (Luk. 4:1). Dit is juis die feit dat Hy vol van die Gees en deur die Gees weggevat (gelei) word, wat die versoekings van die begin af tot mislukking doem.[117] Die *beweging* van die Gees wys daarop dat Jesus geheel en al onder die aandrang van die Gees verkeer.[118] Die handeling van die Gees met Jesus (Mark. 1:12) het 'n sterk binding aan die dinamiese kragwerking van die rûah in veral die optrede van die rigters.[119] Die kragwerking van die rûah in die Ou Testament word nou deur die Gees ontplooi. Hy dra die gekome Messias deur sy taak. Daarom het Hy Jesus oor-Meester om die geswore vyand van God se koninkryk (par excellence!) aan te durf. Jesus is Gees-telik toegerus vir die geweldige aanslag.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

Die onverbiddelike konfrontasie tussen die Gees-geleide Jesus en die Duiwelbesete Satan vind in die woestyn plaas. Die woestyn verteenwoordig nie net 'n geografiese ruimte nie.[120] Daarom is die uitkoms van die woestynstryd beslissend vir die toekoms van die totale kosmos. Wanneer na die be-teken-is van die woestyn gevra word, moet dit in samehang met die vermelde tydperk gesien word. Dit gaan om 'n verblyf van veertig dae (Mark. 1:12-13).[121]

Soos Israel destyds tydens die uittog droogvoets deur die water geloop het om vir veertig jaar in die woestyn rond te swerf, kom Jesus uit die (doop-)water om vir veertig dae deur die Satan versoek te word (vgl. Mark. 1:12, 13).[122] Die veertig dae-motief sinspeel op Israel en Moses in die woestyn.[123] Die woestyn verteenwoordig die eensame, verlate en onbewoonbare plek.[124] Dit is 'n beeld van die mens se opstand teen en vervreemding van God.[125] Daarom rus God se oordeel op die skuldige mens. Die woestyn is ook die ruimte waar God sy volk gelei en getoets het (Deut. 8:2-5).[126] Dit was veral ook 'n dodelik gevaarlike plek. Want dit was die verblyf- (en speelplek) van Satan en sy trawante (vgl. Luk. 8:29, 11:24, Matt. 12:43).[127] Daar is nog een belangrike aspek rondom die woestyn. Dit is naamlik dat die woestyn 'n teëbeeld van die paradys is.[128]

Op aandrang van die Gees is Jesus die woestyn in waar die opstand van die menslike leeftyd vergaar het. Daar het Hy solidêr met die mens geword omdat Hy sedert sy geboorte solidêr met die mens is. In 'n kernformule gegiet: representatief solidêr. Daarom is die skuld in sy kosmiese omvang op Hom saamgetrek. En daarom het Hy die menslike bestaan kom oor-leef.[129] Maar dit was nie maklik nie. Om die waarheid te sê: dit was 'n dodelike stryd om die God- en kosmosvervreemde bestaan oor te leef. In die stryd is Hý teenwoordig (daad) met die swaard van die Gees (Woord). In Matt. 4:4-10 en Luk. 4:4-12 kom aan

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

die lig hoe Meesterlik Jesus die swaard van die Gees teen die Satan hanteer.[130] Waar Israel (as God se seun) in die woestyn misluk het, oorleef Jesus (God se Seun) die stryd teen die Satan.[131] Méér nog: Hy behaal 'n klinkende oorwinning. Hy behaal die oorwinning omdat Hy die koninklike Dienaar is. Die resultaat van sy oorwinning is dat Hy kosmiese vrede kom herskep het. Hiervan is sy saamleef met die (gevaarlike) wildediere 'n voorbeeld.[132] Jesus het die woestyn tot 'n paradys herskep.[133] Aangesien Hy korporatief solidêr met die mens geword het, realiseer Hy God se koningsheerskappy op 'n nuwe wyse.[134] En waar God heers, deel die mens en die kosmos in die vrede wat alle verstand te bowe gaan.[135] Sonder vrees vir teenspraak kan beweer word dat die profetiese voor-seggings aangaande die kosmiese herskepping wat die Messias-regering ten gevolg sou hê, heer-lik in Jesus se optrede gerealiseer is (Jes. 11:6-9, 32:15-20).[136]

Die stryd teen die Satan in die woestyn was in 'n sekere sin 'n binnegeveg. In begin-sel het Hy die oorwinning behaal. Maar nou moet dié begin-sel kosmies gedemonstreer en geproklameer word. Daarom staan die Nasaret-perikoop by Lukas (4:16-30), in 'n ander verband as by Matteus (13:53-58) en Markus (6:1-6).[137] Lukas beoog om op dié wyse die kern van die Jesus-verhaal op 'n *eksemplariese wyse* te beskryf.[138] Lukas 4:14-15 kan as 'n bruggebeure beskryf word omdat dit die oorgang van Jesus se doop (Luk. 3:21-22) na die aanvang van sy openbare bediening verduidelik.[139]

Jesus begin sy openbare bediening volgens Lukas tydens 'n tipiese, sinogogale godsdiensoefening.[140] Nadat die Wet volgens 'n vaste patroon voorgelees is met 'n Aramese parafrase,[141] kom die Profete aan die beurt.[142] Die gebruik was dat die sinogogale leier die Skrifgedeelte opgegee en 'n persoon aangewys het om dit voor te lees.[143] Maar nou staan Jesus op aandrang van die Gees

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

op om 'n teks voor te lees.[144] Die aanhaling is 'n mengsitaat uit die boek Jesaja.[145] Die mengsitaat vorm die sentrum van die vertelling.[146] Die sitaat word op die wyse (wysie) van 'n pesjer aangebied. Pesjer is 'n literêre vorm wat by Qumran en die vroeg-Palestynse literatuur voorgekom het waar 'n persoon met 'n profesie vereenselwig is.[147] Die bedoeling is om die teks aktueel te maak deur dit eietyds te realiseer.[148] Jes. 61:1-2 en Jes. 58:6 bied die grondstof vir die samestelling van die aanhaling.[149] Die uitdrukking "die dag waarop ons God sy vyande straf maar almal wat treur, vertroos", (Jes. 61:2b), is egter in die samestelling weggelaat.[150] Die rede hiervoor kan waarskynlik gesoek word in die feit dat die verteller die reikwydte van die Messiaanse heil aankondig.[151] Die chiastiese struktuur (Luk. 4:16-20) beklemtoon op 'n dramatiese wyse die aksent wat Lukas in die sitaat op die verkondiging van die vrylating lê.[152]

Dit is opvallend dat die vrylating by monde van 'n Ou-Testamentiese teks voorsê word wat in sy eie omgewing nie 'n Messiaanse toegespitsheid gehad het nie. Dit gaan in die Jesaja-teks (Jes. 61:1 e.v.) om die profeet self wat aangesê is om die blye boodskap aan ontwortelde mense te bring.[153] Terugskouend kon die Nuwe Testamentiese skrywer die Ou-Testamemtiese teks Messiaans verbuig. Die Messiaanse heil is immers só ryp en ryk dat daar sonder enige spanning van die Ou Testament na die Nuwe Testament én van die Nuwe Testament ná die Ou Testament gereik kan word om die volheid van die Messiaanse heilsoes te gerf. Die Jesaja-teks is besonder geskik vir Lukas om die Messiaanse heilsontplooiing ten toon te stel. In die Jesaja-konteks is die woord gerig aan ontwrigte, teruggetrokke ballinge in wanhoop. Aan hulle word in ballingskapsterme 'n hoopvolle toekoms aangekondig.

Lukas kondig in die Nuwe Testament aan dat Jesus die Messias is by wie die Gees blywend teenwoordig is.[154]

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

Die doel van sy teenwoordigheid is om Jesus te salf ten einde Hom in staat te stel om sy ampstaak te vervul.[155] Sy Messiaanse taak is om mense die heil te laat hoor en te laat sien.[156] Vir die gevangenes, die gesigloses en die onderdruktes (Luk. 4:18) is die koms van die Messias die genadejaar van die Here (Luk. 4:19). Die sinspeling op die Joodse jubeljaar (Lev. 25) is 'n simboliese verwysing na die realiteit van die heil wat Jesus bring.[157] Die verrassende ontsluiting is dat die Jesaja-woord "vandag" in die *Heil-and* vlees en bloed geword het (Luk.4:21). Toe dit eenmaal donker op *He(i)lshoogte* geword het, het die "vandag" sy dagskof voltooi.

Die vraag waarop die vervolgens aankom, is hoe Jesus onder die leiding van die Gees die heilsdag sou vul. In Matt. 12:1-8 en 12:9-14 word die onoorbrugbare kloof tussen Jesus en die Fariseërs deur twee strydgesprekke verskerp.[158] Die vraag is egter waarom Jesus in die daaropvolgende perikoop (Matt. 12:15 e.v.) uit die strydarena getree het. Dit is moontlik dat verdere stryd tot sy arrestasie kon lei of dat sy ampsvervulling in die weg gestaan sou word indien die stryd in die openbare arena sou beland.[159] Jesus het nie gekom om met mense te stry nie, maar om vir mense te stry. Die heil moes soos 'n blom oopvou sodat die geur daarvan in alle windrigtings gedra kon word. Die heil is nie net bestem om verkondig te word nie, maar dit beoog ook om die stukkende (siek) liggaam heel te maak (Matt. 12:15). Daarom is Jesus se charismatiese aksie in die perikoop toegespits op genesing.

Maar waarom plaas Jesus 'n verbod op die bekendstelling van sy heilsdaad? (Matt. 12:16). Die strydmotief speel moontlik 'n rol.[160] Die sleutel lê egter in Matt. 11:25-30 geborge. Die geheim van die koninkryk van God is verborge vir die sophoi (Matt. 11:25) en onthul aan die nēphioi - die ware volgelinge van Jesus.[161] Die antitese

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

tussen geloof en ongeloof, tussen insig in die ware aard van Jesus se boodskap en roeping en die onvermoë om te begryp wie Hy is en wat Hy kom doen het, vorm 'n sentrale tema in Matt. 11 en 12.[162]

Die genesing van mense is 'n teken dat die Messiaanse ryk aangebreek het. As 'n bevestiging van die teken word Jes. 42:1-4 aangehaal.[163] Teenoor die weerstand van die teenstanders staan die gesag van die vervulde Skrifwoord.[164] In die Skrifwoord is daar sprake van die Dienaar van die Here. Die term "dienaar van God" was in die Joodse mond 'n gebruiklike eretitel vir die verteenwoordiger van God. Dit was veral die profeet op wie die segging toegepas is.[165] Die genesing van mense is nie net 'n teken van die Messiaanse ryk nie, maar ook dat die Messias Self teenwoordig is. Die teken en die saak ondergaan dus 'n Messiaanse versmelting. Hy is as die Dienaar van God aanwesig. Dit beteken die ryping van Jesaja 42:1-4 in sy werksaamhede. Hý is die Profeet van die eskatologiese eindtyd.[166]

Die geheim van die Messias en sy werke is dat Hy God se Dienaar is - sy Geliefde oor wie Hy Hom verheug (Matt. 12:18).[167] Hy kan die tekens van die koninkryk van God oprig omdat Hy Gees-telik toegerus is (Matt. 12:18). Anders gesê: onder die invloed van die Gees, kan Hy genees (Matt. 12:15) en die krisis van God vir die volke aankondig (Matt. 12:18, 20). Die interpretasie-krisis wentel om die woord *krisis*. Dié term omskryf meestal *die beslissing van die regter* in Ou-Testamentiese sin en dan beteken dit *reg*.[168] Die Nuwe Testament deel oor die algemeen in die Joodse voorstelling van die laaste gerig, maar die Christusgebeure skep tog 'n wesenlike onderskeid.[169] Reg kan nie net in negatiewe sin verstaan word nie.[170] Want God se reg teen die mens is ook sy reg op die mens.[171] Daarom is dit die lewenstaak van God se Dienaar om God se *heilswil* aan die nasies bekend te maak.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

Dié bekendmaking beteken dat die Dienaar van God sy koningsheerskappy sal realiseer.[172]

Die wyse waarop Jesus optree, wys daarop dat Hy die Gees as Gawe ontvang het. Hy bereik die doel om die koningsheerskappy van God te realiseer langs die weg van helende, helpende, selflose liefde.[173] Daarom sal Hy nie met sy teenstanders twis[174] deur hulle voor die regbank te daag nie.[175] Hy sal ook nie die regsoordeel van God, soos dit destyds gebruik was, uitroep nie.[176] Jesus sal ook nie, soos die heersende regspraktyk voorskryf, die geknakte riet as 'n teken van die doosvonnis breek nie.[177] Die heerskappy van God wat Hy realiseer, beteken heling en die opwekking van die gebrokenes en verslaenes.[178] Die koninkryk wat Hy realiseer, bring mee dat mense onder God se heerskappy sinvol en hoopvol kan leef. God se koninkryk mag egter nie geografies en etnies ingeperk word nie. Maar omdat God se heerskappy in die Persoon en werke van Jesus konkreet geword het, reik dit na die eindes van die aarde sodat sy heil kosmies gevier kan word (vgl. Matt. 12:21).[179]

Daar is ook 'n ander aspek van die Messias se werk onder leiding van die Heilige Gees wat van belang is (Matt. 12:22 e.v.). Die lasterperikope (Matt. 12:22-32, Mark. 3:20-30, Luk. 11:14-28 en 12:8-10) vorm 'n klimaks in die strydgesprek tussen Jesus en die Fariseërs, met die skare as die verslae toeskouers.[180] Skerper gestel: dit gaan in Matt. 12:22-32 om 'n saak van lewe en dood - die koninkryk van God is op die spel. En die hoofspeler is Jesus. Die vraag is of sy kragdade uit God óf uit die Satan is.[181] Ten einde sy optrede in koninkryksperspektief te begryp, is die verwysing na die Messiaanse legitimasie onontbeerlik (Matt. 12:18-21). Dit is ook nie vreemd dat temas wat in die voorafgaande vertellings aangeraak is, weer hier aangesny word nie.[182]

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

Die vraag of God óf Satan deur Jesus werk, word op die strydperk beslis. 'n Blinde en stom man verskyn op die toneel (Matt. 12:22). Die siekte waarmee hy geplaag is, is as duiwelbesetenheid beskou.[183] Die chiastiese ordening (blind-stom-praat-sien: Matt. 12:22)[184] onderstreep die Godswonder. Die blinde stom man kan slegs as gevolg van Jesus se optrede weer praat en sien. Die skare is stom van verbasing (Matt. 12:23). Hulle moes iets van die Goddelike in Jesus se wonder ondervind het.[185] Die moontlikheid dat Jesus dalk die Seun van Dawid, die beloofde Messias kon wees, is nie uitgesluit nie (Matt. 12:23).[186]

Die Fariseërs het van die koninklike oorwinningsfees te hore gekom (Matt. 12:24). Daarom het hulle alles in die werk gestel om die skare te verhinder om navolgers van Jesus te word.[187] Hulle was bevrees dat die volk Hom as Messias sou erken.[188] Daarbenewens staan hulle voorneme om Jesus uit die weg te ruim vas (Matt. 12:14) en dit dreig nou om deur die verbasende optrede van Jesus verydel te word.[189] Hulle kon die duiweluitdrywing wel nie ontken nie,[190] maar hulle kon dit tog tot duiwelswerk verklaar.[191] Sodanige verklaring sou 'n donker skaduwee oor die wonder gooi en Jesus in 'n bedenklike lig plaas. Daarom besluit hulle eenparig op die beskuldiging: Beëlsebul staan Hom by! (Matt. 12:24).[192] Beëlsebul word nie met die Satan self gelykgestel nie, maar hy is 'n owerste van die demone.[193] Hy tree skynbaar as 'n potentaat van die basileia van die Satan op. Die Nuwe Testamentiese Beëlsebul-beskrywings staan in samehang met die Joodse dwaalleraarspolemiek wat heresie aan demoniese inwerking toeskryf.[194]

Die verklaring van die wonderwerk lei egter aan 'n ernstige teenstrydigheid by die Fariseërs (Matt.12:25-26).[195] Daarom gee Jesus self die opklaring. Hy doen die wonderdaad deur *die krag van die Heilige Gees* (Matt.12:28). Die dinamiese aspek van die werk van die rûah Jhwh by veral

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

die rigters, tree by die Gees se werk aan die lig.[196] Dit is nie die duiwelse mag van die onreine gees Beëlsebul nie, maar die Goddelike mag van die Heilige Gees wat Jesus tot sy eskatologiese stryd teen Satan en sy demone bekwaam maak.[197] Die Gees stel Jesus in staat om sy Messiasamp te vervul.[198] Lukas skryf Jesus se kragwerking aan die "vinger van God" toe (Luk. 11:20). Die uitdrukking "vinger van God" het 'n Ou-Testamentiese agtergrond (Eks. 8:19, Ps. 8:4).[199] Die antropomorfe segswyse "God se vinger" is in die Ou Testament afwisselend gebruik met parallelle antropomorfe uitdrukkings soos God se hand en sy arm as aanduiding van sy reddende krag (vgl. Eks. 8:19 met Eks. 3:19, 20).[200] Die Ou Testament vertel telkemale dat God Israel uit Egipte verlos het "deur 'n sterke hand en 'n uitgestrekte arm" (Deut. 4:34, 5:15, Ps. 136:12, Jer. 32:31).[201] Lukas wil dus sê dat Jesus se optrede aan die *mag van God* toegeskryf moet word.[202] Anders gesê: Hy is in *God se hand* en daarom kan Hy die bose magte, die teenryk, oorwin.[203] Wanneer 'n sinopsis van Lukas 11:20 en Matteus 12:28 onderneem word, dan blyk dit dat Lukas Jesus se optrede aan die *mag van God* toeskryf, terwyl Matteus dit aan die *krag van die Heilige Gees* toereken.[204]

Die vraag na die betekenis van die magsdade van Jesus (Matt. 12:28, Luk. 11:20) kan verskillend beantwoord word. Hasler is van mening dat die magsdade nie beteken dat die hemelse Godsryk wat Jesus as naby verkondig het, reeds gekom het nie (vgl. Matt. 10:7, Mark. 1:15, Luk. 10:9).[205] In Matt. 12:28 word die oë van Jesus se vyande slegs vir sy demoon-bedwingende mag geopen. Die basileía toû Theoû beteken in hierdie verband dat Jesus as Immanuel (Matt. 1:23) geteken word. Hy probeer tevergeefs sy heerskap vestig. By Lukas is die uitdrywing van die demone slegs genadige epifanieë om in die heilstyd van die aardse Jesus te voorsien (vgl. Luk. 10:18, 17:21).[206] Hierteenoor moet gestel word dat Jesus se optrede deur die mag van God (Luk.) of deur die krag van die Heilige Gees

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

(Matt.) nie net 'n teken van die koms van God se koninkryk is nie, maar dat die magsoptrede teen die teenryk ook die koms van God se heerskappy beteken.[207]

Uit die voorafgaande eksegetiese ontknoping kan daar aan die riglyn vasgehou word dat die Heilige Gees Jesus in staat stel om die koningsheerskappy van God te realiseer.

Voordat die eerste verhoudingslyn tussen Christus en die Heilige Gees verder ontvou word, is dit sinvol om dié verhouding wat tematies onder die Gees as Gawe aan Christus ontplooi is, oorskouend saam te vat. Daar kan dan op die volgende aspekte van die verhouding gelet word:

1. Jesus is die ewige Seun van God. Daarom kon Hy die Seun van die mens word. Die weg waarlangs die inkarnasie van die preëksistente Seun van God plaasgevind het, is die maagdelike geboorte. Binne die ruimte van die maagdelike geboorte het die Gees 'n menslike syn vir Jesus geskep sodat die Goddelike en menslike bestaan in die Persoon van Christus verenig is. Die Jesus wat gebore is, is die heilige Een. Dié besondere benaming dui op sy oorsprong en identiteit: Hy is die Seun van God.

2. Die skepping van die menslike syn van Jesus het in eensaamheid geskied. Maar sy Messiaanse amp is wêreldgerig. Daarom kan sy doop ook vanuit die perspektief van sy Messiaanse legitimasie ontsluit word. Sy doop be-teken sy Messiaanse solidariteit wat sowel representatiewe as korporatiewe implikasies het. Jesus se doop verteenwoordig ook 'n eskatologies gespanne moment. Dit is die begin van die heilswerk en -weg van die Messias. Die blywende teenwoordigheid van die Gees bring Jesus se blywende toerusting vir sy ampswerk mee. Die koms van die Gees het die Ou-Testamentiese rûah-messias-[c]aebaed-verwagting in vervulling laat tree. Binne die raam

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

van die Markus-vertelling is Jesus se doop sy bevestiging as God se Dienaar. Die na-doopse liefdesverklaring van die Vader aan sy enige en ewige Seun is óók op sy ampstaak gerig.

Calvyn het met reg op die profetiese, koninklike en priesterlike amp van Jesus se dienswerk gewys.[208] Jonker sluit by die onderskeiding aan, maar verkies tog om ter wille van "die sáákliike prioriteit van die versoeningswerk van Christus" vir die volgorde: priester-koning-profeet te kies.[209] Hierin kan Jonker nie nagevolg word nie, omdat dié ampte van Jesus reeds by sy openbare legitimasie vervleg is. Sy ganse lewe tot by sy dood aan die kruis getuig van sy heelhartige gerigtheid op die vervulling van sy drieërlei ampsroeping. Op verskillende momente tree een van die ampte sterker op die voorgrond sonder dat daar 'n saaklike prioriteit aan die lig tree.

3. Jesus het die taak om God se koningsheerskap te realiseer. Daarom lei die Gees Hom na die strydperk in die woestyn. Die woestyn verteenwoordig die plek van opstand, vervreemding en eensaamheid. Dit is die woonplek van die Satan. Maar die Messias was só solidêr met die menslike skuld dat Hy die menslike bestaan oorgeleef en óór-leef het. Met woord en daad het Hy die aanslag van die Satan oorleef. Daarom kon Hy God se koningsheerskappy in die woestyn op 'n nuwe wyse vestig.

4. Die begin-sel van die oorwinning moes ook openlik gedemonstreer en geproklameer word. Dit het in 'n erediens geskied waar die Messiaanse heilsprogram volgens die liturgie van 'n mengsitaat uit Jesaja ontvou is. Die Gees was blywend en seënend teenwoordig by die verloop van die heilsliturgie. In die

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

genadejaar van God sou mense sy heil sien en hoor. Die heil sou na die gevangenes, die gesigloses en die onderdruktes reik.

5. Die heil wat die Messias gebring het, sou nie net verkondig word of bevryding bewerk nie, maar dit sou ook stukkende liggame heelmaak. Die genesing was 'n teken dat die Priester gekom het. Daarom het Jes. 42:1-4 rondom die gebeure in vervulling (vervoering!) gegaan.

Die Dienaar is hier
God se Geliefde.

En Hy is Gees-telik toegerus vir sy taak om: die krisis, God se heilswil, aan die nasies bekend te maak. Hy het God se koningsheerskap glansend laat deurbreek. Daarom kon mense op Hom bly hoop.

6. Die realisering van God se koningsheerskap is aanskoulik gedemonstreer deur Jesus se oorwinning oor die duiwels. Hy het dit deur die mag van God en deur die krag van die Heilige Gees gedoen. Die betekenis van die magsdade was nie net 'n teken van die komende heerskappy van God nie, maar veral óók van die gekome koninkryk. In hierdie taakvolvoering was Jesus volkome onder die heerskappy van die Gees.

Die Gees was ook 'n Gawe aan Christus met die oog op die kruis- en die opstandingsgebeure. Hierop word daar in die laaste twee paragrawe van die hoofstuk gefokus.

3.5 DIE KRUISGEBEURE

Dit is opmerklik dat 'n heilshistories-Pneumaties-stauro-sentriese perspektief in die Nuwe Testament ontbreek. Die enigste uitsondering is (moontlik) Hebreërs 9:14. Daar staan geskryf: "Hiervoor het Christus immers Homself as

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

volkome offer deur *die ewige Gees* van God geoffer". 'n Aantal kommentatore oordeel dat dit nie in die teks om die Heilige Gees kan gaan nie, aangesien die uitdrukking "die ewige Gees" nie elders in die Nuwe Testament voorkom om die Heilige Gees te beskryf nie.[210] Die teks is meer toegespits op Christus se Godheid. Dogmaties uitgedruk gaan dit om Christus se Goddelike bestaan.[211] Daar is egter ook ander teoloë wat anders oordeel: dit gaan wel om die Heilige Gees deur wie Christus as Hoëpriester sy volkome offer terwille van die sonde gebring het.[212]

Die volgende moontlikhede kan vir die (skynbaar) opvallende verskynsel oorweeg word:

1. Uit die voorafgaande paragrawe kan die konklusie gemaak word dat sowel Jesus se inkarnasie, doop, sy woestyntog as sy woord- en daadwondere afgestem is op sy plaasvervangende soendood. Dit is daarom nie vreemd dat die kruisgebeure uitsluitlik op die Seun van God fokus nie. Want dáár het die Koning as Priester die wêreld se skuld plaasvervangend voor God gedra.[213]

2. Dit het al sedert die inkarnasie van die Seun van God aan die lig gekom dat die Gees 'n Gawe aan Christus is. Dié opmerking is telkens bevestig: by sy doop, in sy woestyntog, tydens die erediens in Nasaret, in die tekens wat Hy oprig in sy realisering van God se koningsheerskappy en óók in die oorwinning oor die teenryk (die Satan). Die Gees-telike toerusting is gerig op die volvoering van Jesus se ampswerk wat in die kruisgebeure kulmineer. Die Gees is dus die Gawe aan Christus met die oog op die kruisgebeure al word dit nie rondom die kruisgebeure eksplisiet vermeld nie.

3. Die kruisgebeure is die enigste sleutel tot die heil.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

> Daarom word daar op so 'n ongekende wyse gekonsentreer op die Christologiese heilsverwerwing. Die heil word egter sedert Pinkster Pneumaties in die kosmos ontsluit.[214]

Jesus se plaasvervangende lydende skuldoffer bring mee dat daar van sy *kruis*troon gepraat kan word. Maar by Johannes funksioneer die kruisgebeure ook as die begin van Jesus se verheerliking (Joh. 3:14). Daarom is die kruis nie sy laaste snik nie, maar ook sy kruis*troon*. Van hieruit skyn die lig op die opstandingsgebeure.

3.6 DIE OPSTANDINGSGEBEURE

Die evangelie van Jesus Christus kan op 'n duimnael geskryf word: ēgérthē.[215] Dié vorm van die werkwoord lê klem op die opstanding as 'n eenmalige gebeure[216] met verreikende implikasies.

Die opstanding van Jesus Christus kan op grond van die teksgetuienis as 'n *trinitariese gebeure* omskryf word. Die Vader/God het Jesus Christus opgewek (vgl. Matt. 16:21, 27:64, Mark. 16:6, Luk. 9:22, Hand. 5:30, 10:40, 13:30, 33, 34, Rom. 6:9, 10:9, 1 Kor. 6:14, 15:15). Jesus Christus het Self opgestaan (Mark. 8:31, 9:9, 31, 10:34 (par. Luk. 18:33), Luk. 24:7, 26, Joh. 20:9, Hand. 17:3). Die Heilige Gees het Hom laat opstaan.

Vir die doel van die studie gaan dit om die opstanding van Jesus Christus vanuit Pneumatiese perspektief. Daarom lê Rom 1:4 oop en bloot om ondersoek te word. Die vers is ingebed in die briefaanhef van die Romeine-brief wat uit die superscriptio, adscriptio en salutatio bestaan.[217] Daar bestaan wyduiteenlopende verklarings van die vers.[218] Oor een saak bestaan daar egter 'n mate van ooreenstemming. En dit is dat Rom. 1:4 deel van 'n belydenis met 'n voor-Pauliniese oorsprong vorm.[219]

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

Die belydenis (3a-4) het (moontlik) 'n liturgiese herkoms[220] met 'n Christologiese toespitsing.[221] Die teksgedeelte (3a-4) is in die vorm van 'n parallelismus memborum gestileer[222] wat in drie segmente die verhouding tussen 3a en 4 verduidelik:[223]

tou gegoménou / ek spérmatos Davìd / katà sárka toû horisthéntos / huioû Theoû / katà pneûma hagiōsúnēs

Versteeg is van mening dat 3a-4 twee oorspronklike selfstandige belydenisformules bevat.[224] Die belydenisse handel oor Jesus as die Christus.[225] Volgens hom het die twee belydenisformules oorspronklik soos volg daaruitgesien:

> gegómenos ek spérmatos Davìd
> horistheìs huiòs Theoû ex anastáseōs nekrôn.[226]

Die twee oorspronklik selfstandige belydenisformules is nie slegs saamgevoeg nie, maar ook *nader afgegrens deur die toevoeging van katà sárka en katà pneûma hagiōsúnēs.* Die toevoeging van hierdie uitdrukkinge dui daarop dat die inhoud van die twee belydenisformules nie meer gelykluidend beskou is nie.[227] Dit is merkwaardig dat hoewel Versteeg katà sárka en katà pneûma hagiōsúnēs as toevoegings tot die oorspronklike formule beskou, hy nie skroom om met die moontlikheid te reken "dat Paulus gebonden was aan een vóór-paulinische formule" waarin die uitdrukking pneûma hagiōsúnēs voorgekom het nie.[228] Hy stel die moontlikheid selfs sterker: "Opnieuw kan gezegd worden, dat het niet behoeft te verwonderen, dat in een vóór-paulinische formule de uitdrukking pneûma hagiōsúnēs voorkomt, die niet bij Paulus, maar wel 'im jüdischen Milieu belegt' is."[229] Bultmann is van mening dat katà sárka en katà pneûma hagiōsúnēs Pauliniese toevoegings is.[230] Daar kan met die volgende volstaan word: dit staan vas dat pneûma hagiōsúnēs nie in die Pauliniese woordeskat voorkom nie,[231] en dat dit daarom 'n skat uit 'n ou belydenis is.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

Dat Jesus die seun van Dawid was - die Een wat op aarde geleef en gewerk het - word met die sârx in verband gebring en ontvang op dié wyse 'n nadere toeligting. Maar sedert sy opstanding is Hy, die Messias uit die stam van Dawid, as die Seun van God in koninklike waardigheid (aan-)gestel. Die (heilshistories) nuwe status word deur die pneûma hagiōsúnēs verduidelik.[232] Vir die doel van die studie is die tweede segment van die belydenis wat 'n Pneumatiese perspektief ontvou, van betekenis.

Pneûma hagiōsúnēs is 'n hapax legomenon.[233] Hagiōsúnēs kom deurgaans in paranetiese kontekste voor waar dit oor menslike heiligheid en reinheid handel.[234] Die uitdrukking pneûma hagiōsúnēs kom in Test. Levi 18:11[235] sowel as in 'n Joodse amulet voor.[236] In Test. Levi 18:11 word daar met betrekking tot die uitverkorenes van die eindtyd gesê: kaì pneûma hagiōsúnēs éstai ep' autoîs.[237] Volgens Versteeg is die uitdrukking pneûma hagiōsúnēs 'n weergawe van die Hebreeuse rûah haqadosch (vgl. Jes. 63: 10-11, Ps. 51:13).[238] Die LXX vertaal rûah qodschô (Jes. 63:10-11) en rûah qodsch^{e}kā (Ps. 51:13) met pneuma hágion.[239] Dié vertaling skep egter nie onoorkomelike probleme nie, aangesien hagiōsúnē in die LXX deur die volgende Hebreeuse woordveld gedek word: qadosch, hōd en ōz.[240] Daar kan dus besluit word dat pneuma hagiōsúnēs saaklik gelyk is aan pneuma hágion.[241] Binne die konteks val die lig daarom in Rom 1:4 op die *Heilige Gees*.[242]

In die lig van bostaande verklaring sal standpunt ingeneem moet word teen pogings om die betekenis *Heilige Gees* af te swak.[243] Want Jesus is *deur die Heilige Gees* as Seun van God aangewys.[244] Wanneer het die aanwysing deur die Heilige Gees plaasgevind? *Sedert* Jesus se opstanding uit die dood.[245] Die klem val op die aanwysing deur die Heilige Gees. Daarom is die opstanding van Christus nie die grond van sy verhoging nie, maar die manifestasie daarvan.[246]

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

Die opstanding is die beslissende wentelpunt in Jesus Christus se heilshistoriese loopbaan - daardeur het Hy die weg na die hemel gebaan. Nygren is van oordeel dat sy opstanding uit die dood, 'n nuwe aeon inlui, naamlik die opstanding van die dooies.[247] Dit gaan volgens hom om die alomvattende voorspel tot die einde van die tye wanneer al die dooies speel-speel sal opstaan.[248] Hoewel die verklaring ook in die Nuwe Testament meespeel (1 Kor. 15:20),[249] is dit nie die blikrigting van die Romeine-teks nie. In dié teks gaan dit om die konkrete heilsgebeure van die Seun se opstanding.[250] Sedert sy opstanding is Jesus as die Seun van God aangestel.[251] God het Hom plegtig in die posisie aangestel wat Hom toekom: *Seun van God*.[252]

Jesus Christus is deur die Heilige Gees as Seun van God aangewys. Die vraag is egter of *en dunámei* die werkwoord (horizein) of die Seun nader toelig. In Rom. 1:3a gebruik Paulus die uitdrukking uios autoû as aanduiding van die unieke synsrelasie van die Seun tot die Vader.[253] Binne die kerugmatiese raam is dit nie vreemd dat Paulus aan die segging uios Theoû (4a) die uitdrukking en dunámei toevoeg nie.[254] Jesus is dus deur die Heilige Gees sedert sy opstanding aangewys as die Seun-van-God-in-krag.[255] Dié toevoeging gee 'n toegespitsheid aan die Pauliniese Christologie wat die klem op die aard van die werk van die Heilige Gees laat val. Versteeg stel die saak soos volg: Die werk van die Heilige Gees was in die opstanding van Jesus in die voor-Pauliniese formule betrokke op Jesus se Messiaanse waardigheid. Maar in die formule wat Paulus interpreteer, is die werk van die Gees in Jesus se opstanding betrokke op die openbaring van Jesus as die Seun van God in krag.[256] Die Seunskap kom dus in die volheid van die Goddelike krag en majesteit aan die lig.[257]

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

Daar kan met Versteeg saamgestem word as hy reken dat Paulus waarskynlik nog 'n nuwe element in sy belydenis-interpretasie byvoeg. Dié faset is 'n eskatologiese ryping.[258] Vanuit hierdie perspektief, kan daar oor die nuwe aeon gesing word! Want Jesus Christus is deur die Heilige Gees sedert sy opstanding aangewys tot die volbrenging van sy heilswerk as die Seun van God.[259] Die heilsvoltooiing het naas Christologiese, ook Pneumatiese konsekwensies. Maar oor dié hoofsaak gaan dit in die volgende hoofstuk. Daar is egter nog 'n paar Pneumatiese aspekte met betrekking tot Christus se opstanding wat blootgelê moet word.

1 Tim. 3:16b maak aanspraak om 'n bydrae tot die Pneumatiese faset van Christus se opstanding te lewer. Die aanspraak moet noukeurig ondersoek word. Versteeg vestig die aandag daarop dat oikos (3:15) nie in die betekenis van "huisgesin" verstaan moet word nie, maar in die sin van "huis".[260] Die onderbou van die gedagte is die tempel as woonplek van God onder die mense.[261] Wat onder die Ou-Testamentiese bedeling die tempel was, is nou in die Nuwe Testamentiese bedeling die gemeente.[262] In samehang met die tempelbouwerk word die kerk voorgestel as 'n suil[263] en 'n fondament.[264] Hieruit kan afgelei word dat die dra en die vestiging van die waarheid tot die wese van die kerk behoort.[265]

Wat is aan die gemeente toevertrou? Tò tês eusebeías mustérion. Saaklik reik dié woorde na alètheía in vers 15 terug.[266] In 1 Tim. 3:16 word die inhoud van die waarheid wat die gemeente moet dra en beskerm ontvou.[267] Onder mustérion (vgl. Rom. 11:25, 16:25, 1 Kor. 4:1) word dit wat by God verhul was en in die koms en werk van Jesus Christus onthul is, verstaan.[268] Die woord eusebeía dui op die geloofsinhoud, die ware religie.[269]

Die inhoud van die onthulde geheimenis word in 1 Tim. 3:16b aangekondig. Daar kan met 'n sitaat in 1 Tim. 3:16b gereken word.[270] Die sitaat kom uit die liturgie van die ou kerk waarin die geloof in Jesus Christus uitgesing

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

is.[271] Die liturgiese sitaat is kunstig opgebou.[272] Dit bestaan uit 'n sesreëlige lied[273] met weloorwoë parallelismes in elk van die drie strofes.[274] Die herhaling van die werkwoord aan die begin van elke reël en in dieselfde grammatikale vorm, skep 'n versritme wat as *parison* en *homoioptoton* bekend staan.[275] In die eerste koeplet het die werkwoorde dieselfde sillabiese lengte en dit lei tot *isocolon*.[276] Die frases wat die reël van die koeplet sluit,

en sarkí
en pneúmati,

het dieselfde klank aan die verseinde en hierdié verskynsel staan bekend as *homoioteleuton*.[277]

Met reg wys Ridderbos daarop dat dit nie om 'n *chronologiese Christologie* in die himne gaan nie.[278] Ridderbos kan nagevolg word as hy verklaar dat daar agtereenvolgens in die drie antiteties-opgeboude strofes[279] gesing word oor die heils*gebeure* wat in Christus voltrek is; daarna oor die heils*proklamasie* in die hemelse en aardse geweste en eindelik oor die heils*triomf* wat in die hemel en op aarde gevier word.[280]

Die eerste strofe van die lied is vir ons doel gewigtig. Dit fokus op die heils*gebeure* wat Christologies en Pneumaties voltrek is. Die eerste reël handel oor Christus. Dit gaan om "een uittreden uit een voorheen voor het oog der mensen verborgen bestaan en het zichtbaar intreden in het menselijk leven".[281] 'n Ontiese werklikheid word noëties onthul. Die reël gaan om die openbaring van Christus as mens in die menslike werklikheid. Die werkwoord ephanerōthē dui nie slegs op die ingaan in die aardse lewe nie,[282] maar dit het óók betrekking op die hele aardse lewe van Christus.[283] Die sarx waarvan hier sprake is dui op die swakheid en broosheid van Christus se menslike bestaan.[284] Sy aardse bestaan was waarneembaar en het in 'n historiese bedding gestroom.[285]

Maar naas die eerste reël staan die tweede reël antiteties: *geregverdig deur die Gees*. In navolging van Versteeg kan gesê word dat dit nie hier gaan om die regverdigverklaring van die sondaar voor God nie. Hy verwys na Rom 3:4 waar die sitaat uit Ps. 50:6 (LXX) voorkom. Die gedagte agter hierdie woorde is naamlik dat daar 'n regsgeding tussen God en die wêreld afspeel. Meestal is die wêreld (respektiewelik: die sondaar) die aangeklaagde in die proses, maar dit kan ook omgekeerd wees, sodat God as aangeklaagde in die proses verskyn.[286] Die digter wil God in Ps. 51:6 (Ps 50:6 LXX) deur sy skuldbelydenis regverdig. Hy wil laat blyk "dass Gott recht behält in seinen Urteilssprüchen".[287] Dit gaan in die oorwinning van God in die regsgeding nie slegs om sy oormag in die gerig nie, maar ook om sy Goddelike reg wat effektief in sy oordele gemanifesteer word.[288] God se oorwinning oor sy vyande is dan ook 'n manifestasie van sy reg oor en op die ganse kosmos.[289] Dit is teen hierdie agtergrond dat 1 Tim. 3:16b gelees moet word.[290] Geregverdig wil dan sê: Christus word gerehabiliteer, in die gelyk gestel, verhoog,[291] in sy ware betekenis geopenbaar.[292] As die grondgedagte van "geregverdig", beskuldiging impliseer, dan is die aard van Christus se beskuldiging duidelik.[293] Die wyse van sy openbaring het die vanselfsprekende moontlikheid opgeroep dat Hy daarvan beskuldig kon word dat Hy nie die Messias kón wees nie.[294] Geregverdig wil dus in die konteks sê: Christus is in die *pretensie* dat Hy die Messias is, gelykgestel.[295] En die *evidensie* van die Messias-pretensie was sy opstanding.[296]

Die regverdiging het *deur* die Gees plaasgevind. Die Gees word hier in sy dinamiese kragwerking voorgestel.[297] Dit is nie vreemd dat die Gees in Christus se opstanding werksaam is nie, want Hy is immers die Outeur van die nuwe lewe.[298] Daarom neem Hy die saak van die beskuldiging teen Christus op om Hom deur sy opstanding in die gelyk te stel.[299] Sy werk is gerig op die waardigheid van die

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

Messias. Daarom legitimeer Hy Christus in sy opstanding as God se Messias.[300]

Wie onder beheer van die Gees leef, is egter nie vry van dit wat in die ou wêreld gebeur nie. As die ou wêreld skud, voel die nuwe mense sy wankeling. Die trillinge wat alle mense te lyf gaan, is die *lyding* (Rom. 8:18).[474] Dit is die tweede teken van die voorlopige hede. Alle mense is deel van die lydensgemeenskap. 'n Mens sien nie net lyding nie, maar proe dit self ook in een of ander vorm. Daarom behoort lydensgetroffenheid op 'n lydensbetrokkenheid uit te loop. Onder lyding word in Rom. 8:18 alle vorme van lydensgestaltes oorweeg.[475] Die lydensweë word gekwalifiseer as lyding wat die gelowige "nou moet verduur" (8:18). Paulus se teenstelling tussen die teenwoordige tyd met sy boosheid en lyding én die heerlikheid "in die toekoms", reflekteer die Joodse en Christelike siening van die twee aeone.[476]

Die lewe wat die Gees gee (Rom. 8:6), onthef God se nuutgebore mens ook nie van die *dood* nie. Dit is die derde teken van die voorlopige hede. Daar is kommentatore wat onder "die liggaam" die "ou mens", "die vlees", die mens onder die heerskappy van die sonde verstaan.[477] Die konteks van die teks bied egter 'n ander verklaring. "Julle liggaamlike bestaan is aan die dood oorgegee op grond van die sonde". Die sōma kan nie in die betekenis van sarx verstaan word nie. Dit word deur Rom. 8:11 (sterflike liggame) weerspreek.[478] Wanneer van die liggaam gesê word dat dit vir die dood bestem is as gevolg van die sonde, word daar waarskynlik op die verband tussen die sonde en die dood in Rom. 5:12 e.v. gesinspeel.[479] Alle mense - ook dié wat in Christus is - word nog steeds aan die dood oorgegee.[480] Die dood ontwrig en ontwortel nog alle mense se lewens. Dit bly steeds 'n verskriklike onding wat mense uit lewende verhoudings losskeur. Daarom staan dit vas as 'n teken van die voorlopige hede.

Die stryd tussen die sarx en die Pneuma, die skommelinge van die lyding en die werklikheid van die dood, is sigbare tekens van 'n voorlopige hede.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

Maar teenoor hierdie dodelike *sleur*, staan die inwoning van die Gees as 'n hoopvolle Teken in die hede met die oog op die toekoms. Dit is die saak waarom dit in die volgende paragraaf handel.

4.3.3 Die inwoning van die Gees as 'n Teken met die oog op die toekoms

Wanneer hier van die inwoning van die Gees sprake is, word dit nie in Van Ruleriaanse sin as intermezzo bedoel nie, maar wel in Pauliniese sin. Die inwoning van die Gees was blykbaar 'n gangbare gedagte in die gemeente (vgl. 1 Kor. 3:16, 6:19, 2 Kor. 6:16).[481] Die apostel beroep hom op die Ou-Testamentiese uitsprake oor die Goddelike inwoning by sy volk (vgl. Lev. 26:11 e.v., Eseg. 37:27).[482] "De gedachte is die van een blijvende aanwezigheid, vgl. Joh. 14:17, 23. Dit is dus in de eerste plaats te verstaan van de gemeente als zodanig, als het volk van God. Zij is zijn huis, de tempel waarin Hij woont. Maar dan voorts van ieder lid van de gemeente, vs. 9b, vgl. 1 Kor. 6:19".[483] Die inwoning van die Gees beteken 'n "radikale Besitznahme" waardeur sy heerskapsposisie onderstreep word.[484] Sy inwoning bring nie mee dat Hy die mens uitskakel nie, maar dat Hy hom juis inskakel. Daarom deel Hy gawes en kragte aan die gemeente en elkeen afsonderlik uit.[485] Dit is juis sý inwoning wat die mens in staat stel om nie na die sarx te wandel nie, maar om deur Hom 'n einde te maak aan die sondige praktyke (Rom. 8:13).[486]

Daar is nog een belangrike saak rondom die inwoning van die Gees wat helder voor oë gehou moet word. En dit is dat sy inwoning nie die bly-wende distansie tussen Hom en die gelowige ophef nie.[487] Die Gees bly God en die mens is nie God-in-wording nie, maar Hy bly volledig mens.

Die inwoning van die Gees is 'n voor-spel tot die toekoms.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

Daarom beteken sy inwoning nou reeds *lewe en vrede* (Rom. 8:6) aan die gelowiges met die oog op die eskatologiese voltooiing.[488] Dié gawes is gegrond in die kruis- en opstandingsgebeure rondom Jesus Christus (vgl. Rom. 8:2).[489] Die opstanding van Jesus Christus het die heerskappy van die sonde en die dood tot 'n einde gebring.[490] Daarom kan die mens in wie die Gees woon, met verwagting na die eskatologiese voltooiing van die lewe uitsien. Die vredesgeskenk verander die lewe van die gelowiges ingrypend.[491] Want die vrede moet verstaan (beleef!) word as "Heilsein in allen Bezügen des ganzen Menschen im Innen und Aussen seines Daseins - mit Gott, mit den Menschen und im Umgang mit der Schöpfung und mit sich selbst".[492] Die vredesgestaltes is egter net 'n voor-spel tot die ongehinderde voltooide vrede van die eskatologies - voltooide toekoms.

Die inwoning van die Gees gee nie slegs lewe en vrede aan God se nuwe mense nie, maar laat hulle ook *sug* (Rom. 8:23.)[493] Die sugte van die gelowiges staan in die Pauliniese gedagtegang in 'n klimaks ingevoeg.[494] Die sugte is opsigself 'n teken van nood, "van nog niet verkregen hebben van het heil, dat door de Geest wordt vertegenwoordigd.[495] Die sugte klink op as gevolg van die verganklikheid waaraan die gelowige blootstaan. In die bedeling van verganklikheid het die onheilsmagte (nl. die lyding, sonde en dood) 'n magtige greep op die gelowiges (Rom. 8:23).[496] Die gelowige staan nog in 'n sekere sin in die skemering van die ou- en die nuwe wêreld. Die sugte is egter sugte met uitsig. Want die sugte van die gelowige is heerliker as dié van die skepping.[497] Die sugte van die gelowige reik na 'n voltooide eskatologiese verwagting.[498] Dié verwagting is gegrond in die Gees as Aparchē.[499] Hý skep die verwagting en verlange na dié dag wanneer God al sy toegemete gawes aan sy kinders sal uitdeel. Daarom is sy inwoning 'n hoopvolle teken.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

Die sugte met uitsig bring ook nuwe insigte in die lydensgestaltes. Die lydensvorme weeg nie op teen die komende aeon nie (Rom. 8:18).[500] Die uitdrukking dat die lyding nie opweeg teen die heerlikheid van die toekoms nie, beoog nie om die werklikheid van die lyding te minimaliseer nie, maar om op die werklikheid van die voltooide heil te fokus.[501]

Die skepping en die gelowige sug egter nie in die lug nie, maar tot God. Dit gaan nie om wanhoopsugte nie, maar om sugte na die eskatologiese voltooiing (Rom. 8:23).[502] Want in die sugte van die skepping en die skepsel word die sekerheid van die komende verlossing verklank.[503] Die sugte van die skepsel word in gebedsvorm uitgedruk. Dit soek 'n uitsig op Hom op Wie die gelowige leer hoop het (vgl. Rom. 8:24).[504]

Die ontstellende is egter dat die gelowige se gebedslewe onder *armoede* gebuk gaan (Rom. 8:26).[505] Die armoede bestaan daarin dat "de gelovige niet weet wat te bidden zoals het hoort volgens Gods voornemen".[506] Die hoop van die skepsel is gerig op dit wat die mens nie kan sien nie en wat God alleen werk en gee (Rom. 8:25). Die gevolg is dat die bidder die inhoud van sy gebed nie voldoende onder woorde kan bring nie.[507] Hy is nie in staat om die diepte van sy eie nood te peil nie en daarom ook nie die heerlikheid waarvoor hy bid nie.[508]

Die armoede van die skepsel bestaan verder vanweë sy *swakheid* (Rom. 8:26). Versteeg se kommentaar op die swakheid kan instemmend bevestig word. Swakheid is in hierdie verband nie te verstaan vanuit die onderskeid tussen die swakke en die sterke in die geloof nie (vgl. Rom. 14:1, 15:1, 1 Kor 8:9-12, 1 Kor. 11:29 e.v.). Dit gaan in Rom. 8 om alle gelowiges. Die swakheid moet ook nie positief waardeer word as die swakheid waarin die gelykvormigheid met Christus beleef word nie (vgl. 2 Kor.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

12:10, 2 Kor. 13:4). Dit handel ook nie om 'n insidentele swakheid by die gelowige nie. Om dit in 'n sleutelsin saam te vat: "Met het woord 'zwakheid' bedoelt Paulus de *bestaanssituatie* van de gelovige aan te geven".[509] Die bestaanssituasie waarom dit gaan, is dié van sonde en skuld.[510] Die bestaanssituasie word verder gekenmerk deur die gelowige se deelname aan die lyding van die teenswoordige wêreld (Rom. 8:18), terwyl hy sug in die verwagting van die onthulling van sy kindskap en die bevryding van die verganklikheid (Rom. 8:23).[511]

Hierdie armoede word weggeneem as die gestalte van hierdie bedeling onder die mag van die sonde en lyding verbygaan. Die Heilige Gees ywer vir dié dag. Daarom laat Hy die gelowige nie aan homself oor nie, maar kom Hy hom in sy armoedige bestaanssituasie daad-werk-lik te hulp (Rom. 8:26). Hy kom rig 'n teken van hoop op. Anders gesê: Hy is Self die Teken van hoop. Want Hy staan die gelowige in sy swakheid by (Rom. 8:26). Die bystand dui op die helpende en plaasvervangende ondersteuning van die Gees.[512] "Het is in deze beweging van beneden naar boven, van het heden naar de toekomst, waarin de Geest *'mede aangrijpt'*"[513] Die aangryping van die Gees beteken nie dat Hy die swakheid van die gelowige wegneem nie, maar Hy partisipeer in die swakheid[514] in antisipasie op die voltooide heerlikheid van die toekoms.

Die Gees se by-stand is 'n *pleit* (Rom. 8:26).[515] 'n Pleit-sug. Die Gees se sug is nie 'n Self-sug nie, maar 'n saam-sug, 'n pleitende plaasvervangende sug. Die sugte van die Gees is onuitspreeklik.[516] Dit kan nie deur mense nagesê word nie,[517] omdat die sugtinge van 'n Goddelike aard en orde is.[518] Die Gees het van God se kant in ons nood ingedaal en daarom weet Hy aan Wie om dit voor te lê. En God weet wat die Gees bedoel (Rom. 8:27) omdat Hy in die Gees se werk die voltooiing van sy eie voorneme onderken.[519] Die Gees sug na die volkome

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

bevryding van die skepsel en die skepping. Anders gesê: "Zo brengt de Geest Zelf in en voor de gelovigen het voleindend werk van God naderbij".[520] Want die Gees is Self die Teken van die volkome bevrydingsdag!

Die gawes van lewe en vrede, die sugte van die skepsels asook die saam-sugte van die Gees, vorm 'n prelude op die simfonie van die voltooiingsdag. Die klemmende vraag is egter hoe die skepsel in die heerlike voltooide toekoms sal aanland. Want hy móét nog êrens in 'n graf beland. Dié probleem sal Pneumaties oorbrug word. Die Gees sal 'n brug tussen hierdie voorlopige hede en die toekomstige lewe van heerlikheid slaan.

Dié Pneumatiese daad staan egter binne 'n trinitariese perspektief. Want *God* het *Christus* uit die dood opgewek (Rom. 8:11). En die *Heilige Gees* het by sy opstanding leweskeppend bygestaan (Rom. 1:4, 8:11).[521] Die Gees slaan ook die brug vir die skepsel na Christus se opstanding. Hy trek die skepsel in die opstandingsgebeure in. Anders gesê: Hy effektueer die nuwe lewe wat deur die opstandingsgebeure van Christus losgelaat is (Rom. 8:10).[522] Hy deel die eskatologiese lewe aan die skepsel mee op grond van die vryspraak wat Christus bewerk het.[523] Die omvang van die eskatologiese lewe word konkreet verduidelik: die inwonende Gees sal die skepsel se sterflike liggaam lewendmaak (Rom. 8:11). En die lewendmaking sal in die opstanding plaasvind.[524] Hierdie leweskeppende daad van die Gees in die opstandingstoekoms, dui daarop dat Hy "vóór alles de Auteur Zelf van de opstanding" is.[525] Dit is die heerlike toekoms waarheen elke skepsel in wie die Gees woon, op pad is.

God het Christus uit die dood opgewek. Die Gees is die Gees van Christus deur Wie God die skepsel sal lewendmaak. 'n Slotakkoord: God drie-enig staan by om die werk van sy hande te voltooi.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

Die Gees is die Teken van die skepsel se toekoms, maar óók van dié van die skepping. Hieraan word daar nou aandag gegee.

4.4 DIE HEILIGE GEES AS TEKEN VAN DIE SKEPPING SE TOEKOMS

In die twintigste eeu van die mikroskoop en die makroskoop is die teologiese skopus in die Pneumatologie óók skerpsiende op die kosmiese aspek van die Gees se werk gerig.

In paragraaf 4.3 is die kosmiese werk van die Gees ten opsigte van die skepsel onder 'n teologiese vergrootglas bekyk. Die probleemstelling wat hier aan die orde kom, is of die kosmiese werk van die Gees 'n wyer reikwydte as net die skepsel het.

Dit het reeds in die Ou Testament aan die lig gekom dat die rûah se herskeppende werk nie net tot die skepsel (volk) beperk kan word nie, maar dat die rûah óók die skepping tot by die eindes van die aarde grondig gaan herskep.[526] Hierdie selfde verrassende verbande word in Romeine 8 onthul. Die Gees se herskeppende werk verander nie net die skepsel hartgrondig nie, maar die skepping word óók grondig verander. Die antwoord op die vraag wat onder skepping verstaan moet word, is afhanklik van die betekenis van die term ktisis in Rom. 8:19-23.[527] In die lig van die konteks en skopus waarin ktisis funksioneer, kan daar slegs op die *stomme werklikheid* besluit word. Die kinders van God word in die tekssamehang duidelik teenoor die (stomme) skepping afgegrens.[528] Daar kan gevolglik besluit word dat die Pneumatiese herskeppingswerk die skepsel sowel as die stomme skepping insluit.

Paulus stel die stomme skepping deur middel van poëtiese personifikasie aan die woord.[529] Die skepping se

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

gespanne verwagting van openlike onthulling van wie God se kinders is (Rom. 8:19),word in Rom. 8:20 negatief en in Rom. 8:21 positief ontvou.[530] Die val (Rom. 8:21) en die bevryding het nie net antropologiese betekenis nie, maar óók 'n kosmiese dimensie.[531] Die status van die skepping is dat dit aan die verydeling onderworpe is.[532] Dié onderwerping het in die vroeë ligure van die bestaan van die skepsel en die skepping plaasgevind. Die toespeling op Gen. 3:17 is onmiskenbaar.[533] Hieruit volg dat die skepsel die skepping in sy sondeval saamgesleep het. Daarom ly die skepping óók bitter onder die sondeval van die skepsel.[534] Dit bring mee dat die oordeel van God[535] oor die skepsel óók die skepping getref het met die gevolg dat dit aan verydeling onderwerp is.[536]

Die skepping bly egter God s'n. Al het God die skepping vanweë die skepsel se sonde aan die verydeling prysgegee, het die skepping sy hoop nie prysgegee nie. Die skepping is wel aan die verydeling onderworpe, maar *in hoop*. God het die belofte van hoop gegee (Rom. 8:20).[537] En dié hoop is gerig op die bevryding van die slawerny aan die verganklikheid (Rom. 8:21).[538] God is Self die Subjek van die bevryding.[539] Daarom is die hoop om Hóm gerig. Dit is om dié rede ook nie vreemd dat die hoop van die skepping positief deur 'n gespanne verwagting gedra word nie (Rom. 8:19).[540] Die vervulling van die hoop sal in die deelname van die skepping aan die heerlikheid van die skepsel bestaan (Rom. 8:21).[541] Onder die heerlikheid word die heerlikheid waarin die opgestane Christus as God se Seun opgeneem is en waarin die kinders van God sal deel, verstaan.[542] Die heerlikheid waaraan die skepping sal deelhê, skitter in die doksologiese konteks van die verwagting van die voltooide eskatologie.[543]

Die hoop van die skepping word nie net deur 'n gespanne verwagting gedra nie, maar ook deur *sugte*. Die skepping sug "tot nou" onder die gewig (las!) van die verydeling en

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

verganklikheid (Rom. 8:21-22).[544] Die voltooiingsvooruitsig bring egter mee dat die hele skepping "in die pyne van verwagting" sug (Rom. 8:22). Die beeld van 'n vrou wat geboorte gee, sê daar is pyn, maar ook (veral) hoop in die pyn: die hoop op die geboorte van 'n nuwe wêreld.[545] Met die pynlike hoop (o, pynlike paradoks van die hoop!) leef die skepping dag en nag.

Die sugte van die skepping is ook hoor-baar. Die gelowiges is daarvan bewus (Rom. 8:22). Dié wete is gegrond op die teenwoordigheid van die Gees as Aparchē (Rom. 8:23). Die sugte van die skepsel en die skepping staan egter nie teenoor of los van mekaar nie. Want die Gees ver-oor-saak die sugte in die skepsel en skepping. Daarop open Hy die oor van die skepsel om met gespanne verwagting na die sugte van die skepping te luister: As die blare hulle in die herfs nerfaf val. As die branders hulle soos 'n glaslokomotief teen die rotse te pletter loop.

As die wind teen 'n klaagmuur huil - omdat en totdat die nuwe hemel en aarde gebore sal word (vgl. Matt. 19:28). Die Gees doen nog meer: Hy neem die skepsel en skepping se sugte in sý sugte op en beweeg sugtend na die voltooiingsdag. Daarom het die sugte van die skepsel en die skepping 'n doksologiese klank!

Wanneer die Gees 'n Teken van die skepsel en die skepping se toekoms genoem word, is daar nog een aspek wat ontleed moet word.

4.5 DIE HEILIGE GEES AS KOSMIES-ESKATOLOGIESE GAWE MET DIE OOG OP JESUS CHRISTUS SE TOEKOMS

Die Heilge Gees se werk in die voorlopige hede staan in die teken van die groot voltooiingsdag. Hy is trouens Self die Teken van dié dag.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

In die lig daarvan dat die verhouding tussen Christus en die Heilige Gees as 'n heilshistories-eskatologiese eenheid beskryf kan word, is dit vanselfsprekend dat die eskatologiese werk van die Gees op die toekoms van Christus gerig is. Aangesien Hy as kosmies-eskatologiese Gawe in die voorlopige hede teenwoordig is, is Hy met die kosmos na Christus se toekoms onderweg.

As eskatologiese Gawe skep die Gees ruimte vir die eskatologiese voorbehoud, maar Hy rig die skepsel en die skepping ook met gespanne verwagting op die dag van die eskatologiese voltooiing. Die oordeelswerk van die Parakleet het 'n besliste eskatologiese moment - die oordeel van God hét begin en sal in die toekoms voltooi word.[546)]

Die toekoms het alles met Christus se toekoms te maak. Die Gees is die Voorskot[547)] wat 'n agterskot op die agterskotdag sal uitkeer. Op dié dag sal die onthulling van die oordeel plaasvind. En niemand sal die dag vryspring nie. Almal sal voor Christus se regterstoel verskyn.[548)] Alle mense sal uit hulle verhuldheid na vore geroep word om met God se lig deurstraal te word.[549)] Daar sal geen skyn meer wees nie, maar alles sal in God se lig skitter. En Christus sal die Regter wees. Daarom sal dit 'n regverdige verhoor wees. Vir die gelowige geld dat die Regter óók sy Redder is. En die Heilige Gees as Voorskot gee nóú reeds 'n voor-smaak van die vryspraak wat op die agterskotdag onthul sal word.[550)]

Die Gees as Aparchē be-Teken ook 'n eskatologiese vervulling. Hy is met God se kinders na die ryping van die oesdag oppad. Dit is die dag waarop die gelowiges se kindskap wat nóú nog beproef en bespot word, openlik voor almal onthul en feestelik gevier sal word.[551)] Hierdie onthulling van die kindskap is Christologies begrond en word Pneumaties geëffektueer. Om kind van God te wees,

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

beteken om in hierdie voorlopige hede deel te hê aan 'n erf-porsie lyding.[552] Käsemann kan toegestem word as hy beweer: "Anteil an kommender Herrlichkeit gibt es für die gesamte paulinische Theologie nicht am Kreuz vorbei".[553] Christus was alleen *aan* die kruis, terwyl die skadu van die kruis *op* al sy volgelinge val.[554] Die kinders van God se erfporsie is egter nie net 'n saam-lyy met Christus nie, maar ook 'n saam-verheerlik word met Hom (Rom. 8:17).[555] Die Gees bevestig die gelowige se kindskap (Rom. 8:16) en lei hom na Christus se toekoms.

Aangesien die Heilige Gees se koms op Pinksterdag ook 'n kosmiese effek het, bestaan daar 'n verband tussen die kosmos, en Jesus se toekoms. Sy koms bring mee dat die skepping 'n be-teken-is kry met die oog op die toekoms van Jesus Christus. Handelinge 2:16-21 vertel hoe Joël 2:28-32 'n Pneumatiese vervullingsmoment beleef.[556] In Handelinge 2:19 e.v. handel dit oor die kosmiese tekens wat die koms van die Here vooraf sal gaan.[557] Die volgende woorde is in vergelyking met die Hebreeuse- en LXX teks bygevoeg: tekens, bo en onder.[558] Die chiastiese ordening van die tekens wys op die kosmiese heenwysing na die toekoms van Christus.[559] Die oordeel sal hom op die kosmos uitbrand. Oorlog sal die skepping (aarde) laat sidder (vgl. Matt. 24:6 e.v.). Bloedvergieting sal aan die orde van die dag wees en brandstigting sal opvlam.[560] In Handelinge 2:20 handel dit oor die tekens aan die hemel of bo in die lug wat van groot be-teken-is vir die aarde sal wees. As die son nie meer skyn nie, verdwyn alle aardse bestaansmoontlikhede. En as die maan bloed word, is dit 'n teken van rampe en oorloë wat op die menslike ondergang gerig is.[561] Maar uit die chaos gaan God die kosmos herskep.[562] Soos Christus die oordeel van die wêreld aan die kruis gedra het, sal die Gees die kosmos dwarsdeur die oordeel heen dra tot by die glorieryke dag van die Here vir elkeen wat Syne is (Hand. 2:20-21).[563]

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

Die skepping wys nie slegs heen na Christus se toekoms nie, maar is self daarheen op pad. Anders gesê: die Gees neem nou reeds die skepping al sugtende, in die pyne van verwagting (Rom. 8:22), saam in sy segetog na dié dag wanneer die skepsel én die skepping deel sal hê aan die heerlikheid van die opgestane Christus.

Terwyl die Gees met die skepping en die skepsel onderweg is na Jesus Christus se toekoms, is Hy óók nog besig met kosmiese heilspreiding. In antwoord op Jesus se herhaalde versekering: "Kyk, Ek kom gou!" (Op. 22:12, vgl. 22:7), roep die Gees en die bruid: "Kom!" (Op. 22:17).[564] Die uitnodiging om aan die heilsfees deel te kry, móét tot teen die kosmiese wande weerklink.[565] Almal wat uit die heil wat die Gees in die eksistensie indra, leef, vestig die oog op Jesus se toekomsbelofte: "Ja, Ek kom gou!" (Op. 22:20) en bevestig dit met 'n "Amen!"[566] en met 'n wek-roep: "Kom, Here Jesus!" (Op. 22:20).

Die Heilige Gees is nie net 'n Teken *na* die toekoms van Jesus Christus nie, maar Hy is ook 'n Teken *van* sy toekoms. Daarom leer die Gees as Leer-Meester die bevryde skepsel om nou al vingeroefeninge te doen[567] met die oog op die voltooide simfonie as die Here Jesus kom.

Die toekoms waarheen die Gees met die skepsel en die skepping onderweg is, sal nie net goed wees nie, maar manjifiek.[568] Daarom leer die Gees die kinders van God om wagtend met verwagting te bid:

"Kom, Here Jesus!"

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

VOETNOTE - HOOFSTUK 4

1. Die dood en opstanding van Jesus - in een woord verhoging - bring die beslissende sesuur in die geskiedenisritme van God se kosmiese handelinge tot stand. Die Gees sit God se heilsvoltooiende handelinge voort en maak dit terselfdertyd sigbaar. J. Veenhof, "Der Paraklet" in O.A. Dilschneider, *Theologie des Geistes*, p. 128.

2. A.A. van Ruler, *De vervulling van de Wet*, p. 173.

3. Van Ruler, *Theologisch Werk Deel VI*, p. 19. Vgl. ook G.J. Hoenderdaal, *Geloven in de Heilige Geest*, p. 133 wat 'n pleit voer vir "wisselwerking van pneumatologie en christologie, die elkaar wederzijds omvatten".

4. Van Ruler, *Religie en politiek*, p. 80. In sy proefskrif, *De vervulling van de Wet*, pp. 80, 170, 171 het Van Ruler die gedagtes nader uitgewerk. "Dit 'verwerven' sluit o.a. de noties in van: dragen, brengen, verdienen, mededeelen. Zij heeft al de mérites en al de schaduwzijden van de bekende juridische satisfactieleer, waarmee zij nauw verbonden en verwant is. Maar zij drukt in ieder geval onvergelijkelijk fijnzinnig uit, dat er nergens in de kerk of in de wereld sprake kan zijn van den Geest, of er is een relatie met Christus. Hij is overal en altijd de Geest van Christus. En tegelijkertijd is in deze formule uitgedrukt, dat niet alleen de gave van den Geest gericht is op de gave van de messias, maar dat ook omgekeerd de gave van den messias gericht is op de gave van den Geest. Men kan zonder eenigen twijfel zeggen, dat de Geest gegeven is, opdat de messias door hem geponeerd en door ons gekend zou worden. Maar men kan blijkbaar ook

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

zeggen, dat de messias gegeven is, opdat de Geest door hem voor ons verworven zou worden". *Ibid.*, pp. 170-171. Al het die Gees 'n "relatieve zelfstandigheid" teenoor Christus, bly Hy die Gees wat deur Christus "verworven" is. *Ibid.*, p. 171. Vgl. ook Van Ruler se latere artikel: "De verhouding van christologie en pneumatologie" in *Theologisch Werk Deel VI*, pp. 18-19.

5. Van Ruler, *De vervulling van de Wet*, p. 170.

6. *Idem.*; Van Ruler, *Theologisch Werk Deel VI*, p. 18.

7. H. Berkhof, *De leer van de Heilige Geest*, p. 17 e.v.; Berkhof, *Christelijk Geloof*, p. 341; A. König, *Jesus Christus die Eschatos*, p. 362 e.v.; K. Blaser, *Vorstoss zur Pneumatologie*, p. 23; J.A. Heyns, *Dogmatiek*, pp. 291-292; J. Moltmann, *Trinität und Reich Gottes*, p. 105.

8. J.P. Versteeg, "Christus en de Geest", *Gereformeerd theologisch tijdschrift*, I (1978) 22 e.v.

9. *Idem.*

10. *Ibid.*, 22; Berkhof, *De leer van de Heilige Geest*, p. 19; Berkhof, *Christelijk Geloof*, p. 342.

11. Versteeg, *a.w.*, 23; Berkhof, *De leer van de Heilige Geest*, p. 18; Heyns, *a.w.*, p. 291; J. Reeling, "Jezus en de Geest" in I.B. Horst, A.F. de Jong en D. Visser, *De Geest in het geding*, pp. 239-254.

12. Versteeg, *a.w.*, 23.

13. Berkhof, *De leer van de Heilige Geest*, p. 18; Versteeg, *a.w.*, 23.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

14. Berkhof, *De leer van de Heilige Geest*, p. 18; Versteeg, *a.w.*, 23.

15. Versteeg, *a.w.*, 23.

16. *Ibid.*, 23-24. Vgl. ook Berkhof, *De leer van de Heilige Geest*, p. 18; Berkhof, *Christelijk Geloof*, p. 342.

17. Versteeg, *a.w.*, 23.

18. R. Pesch, *Der Anfang der Apostelgeschichte: Apg. 1, 1-11, Kommentarstudie*, p.11.

19. *Ibid.*, p. 25; C.H. Lindijer, *Handelingen van de Apostelen I*, p.28. Dit is opmerklik dat die Gees afwisselend Belofte of Gawe genoem word in sekere Handelinge-gedeeltes. Voor Pinkster: Hand. 1:4; Pinkster: Hand. 2:33; na Pinkster: Hand. 2:38-39; Samaria: Hand. 8:20; Sesarea: Hand. 10:45. Vgl. Hand. 11:17 en moontlik implisiet: Hand. 19:2. F.D. Bruner, *A Theology of the Holy Spirit*, p.157.

20. Versteeg, *Christus en de Geest*, pp. 359, 390; E. Jüngel, "Zur Lehre vom heiligen Geist" in U. Luz en H. Weder, *Die Mitte des Neuen Testaments*, p. 102.

21. Vir 'n oorsig oor die Joodse fees van die weke, vgl. A.H. van Zyl, *Gods Woord in mensetaal I*, pp. 209-210; Van Ruler, *De vervulling van de Wet*, pp. 150-152; B. Noack, "The Day Pentecost in Jubliees, Qumran and Acts", *Annual of the Swedish Theological Institute I*, (1962) 73-95; G.T. Montague, *The Holy Spirit: Growth of a Biblical Tradition*, p. 274 e.v.; S. Aalen, "Pfingster" in B. Reicke en L. Rost, *Biblisch-Historisches Handwörterbuch III*, pp. 1440-1441; A. Weiser, "pentēkostē fünfzigster (Tag), Pfingstfest"

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

in H. Balz en G. Schneider, *Exegetisches Wörterbuch zum Neuen Testament Band III 1/2*, pp. 165-166; Heyns, *a.w.*, p. 295; J.D. Collins, "Discovering the Meaning of Pentecost", *Scripture*, 20 (1968) 73-79; E. Kutsch en H-D. Wendland, Feste und Feiern II. In Israel III. Im Urchristentum in *Die Religion in Geschichte und Gegenwart II*, pp. 910-919; E. Lohse, "Pentēkostē" in *Theologisches Wörterbuch zum Neuen Testament VI*, pp. 44-53; C.H. Lindijer, *a.w.*, p. 52; J. Roloff, *Die Apostelgeschichte*, p. 40; G.Schneider, *Die Apostelgeschichte 1. Teil Einleitung*, p. 248; G. Stählin, *Die Apostelgeschichte*, pp. 31-32; G. Schille, *Die Apostelgeschichte*, pp. 93-94; F.W. Grosheide, *De Handelingen der Apostelen I. Hoofdstukken 1-14*, p. 46.

Op die vraag of die Sinaï-tradisie óók op die Pinkstergebeure inspeel, word verskillend geoordeel. Dit is veral nuwere kommentare op Handelinge wat 'n sterk saak daarvoor uitmaak dat die verbinding van die Pinksterfees met die Sinaï-wetgewing eers na 70 n.C. plaasgevind het, hoewel aanleidinge tot dié verbinding reeds in o.a. 1QS18-II 18 en Jubileë 6, 17-22 voorgekom het. Só Roloff, *a.w.*, p.40. Vgl. Schneider *a.w.*, p. 248; Stählin, *a.w.*, pp. 31-32; Schille, *a.w.*, pp. 93-94; Weiser, *a.w.*, p.166; J.L. de Villiers, *Die Handelinge van die Apostels I*, p. 42. J.D.G. Dunn reken dat dit *waarskynlik* is dat die Pinksterfees reeds in Jesus se tyd as die feestelike herdenking van die Sinaï-wetgewing gevier is. *Baptism in the Holy Spirit*, pp. 48-49 en *Jesus and the Spirit*, p. 140. Dunn verwys na Philo, Decal. 32-5, 44:46 e.v.; Spec. Leg. II 189, Eksodus Rabbah 28.6, Tanhuma op Eks. 4:27. *Jesus and the Spirit*, n. 18, p. 395. Hy kom egter tot die slotsom dat aanduidings dat Lukas deur die Sinaï-tradisie beïnvloed is, ontbreek. *Jesus and the Spirit*, pp. 141, 148, n. 22, p. 395.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

Lindijer oordeel dat dit *moontlik* is dat Lukas in die beskrywing van die gebeure op Pinksterfees aan die Sinaï-wetgewing gedink het en sekere aspekte daarvan op sy vertelling laat inwerk het. Hy verwys o.a. op die eenstemmigheid van die volk by sowel Sinaï (Eks. 19:8) as by die Pinksterfees (Hand. 2:1). Philo het in sy vertelling van die wetgewing melding gemaak van die geluid, die vuur en vlam wat in 'n taal sou verander. In 'n latere Rabbynse oorlewering is daar ook gewag gemaak van God se stem wat by Sinaï in sewentig stemme of tale verdeel het sodat alle volke dit kon hoor. Die geluid, die vuur wat in tonge verdeel en die hoor in elkeen se eie taal, speel ook in Hand. 2 'n beslissende rol. *A.w.*, p. 53. Vgl. Montague, *a.w.*, pp. 275, 277.

Berkhof verklaar eksplisiet dat die Pinksterfees in Lukas se tyd ook opgevat is as die Sinaï-fees, vyftig dae na die uittog uit Egipte. *Christelijk Geloof*, p. 340. Al is die Joodse tradisie rondom die Sinaï-gebeure volgens Haenchen eers in die middel van die tweede eeu aanwysbaar, "so ist doch zweifellos vorher schon das einstige Fest der Getreideernte umgedeutet worden zum Fest der Gesetzgebung". E. Haenchen, *Die Apostelgeschichte*, p. 138. Heyns lê klem op die twee fasette van die Joodse Pinksterfees (Lev. 23:15-21). Wat die eerste aspek betref: "vyftig dae (pentakoste) ná die eerste pasga het die wetgewing op Sinaï plaasgevind toe God met en in sy wet onder sy volk gaan woon het" *A.w.*, p.295. Dié formulering is vir misverstand vatbaar. In die Ou Testament is God nooit met sy Wet geïdentifiseer nie. Hy bly steeds die Wetgewer. God is altyd méér as sy Wet. Sy Wet is sy greep na sy volk en daarom is Hy nooit in die greep van sy Wet nie. Die tweede aspek waarop Heyns wys, is die Joodse Pinksterfees as 'n natuur- of oesfees. Vanuit dié gedagtegang versmelt hy die twee

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

aspekte as hy die simboliek ten opsigte van Pinkster soos volg uitwerk: "die Gees kom as 'n nuwe lewenswet in die hart van die mens om hom met die lewensbrood te versadig". *A.w.*, p. 295. Die vraag is egter of die oesfees nie meer in die rigting van die Pneumatiese oesinsameling en toewyding aan God verstaan moet word nie.

Selfs al sou 'n eksplisiete verband tussen die Sinaï-wetgewing en die Pinksterfees nie gelê kan word nie, kan 'n implisiete betrokkenheid nouliks ontken word. Dié gedagte sal nader by die teofanie-tekens van die wind en die vuur uitgewerk word.

22. Daarom kan Weiser met reg na die aanbreek van die Pinksterdag van 'n heilshistoriese vervulling praat. *A.w.*, p.166.

23. Tereg sê Versteeg: "Aan het 'reeds' van het heil beantwoordt daarom altijd het 'nog niet'". "*Christus en de Geest*", *Gereformeerd theologisch tijdschrift*, I (1978) 24; F. Hahn, "Das biblische Verständnis des Heiligen Geistes. Soteriologische Funktion und 'Personalität' des Heiligen Geistes" in C. Heitmann en H. Mühlen, *Erfahrung und Theologie des Heiligen Geistes*, p. 139.

24. Pinkster is méér as net "a sign of the endtime". Só Montague, *a.w.*, p. 285. Die toekoms breek nou reeds in die hede deur om die hede na die voltooiing te laat reik.

25. Van Ruler het reeds daarop gewys dat die Gawe van die Heilige Gees "een eschatologisch karakter draagt". *De vervulling van de Wet*, p. 134. Met reg het Weber opgemerk: "Der Geist ist *eschatologische* Gabe, in dem er zugleich die *Freiheit* wirkt, die in Jesus

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

Christus aufgerichtet ist ". O. Weber, *Grundlagen der Dogmatik I*, p. 426. Vgl. ook H. Ridderbos, *Paulus. Ontwerp van zijn theologie*, p. 89. Die indruk mag nie bestaan dat "die laaste dae" eers met die Heilige Gees se koms vervul is nie. "Die laaste dae" is Christologies-eskatologies reeds met Jesus Christus se inkarnasie vervul. Vgl. hieroor König, *a.w.*, p. 144 e.v. Daarom kan Berkhof se standpunt dat "die laaste dae" vanuit Christus se opstanding besien moet word, nie die Nuwe Testamentiese toets deurstaan nie. *De leer van de Heilige Geest*, p. 116.

26. Stählin, *a.w.*, p. 42; Schille, *a.w.*, p. 107.

27. P.F. Theron, *Die ekklesia as kosmies-eskatologiese teken*, p. 66; W. Pannenberg, *Grundfragen Systematischer Theologie. Gesammelte Aufsätze Band 2*, n. 131, p. 55; Heyns, *a.w.*, p. 295.

28. C. Houtman, *De hemel in het Oude Testament*, p. 245.

29. Dit gaan nie om glossolalie soos dit bv. in die Korintiese gemeente voorgekom het nie. Schille, *a.w.*, pp. 95-96 dink aan die verskynsel van glossolalie. Vgl. ook Roloff, *a.w.*, p. 42. Dit gaan hier om 'n *spreek- en hoorwonder*. Grosheide, *a.w.*, p. 62; L. Floor, *Hy wat met die Heilige Gees doop*, p. 34; A. Kuen, *Der Heilige Geist*, p. 99. Heyns dink ook aan 'n spreek- en hoorwonder, hoewel hy aan die spreekwonder voorkeur gee. *A.w.*, p. 295.

30. Lindijer, *a.w.*, pp. 54-55; Schneider, *a.w.*, p. 250. Roloff praat van 'n Gees gewerkte glossolalie wat vir die hoorders verstaanbaar is as profetiese Godslof (Hand. 2:11,18, vgl. 10:46). *A.w.*, p. 42. Die klem op die eie tale waarin die Godslof gehoor is, mag nie verbygekyk word nie (Hand. 2:11). Die groot dinge

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

wat God gedoen het, is Nuwe Testamenties gesien Christologies-Pneumaties van aard.

31. Die werkwoord ekcheō dui op die koms van die Goddelike Gawe. F.G. Untergassmair, "ekcheō ausgiessen" in H. Balz en G. Schneider, *Exegetisches Wörterbuch zum Neuen Testament Band I 9*, p. 1034.

32. In die Joël-teks gaan dit om die hele volk van Israel. Vir 'n oorsig oor die teks, vgl. hoofstuk 2, paragraaf 2.3. Die Joël-sitaat in Petrus se toespraak sluit onder "alle mense" selfs (veral!) die heidene in! Lindijer, *a.w.*, p. 61; Roloff, *a.w.*, p. 53. Die dienaars en dienaresse dui nie soos in Joël op mense uit die slawestand nie. Die terme het in Handelinge 'n godsdienstige betekenis. Dit gaan hier om *God* se dienaars en dienaresse. Schneider, *a.w.*, p. 268; Stählin, *a.w.*, p.43.

33. Grosheide, *a.w.*, p. 70.

34. Versteeg, "Christus en de Geest", *Gereformeerd theologisch tijdschrift*, I (1978) 24. Versteeg lê klem op "de in het Oude Testament in het vooruitzicht gestelde heilstijd". Dié formulering swak die *werklikheid van die heilstyd* in die Ou Testament wat na die aanbreek van die Messiaanse heilstyd voorstu, af.

35. W.D. Jonker, *Die Gees van Christus*, p. 129.

36. Versteeg, *Christus en de Geest*, p. 362; Versteeg, "Christus en de Geest", *Gereformeerd theologisch tijdschrift*, I (1978) 24; Jonker, *a.w.*, p. 129.

37. Versteeg, "Christus en de Geest", *Gereformeerd theologisch tijdschrift*, I (1978) 25.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

38. *Ibid.*, 24; Versteeg, *Christus en de Geest*, p. 381 e.v.; Jonker, *a.w.*, p.129.

39. H. Schlier, "Die Friede nach dem Apostel Paulus" in *Der Geist und die Kirche*, p. 123.

40. Versteeg, *Christus en de Geest*, p. 362; U. Wilckens, *Der Brief an die Römer Band VI/2*, p. 131; Newman en Nida, *A translator's handbook on Paul's letter to the Romans*, p. 150.

41. Versteeg, *Christus en de Geest*, p. 362; Newman en Nida, *a.w.*, p. 150; *Ridderbos*, Romeinen, p. 176; Jonker, *Die Brief aan die Romeine*, p. 115.

42. "*Wahrscheinlich* ist $v9^b$ ursprünglich eine Scheideformel, die in der Gemeinde eine ähnliche Bedeutung hat wie 1 Kor. 16,22; Did. 10,6". O. Michel, *Der Brief an die Römer*, p. 192. My kursivering. Versteeg het Michel se uitspraak moontlik nie goed gelees as hy die waarskynlik nie by Michel raakgesien het nie. Hy reken self dat die "Scheideformel" "niet onmogelijk" is. Versteeg, *Christus en de Geest*, p. 361. E. Käsemann ag dit egter twyfelagtig. *An die Römer*, p. 215. Volgens hom is die sinsstruktuur volgens die heilige reg gevorm om die gesag van die apostel te bevestig. *Idem*.

43. Versteeg, *Christus en de Geest*, p. 361; W. Sanday en A. Headlam, *A critical and exegetical commentary on the epistle to the Romans*, p. 197.

44. A.B. du Toit, "Die formule en pneumati by Paulus", *Neotestamentica*, 3 (1969) 56.

45. *Ibid.*; Ridderbos, *a.w.*, p. 242; L. Goppelt, *Theologie des Neuen Testaments*, p. 452.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

46. Käsemann, *a.w.*, p. 216.

47. Na Christos en hēmin kan oikeî gelees word. Wilckens, *a.w.*, n. 540, p. 132.

48. Versteeg, *Christus en de Geest*, p. 367.

49. Berkhof, *De leer van de Heilige Geest*, p. 24.

50. Vgl. die voorbeelde wat Berkhof noem: *Ibid.*, n. 11, p.26.

51. Berkhof verwys ook na die spreke van die opgestane Christus in die briewe aan die sewe gemeentes in Klein-Asië wat telkens met 'n Pneumatiese segging verseël word. *Ibid.*, p. 26.

52. *Idem.* My kursivering. Berkhof herbevestig sy standpunt in sy *Christelijk Geloof*, p. 342.

53. Berkhof, *De leer van de Heilige Geest*, p. 26.

54. *Ibid.*, pp. 26-27. My kursivering.

55. Die voorafgaande eksegetiese oorsig oor Rom. 8:9-10 bied hoegenaamd geen steun aan Berkhof se standpunt nie.

56. I. Hermann, *Kyrios und Pneuma. Studien zur Christologie der paulinischen Hauptbriefe*, p. 140.

57. *Idem.*

58. *Ibid.*, p.141.

59. *Ibid.*, p. 57.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

60. A. Richardson, *An Introduction to the Theology of the New Testament*, p. 104.

61. Berkhof, *De leer van de Heilige Geest*, p. 27.

62. *Ibid.*, p. 28.

63. *Idem.*

64. Rom. 8:11 en 6:4. Hy verwys ook na Hand. 2 waar die opgestane Christus die middelpunt van die Petrusrede is en hoe "dit wat julle sien en hoor" toegeskryf word aan die verhoging van Christus deur God se regterhand.

65. Dit is 'n aanhaling van Käsemann. Berkhof, *De leer van de Heilige Geest*, p. 28.

66. Berkhof, *De leer van de Heilige Geest*, pp. 28-29. My kursivering. Die kritiese vraag aan Berkhof is of Jesus Christus eers deur sy opstanding 'n Persoon in aksie geword het. Was Hy dan nie altyd (van ewigheid af) 'n Persoon in aksie nie?

67. *Ibid.*, p. 29.

68. *Idem.* My kursivering.

69. *Ibid.*, p. 30.

70. *Idem.*

71. Berkhof, *Christelijk Geloof*, p. 342. My kursivering. Berkhof verwys na Luk. 24:49, Joh. 14:16, 15:26, 16:7,13,26, 20:21-23, Rom. 8:9,11, 2 Kor. 3:17b, 2 Kor. 13:13, Gal. 4:6, Fil. 1:19, Op. 22:17 om die eerste lyn aan te wys. Op die tweede lyn beweeg

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

woorde soos: Matt. 28:20, Joh. 14:18, 1 Kor. 6:17, 15:48, 2 Kor. 3:17a. Berkhof verwys ook na die briewe aan die sewe gemeentes (Op. 1-3). *Christelijk Geloof*, p. 343.

72. *Ibid.*, p. 343.

73. *Idem.*

74. Berkhof, *De leer van de Heilige Geest*, p. 32.

75. Berkhof, *Christelijk Geloof*, p. 343.

76. *Ibid.*, pp. 343-344.

77. König, *Jesus die Laaste*, p. 185.

78. Nadat Versteeg 'n sorgvuldige uitleg van 2 Kor. 3:17a onderneem het, kom hy tot die volgende slotsom: "In deze duidelijk eschatologische kontekst wordt door Paulus over het Pneuma gesproken. Ook met betrekking tot 2 Kor. 3 is dus de konklusie gewettigd, dat het Pneuma-begrip zich het scherpst laat bepalen en vullen, wanneer het Pneuma als gave van de eindtijd verstaan wordt. In deze eschatologische kontekst moet ook het spreken over de eenheid van Kurios en Pneuma verstaan worden. Kurios en Pneuma behoren beiden tot het eschaton. Het is het êne eschaton, dat in (de verhoogde) Christus als Kurios gerealiseerd is en door de Geest in de gemeente gerealiseerd wordt." *Christus en de Geest*, pp. 336-337. Vir 'n uitleg van die teksgedeelte in 2 Kor. 3, vgl. *ibid.*, pp. 220-337. Versteeg vind navolging vir sy uitleg by J.L. de Villiers, "2 Kor. 3:17a. Die Here is die Gees" in P.A. Verhoef, D.W. de Villiers en J.L. de Villiers, *Sol iustitiae*, pp. 40-59. De Villiers kom tot die volgende slotsom: "Paulus maak hier geen

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

dogmatiese uitspraak oor die verhouding Kurios-Pneuma nie, maar snoer hulle op 'n besondere wyse saam in die nuwe verbond sonder om hulle in ontologiese sin aan mekaar gelyk te stel of in dinamiese sin op een of ander wyse in mekaar te laat opgaan". *Ibid.*, p. 58. Vorster volg 'n ander weg in die uitleg van die teksgedeelte. Paulus maak gebruik van 'n eksegetiese metode wat die skrywers van Qumran gebruik het. Volgens dié metode maak Paulus 'n "aanhaling" uit Eks. 34:34. Hy neem dan 'n begrip uit die "aanhaling" om dit te verduidelik. Die *Kurios* van 2 Kor. 3:16 is volgens Paulus se interpretasie *to pneuma*. Die Kurios in 2 Kor. 3:17 is dus die Kurios uit 2 Kor. 3:16 wat Paulus wil duidelik maak. Die *estin* is in die uitspraak 'n eksegetiese opmerking wat geen ontologiese oordeel inhou nie. Vgl. volledig W.S. Vorster, "2 Kor. 3:17: Eksegese en Toeligting", *Neotestamentica*, 3 (1969) 37-42. *Die nuwe Afrikaanse vertaling* vertaal 2 Kor. 3:17 ook in dié lig: *"Die Here" beteken hier "die Gees".*

79. Dit bring weinig opheldering as Berkhof te kenne gee dat die woord "funksie" in die verband te swak is, omdat dit gaan om Christus se "binnentreden in ons in een speciale zijnswijze, de wijze der immanentie, waarbij hij niettemin niet ophoudt transcendent te blijven as de verheerlijkte Heer". *De leer van de Heilige Geest*, p. 31. Berkhof bind die Gees so eksklusief aan Christus dat die "eie" van Christus en die Heilige Gees nie tot sy reg kan kom nie.

80. Berkhof, *Christelijk Geloof*, p. 344.

81. *Idem.*

82. *Idem.*

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

83. Dunn, *Jesus and the Spirit*, p. 318.

84. *Ibid.*, p. 319.

85. *Ibid.*, p. 320.

86. *Idem.*

87. *Idem.*

88. *Ibid.*, p. 322.

89. *Ibid.*, pp. 322-323.

90. *Ibid.*, p. 323.

91. *Idem.*

92. *Ibid.*, p. 324.

93. *Idem.*

94. *Ibid.*, pp. 324-325.

95. *Ibid.*, p. 325.

96. *Idem.* Rom. 1:3 e.v. kan onmoontlik as 'n bewys vir Dunn se stelling dien. Vgl. die eksegese van die teksgedeelte in hoofstuk 3.

97. *Idem.*

98. *Idem.*

99. *Idem.*

100. *Idem.*

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

101. *Idem.*

102. *Idem.*

103. *Idem.*

104. Vgl. hoostuk 2 volledig.

105. Barth, *Kirchliche Dogmatik I/1*, p. 374 e.v.

106. *Ibid.*, pp. 404-410, 419-435, 470-489.

107. *Ibid.*, p. 475. My kursivering.

108. Barth, *Kirchliche Dogmatik I/2*, p. 248-249.

109. Barth, *Kirchliche Dogmatik IV/1*, pp. 832-833.

110. *Ibid.*, p. 834.

111. *Idem.*

112. *Ibid.*, p. 835.

113. *Ibid.*, pp. 835-836.

114. *Ibid.*, p. 836.

115. Barth, *Kirchliche Dogmatik IV/3*, p. 341. My kursivering.

116. Barth, *Kirchliche Dogmatik IV/2*, p. 338.

117. *Ibid.*, p. 339.

118. *Ibid.*, p. 341.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

119. *Ibid.*, p. 361. My kursivering.

120. König, *Jesus Christus die Eschatos*, p. 178 e.v.

121. *Ibid.*, p. 188.

122. König, *Jesus die Laaste*, p. 179. Vgl. ook König, *Jesus Christus die Eschatos*, pp. 361-376.

123. König, *Jesus die Laaste*, p. 179.

124. *Ibid.*, p. 180. Vgl. König, *Jesus Christus die Eschatos*, p. 361. König dink kennelik vanuit die Nuwe Testament oor die Gees. Daarom gebruik hy die teminologiese uitdrukking: *Heilige Gees*. Die profete (met die uitsondering van Jes. 63:10,11) het egter van die *rûah* gepraat. Die blikrigting van die Pneumatologie maak nogal 'n aanmerklike verskil in die keuse van begrippe! Vgl. volledig hoofstuk 2.

125. König, *Jesus Christus die Eschatos*, p. 363. Dit beteken nie dat die Vader die Gees nie ook gestuur het nie.

126. König, *Jesus die Laaste*, p. 182. Vgl. König, *Jesus Christus die Eschatos*, p. 364.

127. König, *Jesus Christus die Eschatos*, p. 365.

128. König, *Jesus Christus die Laaste*, p. 184.

129. *Idem*.

130. König, *Jesus Christus die Eschatos*, p. 369. Vgl. König, *Jesus die Laaste*, p. 184.

131. König, *Jesus Christus die Eschatos*, pp. 369-372 en König, *Jesus die Laaste*, pp. 184-185.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

132. König, *Jesus Christus die Eschatos*, p. 372;

133. König, *Jesus Christus die Eschatos*, p. 372; König, *Jesus die Laaste*, p. 185.

134. König, *Jesus Christus die Eschatos*, p. 372. My kursivering.

135. *Ibid.*, pp. 372-373. Daar moet daarop gelet word dat die Gees hier die SubjeK van die handeling is.

136. König, *Jesus die Laaste*, p. 186. Dié formulering geskied op voetspoor van Weber, *Grundlagen der Dogmatik II*, p. 155.

137. König, *Jesus Christus die Eschatos*, p. 373.

138. Berkhof, *De leer van de Heilige Geest*, p. 24.

139. König, *Jesus die Laaste*, p. 186.

140. *Idem*.

141. *Idem*.; vgl. Barth, *Kirchliche Dogmatik IV/2*, pp.145-146.

142. König, *Jesus Christus die Eschatos*, p. 374;

143. Jonker, *Die Gees van Christus*, p. 133.

144. Van Ruler, *Reformatorische opmerkingen in de ontmoeting met Rome*, p. 207.

145. Van Ruler, *Theologisch Werk Deel I*, p. 176.

146. Vgl. dit wat verder in hoofstuk 4 uitgewerk word.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

147. Jonker, *Die Gees van Christus*, p. 132. My kursivering.

148. *Ibid.*, p. 133.

149. Van Ruler, *Theologisch Werk Deel V*, p. 203. Vgl. ook *Theologisch Werk Deel VI*, p. 9; *Theologisch Werk Deel III*, p. 117.

150. Van Ruler, *Theologisch Werk Deel III*, p. 49; Van Ruler, *Reformatorische opmerkingen in de ontmoeting met Rome*, p. 98.

151. Van Ruler, *Reformatorische opmerkingen in de ontmoeting met Rome*, pp. 207, 66-67.

152. Jonker, *Die Gees van Christus*, p. 132. Hoenderdaal, *a.w.*, p. 125, lê ook daarop klem dat die Gees naas Christus sy eie funksies het.

153. Van Ruler, *De vervulling van de Wet*, p. 165.

154. Van Ruler, *Theologisch Werk Deel III*, p. 46.

155. Van Ruler, *Theologisch Werk Deel I*, p. 176.

156. *Idem.*

157. Van Ruler, *Reformatorische opmerkingen in de ontmoeting met Rome*, p. 98.

158. Van Ruler, *Theologisch Werk Deel I*, p. 176.

159. Van Ruler, *Theologisch Werk Deel I*, p. 176. Vgl. ook pp. 177-190.

160. Jonker, *Die Gees van Christus*, p. 133.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

161. Van Ruler wys op die *meer-omvattendheid* van die Gawe van die Gees in vergelyking met dié van die Messias. *De vervulling van de Wet*, p. 165. Hy werk die meer-omvattend nader uit: "De leer van den Heiligen Geest omvat, zoodra zij zuiver en naar alle kanten wordt uitgewerkt, de gansche gekerstende en te kerstenen existentie". *De vervulling van de Wet*, p. 127. Van Ruler skryf op 'n ander plek: "Ik denk aan de geschiedenis, gelijk zij zich uitbreidt rondom het offer van den Christus. Ik denk aan het Oude Verbond en de christelijke eeuwen. Een christelijke cultuur, geborduurd op het stramien van de dualiteit van de kerk en den staat, is, als gestalte van het koninkrijk Gods verstaan, toch zonder eenigen twijfel werk van den Heiligen Geest te noemen". *De vervulling van de Wet*, p. 80. Dit bly egter 'n vraag of 'n mens so maklik en veralgemenend, soos Van Ruler, van die Christelike kultuur kan praat.

Wat onder die meer-omvattende werk van die Gees verstaan word, sal verder in die studie aan die bot kom.

162. Hahn wys op drie motiewe uit die Ou Testament-Joodse tradisie wat op Pinksterdag inspeel:

i. die magtige bruising
ii. die vuurtonge
iii. die inbeslagname van mense deur die Gees, *a.w.*, p.138.

Dunn wys daarop dat wind en vuur ook tipiese teofanie-beskrywings binne die Joodse tradisie was. *Jesus and the Spirit*, p. 147. Vgl. Schille, *a.w.*, p. 94; Roloff, *a.w.*, p.41. Die voorstelling van die Gees as 'n duif, wind of vlam het ook in die apokaliptiese beeldspraak voorgekom. N. Frye, *The Great Code*, p. 166.

University of Pretoria etd – Vos C J A 1984

